# GELOOFSVORMING VANUIT 'N FAMILIALE PERSPEKTIEF

deur

Hester Johanna Veldsman

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(JEUGWERK-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR CH THESNAAR

MEDESTUDIELEIER: REV MJ MANALA

30 November 2005

**Verklaring:**

Ek verklaar hiermee dat “Geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief” my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

……………………… ……………………..

Handtekening Datum

(Mej HJ Veldsman)

## Bedankings

Ek wil eerstens net vir my studie-leier en vriend, Christo Thesnaar baie dankie sê. Christo, baie dankie vir al jou ondersteuning, moed inpraat en jou altyd glo in my.

Aan my drie wonderlike kollegas by Moedergemeente, Albertus, Willem en Johan – sonder julle as my "cheering on team" sou ek nie hierdie verhandeling kon klaarkry nie.

Aan Cornie Pretorius van NG Kerk Blanco, saam met al die Graad Elf's en ouers van Moedergemeente en Blanco-gemeente wat deelgeneem het aan die fokusgroepe – baie dankie vir julle tyd en entoesiasme.

Baie dankie ook aan elkeen by die familie-navorsingsgroep van BUVTON – dis saam met julle dat die woord, familie, vir my nuwe betekenis gekry het.

Aan al my wonderlike familie en vriende – dis 'n voorreg om julle in my lewe te kan hê. Dankie vir julle liefde, daarwees en omgee, deur al die koffies, ete-uitnodigings, telefoongesprekke, sms'se, e-mails en gebede.

# Faith formation out of a family perspective

By HJ Veldsman

Degree: M.Diac in Youthwork

Promotor: Dr CH Thesnaar

Co-promotor: Rev MJ Manala

## Summary

The researcher proposes working toward a more integrated approach of faith formation in the local church – where one's immediate family plays the central role and the congregation as the extended family functions as a support system.

The church as family becomes a community where faith formation is continually nurtured as a lifelong process and by means of *all* the ministries of the church. The conscious furthering of faith formation should, therefore, not be confined to the ambit of the Sunday School. Its target group cannot be limited to children and adolescents, but should be be broadened to include the adult members, thus serving the totality of the congregation.

The researcher proposes an approach where the different generations are not separated in the process of faith formation, but become an integrated learning community where all the different age groups and generations learn from each other and with each other.

**Key concepts**

Faith formation

Family

Family perspective

Extended family

Nurtured

Ministries

Sunday School

Children

Adolescents

Adults

Generations

Integrated

Learning community

# Geloofsvorming vanuit 'n familale perspektief

Deur HJ Veldsman

Graad:  M.Diac. Jeugwerk

Studieleier:  Dr CH Thesnaar

Mede-studieleier: Rev MJ Manala

***Opsomming***

Die navorser stel 'n meer geïntegreerde benadering tot geloofsvorming binne die plaaslike gemeente voor – waar die gesin of familie die sentrale rol speel en die gemeente as geloofsfamilie as 'n ondersteunende sisteem funksioneer.

Die gemeente as familie word 'n leergemeenskap waar geloofsvorming 'n lewenslange proses is en plaasvind binne al die bedienings van die gemeente.  Die navorser stel voor dat geloofsvorming nie net beperk moet word tot die tradisionele kategese of "Sondagskool" wat grootliks gerig is op kinders en adolessente nie, maar verbreed moet word om alle gelowiges van alle ouderdomme in te sluit en so die gemeente as geloofsfamilie te dien.

Die navorser stel 'n benadering voor waar die verskillende generasies nie van mekaar geskei word in die proses van geloofsvorming nie, maar 'n geïntegreerde leergemeenskap vorm waar al die verskillende ouderdomsgroepe en generasies saam met mekaar, asook by mekaar kan leer.

**Sleutelkonsepte**

Geïntegreerde benadering

Geloofsvorming

Familie

Geloofsfamilie

Leergemeenskap

Bedienings

Sondagskool

Kinders

Adolessente

Generasies

# Inhoudsopgawe

Bladsy

**HOOFSTUK 1: Inleiding en terreinverkenning**

| | | |
|---|---|---|
| | Inleiding | 1 |
| 1.1. | Probleemstelling | 3 |
| 1.2. | Navorsingsdoel | 4 |
| 1.3. | Betekenis vir die Praktiese Teologie | 5 |
| 1.4. | Navorsingsmetodologie | 9 |
| 1.5. | Hoofstuk indeling | 10 |
| 1.6. | Sleutelkonsepte | 11 |

**HOOFSTUK 2: Die historiese oorsig van kategese in die Ned. Geref. Kerk** 14

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Inleiding | 14 |
| 2.2. | ‘n Historiese oorsig van die ontwikkeling van “geloofsopvoeding” of kategese binne die Joodse en christelike tradisie | 15 |
| 2.2.1. | Begripsomskrywing | 15 |
| 2.2.2. | Die Joodse Leertradisie | 16 |
| 2.2.3. | Die kategumenaat | 22 |
| 2.2.4. | Die eerste paar eeue na Chrsitus | 23 |
| 2.2.5. | Die Middeleeue | 23 |
| 2.2.6. | Die Reformasie | 23 |
| 2.2.7. | Vanaf die volksplanting in Suid-Afrika | 25 |
| 2.2.8. | Selfstandige ontwikkeling | 25 |
| 2.2.9. | ‘n Eie sinode vir die kerk in Suid-Afrika | 26 |
| 2.2.10. | Die eerste sondagskole in Suid-Afrika | 26 |
| 2.2.11. | Christelike verenigings | 27 |
| 2.2.12. | ‘n Proses van lewenslange leer | 28 |

2.2.13. Die gebruik van Kindernagmaal 31

2.3. Geïsoleerde onderrig aan kinders en adolessente – ‘n groot dilemma 34
2.4. Die grondbeginsels van kategese 37

(a) Die ouerhuis 37
(b) Die gemeente as geloofsgemeenskap 41

2.5. Wat sê die Kerkorde? 42

**HOOFSTUK 3: Geloofsvorming binne ‘n gemeente wat familiaal funksioneer** 47

3.1. Inleiding 47
3.2. ‘n Omskrywing van die begrip, “familiale perspektief” 50
3.3. Die plek en rol van die kind in die Bybelse tyd 52

3.3.1. Kinders in die Grieks-Romeinse tyd 52
3.3.2. Kinders in die Evangelies 53
3.3.3. Kinders in die Sendbriewe 54
3.3.4. Die plek van kinders in God se kommunikatiewe handelinge met mense deur die eeue 54

3.4. Wat is ‘n Bybels-Teologiese gemeentevisie? 57

3.4.1. Hoekom visie so belangrik is 57
3.4.2. Hoe lyk die inhoud van ‘n Teologiese gemeentevisie? 58

3.5. Wat word bedoel met die bediening van die kerk? 64

3.5.1. Die vier dienste/bedienings van die kerk 65

3.6. Omskrywing van die begrip, geloofsvorming 70
3.7. Plekvinding van geloofsvorming binne die bedienings van die gemeente 72
3.8. Geloofsvorming binne die gemeente as geloofsfamilie 75

3.8.1. Faktore wat van ‘n gemeente ‘n familie maak 79

3.9. Die rol van die familie in geloofsvorming 84

3.9.1. Omskrywing van die begrip, familie 84
3.9.2. Die vergete rol van ouers 85
3.9.3. Wees Evangelie-georiënteerde ouers 87
3.9.4. Die kommunikering van morele waardes 87
3.9.5. Betrokkenheid by diensaksies 88
3.9.6. Die deel van geloof by die huis 89
3.9.7. Geloofsgesprekke 91
3.9.8. Familie stiltetyd en aanbidding 91
3.9.9. Die bevordering van Christelike onderrig vir die familie 93

3.10. Modelle van geloofsvorming binne ‘n familiale perspektief 94

3.10.1. ”Generations of faith”-benadering 95
3.10.2. “Generations in Faith Together” 102

3.11. Samevatting 105

**HOOFSTUK 4: Empiriese navorsing en bevindinge** 107

4.1. Inleiding 107
4.2. Definiëring van fokusgroepe 108
4.3. Motivering vir die gebruik van fokusgroepe 108

4.3.1. Die doel van fokusgroepe 109
4.3.2. Die voor- en nadele van fokusgroepe 110

4.4. Vier stappe in die gebruik van fokusgroepe as navorsingsmetode 113
4.4.1. Beplanning 114
4.4.2. Werwing en toestemming 120
4.4.3. Fasilitering van fokusgroepe 122
4.4.4. Interpretering van die fokusgroepresultate 128

4.5. Bespreking en interpretering van beide groepe se bevindinge met betrekking tot geloofsvorming 138
4.6. Samevatting 147

**HOOFSTUK 5: Aanbevelings en samevatting** 150

5.1. Navorsingskonklusie en bevindinge 150

5.1.1. Geloofsvorming is 'n voortgaande proses 150

5.1.2. Gelowige ouers en familie in kinders se geloofsvorming 151

5.1.3. Die rol van die breë geloofsfamilie in kinders se geloofsvorming 153

5.1.4. Die rol van kerklike kinder- en jeugaksies 154

5.1.5. Die rol van kleingroepe, byvoorbeeld selgroepe en Bybelstudiegroepe 155

5.1.6. Kinders en adolessente as 'subjek'-mede-bedienaars 155

5.1.7. Ouers as een van die belangrikste rolspelers in adolessente se geloofsvorming 156

5.1.8. Geloofsvorming beperk tot amptelike leergeleenthede 157

5.1.9. Ouers se voorbeeld en uitleef van konsekwente Christelike

waardes en geloof 157
5.1.10. Die kerk as ’n ruimte waar adolessente welkom voel en aanvaar word 158

5.1.11. Die behoefte aan ondersteuning, begeleiding en belangstelling van die kerk teenoor families 159

5.1.12. Die verskillende generasies binne die geloofsfamilie het mekaar nodig in hul proses van geloofsvorming 159

5.2. Aanbevelings 160
5.3. Verdere studie 163
5.4. Samevatting 164

Bronnelys 165

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING EN TERREINVERKENNING**

## Inleiding

Bijlsma (1962:7) het die volgende reeds in 1962 geskryf: " De catechese is naar haar aard en wezen gericht op het *onderricht* van de christelijke *gemeente.* Daarby gaat de aandacht in het bijzonder uit naar de jongeren… Toch is het onjuist de catechese uitsluitend tot de jeugd te beperken. Ook wanneer ouderen aan het kerkelijk onderricht deelnemen, is het voluit catechese."

Die kerk se spesifieke bemoeienis met kinders en adolessente, het eintlik eers sy ontstaan gehad na die industriële revolusie in die negentiende eeu. Voor daardie tyd was die gemeente 'n familie-organisasie met baie min aktiwiteite vir spesifieke ouderdomsgroepe (Corbett&Johnson 1972:3). Terblanche (1966:6) skryf dat daar vir ten minste die eerste twee eeue na "volksplanting" glad nie eintlik sprake was van enige vorm van "jeugsorg" in die kerk nie. Kinders en adolessente het geen spesiale bediening ontvang nie en is as deel van die gemeente-bediening gesien en hanteer. Volgens De Villiers (1957:41) het die Sondagskool aanvanklik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ned. Geref. Kerk) ontstaan as die kerk se formele onderrig van kinders en adolessente wat verwaarloos was en van die kerk verval het. Jeugwerk, aan die anderkant, het ontwikkel as die kerk se meer informele bemoeienis met die jeug, dit wil sê, waar daar nie net formele onderrig plaasgevind het wat grootliks gefokus het op kennisoordrag nie, maar meer gefokus is op die praktiese inoefening van dit wat formeel geleer is tydens die Sondagskool (Nel 2001:51-55). Van die begin af was daar dus reeds 'n sekere mate van kompartementalisasie in die kerk se betrokkenheid met kinders en adolessente. Sedert sy ontstaan, het die Sondagskool en die meer informele jeugwerk as losstaande deel van die kerk plaasgevind en ontwikkel. Die kerk het die bediening aan kinders en adolessente as deel van die gemeente se verantwoordelikheid gesien, soos uit die bostaande woorde

van Bijlsma blyk. Dit blyk egter ook duidelik uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die Sondagskool, asook die meer informele “jeugwerk”, dat hierdie bediening al meer in kompartemente plaasgevind het, as losstaande deel van die res van die gemeente se bediening (de Villiers 1957:200-298). Die verhouding tussen die bediening aan kinders en adolessente deur die sogenaamde “Sondagskool” en die bediening aan kinders en adolessente deur die “jeugwerk” in jeugverenigings in die Ned. Geref. Kerk het, volgens die navorser, al nader aan mekaar beweeg.

Nel (2001:57) skryf dat kerke veral gedurende die tweede helfte van die eeu intens oor die jeugbediening begin besin het. Kinderaksies, jeugaksies, asook kinderkerk en jeugdienste, het ontwikkel, wat uiteindelik gelei het tot kinder- en jeugbedienings wat totaal geïsoleerd van die gemeente en families plaasgevind het. Kinders en adolessente is al meer geïsoleer uit die lewens van ander volwasse gelowiges en mense uit ander generasies.

Hierdie isolasie het egter nie net in die kerk plaasgevind nie, maar was ook al meer ‘n tendens in die samelewing – ‘n tendens wat vandag net nog meer toeneem. De Vries (1994:36-44) skryf hierdie isolering van kinders en adolessente uit die lewens van volwassenes toe aan verskeie faktore: (a) die beroepskeuses van pa’s wat hulle vir lang ure van die huis af wegneem, (b) al hoe meer werkende ma’s, (c) ‘n kritieke toename in egskeidings, (d) ‘n vinnige toename in enkelouer-families, (e) ‘n stadige afname in die betrokkenheid van die uitgebreide familie, (f) die verandering in die fisiese omgewing van die huis, asook (g) die “vervanging” van die rol en plek van die ouers deur die vriendekring. In woonbuurte, skole, sosiale aktiwiteite, gesinne en selfs in die kerk, kry kinders en adolessente al minder die geleentheid om tyd met volwassenes te spandeer.

In die kerk, waar daar veronderstel is om juis op spontane wyse as die familie van Christus te funksioneer, is daar weereens, deur al die kompartementalisasie, daarin geslaag om kinders en adolessente uit die lewens van volwassenes te isoleer. Volgens De Vries (1994:41) het dit daartoe gelei dat kinders en adolessente hulle aan die aksies van die

gemeente verbind, sonder om hulle regtig aan die gemeente te verbind. Aangesien kinders en adolessente geïsoleerd van die gemeente bedien word, eindig hul verbintenis met die gemeente dikwels aan die einde van hul skoolloopbaan, wanneer hulle "gradueer" uit die jeugaksies.

### 1.1. Probleemstelling

Die navorser is van mening dat deel van die probleem lê in die feit dat kategese ('n woord wat eers heelwat later die woord, Sondagskool, vervang het) deur die jare in die Ned. Geref. Kerk ontwikkel het as 'n onderafdeling van die Jeugbediening. Die woord, kategese, handel in sy wese oor geloofsonderrig, of geloofsvorming. Bijlsma (1962:12-14) skryf dat kategese gerig is op die onderrig in Bybelkennis, maar ook op die toerusting om, as verantwoordelike mense van God, in hierdie wêreld te kan leef as Sy getuies. Dit handel dus oor meer as net lering in dit wat die kerk glo.

Met die ontstaan van die eerste "sondagskool," het die fokus spesifiek geval op die Evangelisasie van verwaarloosde kinders wat verval het van die kerk. Die navorser is van mening dat dit reeds die begin was van die uitbouing van kategese en "sondagskool, as iets wat slegs vir kinders bedoel is.

Uit die definisie van kategese, waaruit dit duidelik blyk dat dit hier handel om geloofsvorming, kan dit tog nie beperk bly tot kinders en adolessente nie. Geloofsvorming is tog iets wat steeds moet plaasvind by ALLE gelowiges van alle ouderdomme. ***Met die ontwikkeling van die destydse "sondagskool" en die daaropvolgende ontwikkeling van kategese as deel van die jeugbediening, het daar dus, in die navorser se opinie, die persepsie ontstaan dat geloofsvorming gelyk is aan kategese, dat dit slegs beperk is tot kinders en adolessente en dit wat binne die kategese plaasvind en dat die proses afgehandel is wanneer adolessente belydenis van geloof aflê. Daar het so 'n kultuur ontstaan waar daar weinig sprake is van 'n voortdurende proses van geloofsvorming, wat voortduur regdeur tot by volwassenes en bejaardes en is geloofsvorming grootliks beperk tot 'n bepaalde bediening binne die gemeente, naamlik, die kategese.***.

Vir heelwat adolessente het belydenisaflegging, volgens die navorser, die einde van hul “verbintenis” met, of deelwees van die kerk geword. Die navorser is van mening dat, vir die grootste deel van die lidmate binne die Ned. Geref. Kerk, belydenisaflegging ook die einde van deelname aan enige vorm van ‘n gestruktureerde proses van geloofsvorming geword het.

### 1.2. Navorsingsdoel

Die navorser wil binne die bestek van hierdie verhandeling graag krities na die teorieë onderliggend aan die praktyk van geloofsvorming kyk. Die navorser is van mening dat daar die afgelope paar jaar soveel aandag aan die praktyk van geloofsvorming geskenk is, dat daar nie wesenlik ondersoek ingestel is na die teorieë onderliggend aan die praktyk van geloofsvorming nie. Die navorser wil opnuut ondersoek instel na die teorieë onderliggend aan die praktyk, maar wil ook die teorieë in gesprek bring met die realiteit van hoe geloofsvorming in die praktyk daar uitsien. Die navorsingsdoel van hierdie verhandeling is om, na ‘n ondersoek na die teorieë onderliggend aan geloofsvorming, sowel as die praktyk van geloofsvorming, voorstelle te maak oor hoe geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief daar mag uitsien.

### 1.3. Praktiese Teologiese Fundering

Volgens Pieterse (Heyns & Pieterse 1990:7), handel dit in die Praktiese Teologie oor die bestudering van die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie wat die koms van God in hierdie wêreld dien. Die kommunikatiewe handelinge van onderrig, sorg, viering en diens, word bestudeer binne die handelingsveld van die geloofsvorming of kategese, vanuit ‘n familiale perspektief. Binne hierdie kommunikatiewe handelinge kom God na die wêreld en gebruik Hy mense. God handel met mense en deur mense. Dit handel dus eerstens hier oor die praxis van God. God is die Een wat deur Sy Gees déúr mense en ná mense toe kom in hierdie wêreld (Louw

1997:96). Firet ( Pieterse 1993:138) sluit hierby aan met die opmerking dat God die mens inskakel as Sy medewerker. Deur die werking van sy Gees in en deur mense, kom daar transformasie.

Volgens Pieterse (Heyns & Pieterse 1990:12) spits die Praktiese Teologie hom daarop toe om prakties-teologiese teorieë vir die praktyk te ontwikkel, hierdie teorieë te beoordeel en, indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel. Fowler (Schweitzer & Van der Ven 1999:80) sluit by Pieterse aan met die opmerking dat dit die taak van die Praktiese Teologie is om die uitvoerbaarheid van praktyke van die kerk en hul sending te handhaaf, asook om terselfdertyd krities en konstruktief te werk te gaan om transformasie te bewerkstellig, sodat die kerk 'n beter getuie in die samelewing kan wees.

Westerse teoloë is dit eens oor die empiriese opvatting van die Praktiese Teologie. Daar is egter nie presiese ooreenstemming oor die presiese aard daarvan nie (Pieterse 1993:33). Burger (Louw 1997:93-95) beskryf drie benaderings tot die Praktiese Teologie in Suid-Afrika:

- Die konfessionele benadering - Volgens Jonker (Louw 1997:93), is hierdie benadering gebasseer op die Skrif as die enigste bron van kennis. Jonker, wat hierdie benadering gebruik, is van mening dat die oorsprong en betekenis van die Praktiese Teologie in die praxis van God lê. God se Woord word die waarheid wat vir alle mense in alle omstandigheide geld.
- Die korrelatiewe benadering – Met hierdie benadering word die Skriftuurlike riglyne in verband gebring met die empiriese insigte (Pieterse 1993:34). Daar vind 'n wisselwerking tussen die teorie en die praxis plaas. In hierdie benadering word daar gebruik gemaak van die normatiewe-teologiese, asook van die empiriese situasie-analise en kontroles. Tracy (Browning 1991:46) sluit by Pieterse aan wanneer hy Praktiese Teologie as 'n kritiese dialoog tussen die interpretasies van die Christelike boodskap en interpretasies van die huidige kulturele ervarings en praktyke, beskryf.

- Die kontekstuele benadering – By die kontekstuele benadering word die werklike situasies beskryf en geanaliseer om sodoende strategiese handelinge te ontwerp wat die sosiale omgewing, of die politieke situasie radikaal kan transformeer (Louw 1997:94).

Die navorser verkies om gebruik te maak van die korrelatiewe benadering. Alhoewel die navorser saamstem dat die Skrif altyd die basis moet vorm vir die bepaling van die rigting waarin die kerk beweeg, is die Skrif ook deur mense met ‘n bepaalde kulturele agtergrond, in bepaalde omstandighede, geskryf en kan die werklikheid waarin mense vandag leef en die kerk vandag in bestaan, nie geïgnoreer word nie. Daarom die keuse om nie die konfessionele benadering te volg nie. Ook is die navorser van mening dat ‘n stuk Teologiese identiteit ingeboet kan word met die navolging van ‘n suiwer kontekstuele benadering, waar die fokus weer grootliks val op die verandering van die sosiale praxis.

Dit is die doel van hierdie navorsing om krities na die bestaande prakties-teologiese teorieë rondom gemeentewees, asook na die praktyk-teorieë van die plek en rol van geloofsvorming binne die konteks van die gemeente, te gaan kyk, hierdie teorieë te beoordeel en, indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel. Daar vind dus ‘n voortdurende wisselwerking tussen die teorie en die praktyk plaas.

Greinacher (Schweitzer & Van der Ven 1999:414) beskryf die verhouding tussen die teorie en die praxis as ‘n bipolêre spanningsverhouding. Binne hierdie verhouding is die twee nooit heeltemal eenders, of heeltemal los van mekaar nie. Die teorie en die praxis staan eerder in ‘n kritiese verhouding, waarin albei oop is vir wedersydse kritiek (Heyns & Pieterse 1990:34). Hierdie bipolêre spanningsverhouding tussen die teorie en die praxis moet van so ‘n aard wees dat die spanning nie te veel is, en die twee verwyderd raak van mekaar nie, maar ook nie te min, dat die wedersydse kritiese ingesteldheid verlore gaan nie. Die proses moet oop en dinamies bly (Heyns & Pieterse 1990:34-35).

Die navorser is van mening dat daar, wat die geloofsvorming betref, ‘n wanbalans in hierdie spanningsverhouding ontstaan het. Daar is die afgelope paar jaar vreeslik baie aandag geskenk aan die praktyk van geloofsvorming, sonder om aandag te skenk aan die teorieë wat onderliggend aan die praktyk lê.

Daar is ‘n verskeidenheid van modelle wat gebruik word om hierdie verhouding tussen die teorie en die praxis te beskryf. Uit die modelle blyk dit duidelik dat daar in die Praktiese Teologie sterk hermeneutiese en korrelatiewe prosesse plaasvind wat baie dinamies is. Fowler (in Schweitzer & Van der Ven 1999:81) se definisie van Praktiese Teologie beklemtoon hierdie prosesse:

” Practical Theology is the critical and constructive reflection by communities of faith carried on consistently in the contexts of their praxis drawing on the interpretations of normative sources of Scripture and tradition in response to their interpretations of the emergent challenges and situations they face, and leading to ongoing modifications and transformations of their practices in order to be more adequately responsive to their interpretations of the shape of God’s call to partnership.”

By die vraag op hoe ‘n gemeenskap van gelowiges weet dat dit nodig is dat die huidige praxis moet verander, antwoord Fowler (Schweitzer & Van der Ven 1999:82), wanneer daar besef word dat die huidige praxis nie meer werk nie. Wanneer hierdie behoefte besef word, begin die gemeenskap van gelowiges met die prakties-teologiese proses wat hermeneuties, sowel as korrelatief van aard is. Die interpretasie van die huidige situasie, asook die konteks, kom in wedersydse, kritiese verhouding met die interpretasie van die normgewende bronne van die Christelike geloof en praktyke.

Die navorser is van mening dat die praxis ten opsigte van geloofsvorming, soos dit huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk funksioneer, nie meer werk nie, dat daar opnuut besin moet word oor die huidige situasie en konteks waarin die kerk haarself bevind en dit krities interpreteer moet word vanuit die

normgewende bronne vanuit die Christelike geloof en praktyke. Vir te lank is daar net op die praxis gefokus, is daar gedurig nuwe praktyke ten opsigte van die geloofsvorming ontwikkel, sonder om werklik prakties-teologies oor die geloofsvorming te besin.

Vir die doel van hierdie navorsing sal daar meta-teoreties aangesluit word by die sisteem-teorie, asook by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge (Pieterse 1993:43). In die Praktiese Teologie gaan dit basisteoreties om kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie en die gekome en komende Ryk van God in die moderne samelewing (Nel 2001:4). In hierdie navorsing word basis-teoreties gebou op

- ‘n teologiese kommunikasieteorie wat dialogies en relasioneel (verbondsmatig) verantwoord is;
- ‘n ekklesiologie wat pneumatologies en teologies verantwoord is;
- ‘n hermeneutiese teorie wat verbondsmatig verantwoord is.

Die teologiese handelingsveld waarbinne geloofsvorming plaasvind, is moeilik om te bepaal. Wat wel belangrik is, is dat dit binne die kerk vra na ‘n goed ontwikkelde teologiese kommunikasieteorie, ‘n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie, asook op die antropologie.

### 1.4. Navorsingsmetodologie

Die navorser sal in haar navorsing ‘n kwalitatiewe benadering volg, aangesien daar nie gepoog gaan word om verskynsels te verklaar nie, maar te beskryf (Mouton & Marais 1989: 24-27). Hendriks (2004:226) sluit hierby aan en beskryf kwalitatiewe navorsing as die nie-numeriese ondersoek en interpretasie van dit wat waargeneem word om sodoende die onderliggende betekenis en patrone van verhoudings te ontdek. Kwantitatiewe navorsing fokus weer op die ontleding van data en statistieke, terwyl kwalitatiewe navorsing verskynsels beskryf om sodoende die menslike gedrag beter te verstaan.

Die tipe navorsing wat gebruik gaan word, is toegepaste navorsing (Hart 1998:46). Toegepaste navorsing is daarop gerig om onmiddelike praktykprobleme te hanteer, asook om kennis aangaande die praktiese toepassing van beginsels hieromtrent te ontwikkel ten einde oplossings vir die probleme in die praktyk te verkry.

Daar sal 'n literatuurstudie gedoen word van die ontstaan en ontwikkeling van kategese in die Ned. Geref. Kerk, asook 'n literatuurstudie oor die plek van geloofsvorming binne 'n familie-gebasseerde gemeente-bediening. Die navorser sal dan 'n empiriese studie doen om vas te stel hoe ouers, asook adolessente dink en voel oor geloofsvorming binne families, asook binne die gemeente as geloofsfamilie. Uit die literatuurstudie, tesame met die empiriese navorsing, sal aanbevelings gemaak word oor hoe geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief, kon lyk. Die doelwitte van die navorsing sal dus ondersoekend, sowel as beskrywend van aard wees.

Die eerste deel van die navorsing sal bestaan uit 'n literatuurstudie oor die ontwikkeling van kategese binne die Ned. Geref. Kerk, sowel as beginsels vir 'n familie-gebasseerde gemeentebediening.
Tweedens sal 'n empiriese studie by die volgende twee gemeentes in George geskied: Ned. Geref. Kerk George, asook die Ned. Geref. Kerk Blanco. Die data-insamelingstegniek wat gebruik sal word, is fokusgroepe. Vier fokusgroepe, bestaande uit agt respondente elk, sal aan die ondersoek deelneem. Twee van die fokusgroepe by elk van die twee gemeentes, sal uit ouers met skoolgaande kinders bestaan en twee van die fokusgroepe by elk van die gemeentes sal uit adolessente uit die belydenisgroepe van die twee onderskeie gemeentes bestaan. Elke fokusgroep sal uit agt lede bestaan. Die groepe word redelik klein gehou, aangesien dit belangrik is dat die groeplede gemaklik met mekaar voel en elkeen die geleentheid het om sy/haar mening te lug. Die navorser sal as mede-fasiliteerder van die fokusgroepe optree, in samewerking met twee van die predikante van die gemeentes, wat as fasiliteerders sal optree. Die doel van die fokusgroepe sal

wees om ondersoek in te stel wat adolessente en ouers ervaar en dink oor geloofsvorming binne die familie, asook binne die gemeente as geloofsfamilie. Die derde deel sal bestaan uit die ontleding van die data wat tydens die fokusgroepe versamel is. Hieruit, tesame met die inligting van die literatuurstudie, sal aanbevelings gemaak word oor hoe geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief binne ‘n gemeente kan funksioneer.

### 1.5. Hoofstuk indeling

Hoofstuk 1: *Inleiding en terreinverkenning:* Hierdie hoofstuk sal die tema van die verhandeling inlei.

Hoofstuk 2: *Oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van kategese binne die Ned. Geref. Kerk:* Die navorser beskou dit as belangrik om ondersoek in te stel na die ontwikkeling van kategese binne die Ned.
Geref. Kerk om sodoende beter begrip te hê van geloofsvorming, Soos dit huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk funksioneer.

Hoofstuk 3: *Die plek van geloofsvorming binne ‘n gemeente wat familie-gebasseerd funksioneer:* Hierdie hoofstuk sal ondersoek instel na
die volgende: (a) belangrikheid van ‘n Bybels-Telogiese gemeente-
visie vir die ontwikkeling van geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief; (b) die rol van die familie, asook die geloofsfamilie in
geloofsvorming, asook (c) die bestudering van twee modelle van geloofsvorming wat funksioneer vanuit ‘n familiale perspktief.

Hoofstuk 4: *Navorsingsproses en bevindinge:* In hierdie hoofstuk sal die navorsingsproses en –bevindinge beskryf word.

Hoofstuk 5: A*anbevelings en samevatting:* In die laaste hoofstuk sal die

navorser vanuit die literatuuroorsig, sowel as die empiriese navorsing, aanbevelings maak van hoe geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief daar mag uitsien.

## 1.6. Sleutelkonsepte

*Geloofsvorming* – Die navorser sal na hoofstuk twee, wat handel oor die ontwikkeling van kategese binne die Ned. Geref. Kerk, eerder van die begrip, geloofsvorming, as kategese praat, wanneer die voortdurende groei en ontwikkeling van van alle gelowiges bedoel word. Die navorser verstaan onder geloofsvorming baie meer as net die amptelike "kategese", wat in die NG Kerk grootliks rondom kinders en tieners sentreer het. Met geloofsvorming word verwys na die totale proses van geloofsgroei en – ontwikkeling by ALLE gelowiges.

*Kategese* – Die leer en onderrig van die kind en adolessent tot volledige en verantwoordelike deelname aan die kerklike lewe, sowel as tot 'n lewende getuie in hierdie wêreld, tot diens van God (Bijlsma 1962:11).

*Familie* – Die term, familie, word hier nie slegs gebruik vir die kern-gesin nie, maar vir verskillende tipes familie (enkel-ouer-familie, her-saamgestelde familie,ensovoorts), asook vir die breë geloofsfamilie in 'n gemeente.

*Familiale Perspektief* - Hier word bedoel, die funksionering van die kerk vanuit die perspektief dat almal, klein tot groot, deel vorm van die familie van Christus en dus familie van mekaar is en so moet funksioneer. Dit is 'n perspektief op die totale gemeente-wees en gemeente-bediening, naamlik die gemeente as huisgesin van die Here en as familie van Christus.

*Para-kerklike organisasies* – Dit is organisasies buite die kerk wat parallel loop aan die kerk, in die sin dat hulle dieselfde doel as die kerk het – naamlik om mense met die Evangelie van Jesus Christus te bereik.

*Kinder- en Jeugaksies* – spesiale aksies in die kerk wat op die spesifieke behoeftes van kinders en adolessente gerig is.

*Kinderkerk* – Eredienste wat slegs bestaan uit kinders vanaf Voorskool-Graad 5 en deur ‘n volwassene gelei word.  Daar word spesifiek gefokus op die leefwêreld en begripsvermoë van die kind.

*Jeugdienste*- Eredienste wat op die spesifieke behoeftes en leefwêreld van die adolessent gerig is.  Dit word hoofsaaklik bygewoon deur adolessente.

*Fokusgroepe* – Fokusgroepe is volgens Morgan (1997:6) ‘n tegniek van navorsing wat data insamel deur middel van groepsinteraksie oor ‘n onderwerp wat deur die navorser bepaal is.

## Hoofstuk 2: Die Historiese oorsig van kategese in die NG Kerk

### 2.1. Inleiding

Bijlsma (1962:7) het die volgende reeds in 1962 geskryf: " De catechese is naar haar aard en wezen gericht op het *onderricht* van de christelijke *gemeente.* Daarby gaat de aandacht in het bijzonder uit naar de jongeren… Toch is het onjuist de catechese uitsluitend tot de jeugd te beperken. Ook wanneer ouderen aan het kerkelijk onderricht deelnemen, is het voluit catechese."

Wanneer daar ondersoek ingestel word na geloofsvorming soos wat dit huidiglik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ned. Geref. Kerk) funksioneer, kan die navorser nie anders as om die vraag te stel: hoe het dit gebeur dat die kerk so ver "verdwaal" het ten opsigte van die bedoeling van geloofsvorming, soos deur Bijlsma reeds in 1962 beskryf? Om te verstaan wat die plek en vorm van geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk is, is dit, volgens die navorser, nodig om eers ondersoek in te stel na hoe kategese en geloofsvorming ontwikkel het tot hoe dit nou binne die kerk funksioneer. Dit is die doel van hierdie hoofstuk om 'n teoretiese oorsig te gee van die volgende:

- 'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van geloofsopvoeding of kategese binne die Joodse en Christelike tradisie, asook
- Die grondbeginsels van kategese.

Die navorser ag dit nodig om ‘n historiese oorsig van kategese binne die Joodse en Christelike tradisie te doen, om sodoende vas te stel wat, volgens historiese oorlewering, die oorspronklike bedoeling van kategese was, asook volgens die Skrif, sodat gesien kan word of die huidige kategese praktyk “in lyn” is met die oorspronklike Skriftuurlike bedoeling. Indien die navorser nie weet waar kategese oorspronlik vandaan kom en hoe dit ontwikkel het nie, is dit moeilik om die pad vorentoe te bepaal.

Aangesien dit nodig is om voortdurend prakties-teologies te dink oor die geloofsvoming, beskou die navorser dit as ‘n wesenlike deel van haar denke om ook ondersoek in te stel na die ontstaan en ontwikkeling van kategese, asook na die grondbeginsels van kategese, volgens die Skrif en die historiese tradisie.

## 2.2. ‘n Historiese oorsig van die ontwikkeling van “geloofsopvoeding” of kategese binne die Joodse en Christelike tradisie

### 2.2.1 Begripsomskrywing

Die woord, kategese, is afgelei van ‘n Griekse woord, wat letterlik beteken, om ‘oor iets’, of ‘deur iets’ te laat klink (de Villiers 1957:19). Reeds gedurende die agtiende eeu het die teorie van kategese, *kategetiek* begin heet, wat *mondelingse onderrig,* beteken (de Villiers 1957:20). Die woord word ook reeds herhaalde kere in die Nuwe Testament gebruik. In Lukas 1:4 word die Griekse woord vertaal met ” onderrig is.” In Handelinge 18:25 word dit vertaal as “onderrig ontvang.” In Handelinge 21:21 en 24 kan dit vertaal word as “vertel.” Die woord het dus reeds in die Nuwe Testamentiese tyd die betekenis van “mondelinge onderrig” gehad (de Villiers 1957:20).

Bijlsma (1962:11) omskryf kategese as “ *het onderricht van de christelijke gemeente aan haar leden, speciaal (maar tog nie uitsluitlik – skrywer se byvoeging) aan de jongeren, om hen toe te rusten tot een verantwoorden leven in de wereld als mondige leden van Christus’ kerk.”* Hier blyk dit reeds duidelik dat dit handel oor onderrig om as Christen in die wêreld te *leef*. Die

navorser stem saam met Bijlsma (1962:7) dat dit in die kategese handel oor die onderrig van die Christelike gemeente – 'n gemeente wat bestaan uit kinders en volwassenes.

Dit is tog van belang, wanneer daar gepraat word oor geloofsvorming in die Ned. Geref. Kerk, dat 'n historiese oorsig gegee word van die ontwikkeling van kategese vanaf die Joodse tradisie tot en met hoe dit huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk funkioneer.

### 2.2.2. Die Joodse Leertradisie

Die oorsig oor die geskiedenis van kategese word begin by die Joodse leertradisie en dan by name, die Ou Testament, want daar lê die gemeenskaplike wortels van die Joodse, sowel as die Christelike leertradisies (Dingemans 1991:159).

#### 2.2.2.1. Die Ou Testament

Reeds in die Ou Testament blyk dit duidelik dat hierdie "onderrig" oor meer handel as net die oordra van kennis aangaande die basiese geloofswaarhede van die Christelike geloof. In tekste soos Deuteronomium 10:12-13, asook Deut. 4:6 blyk dit duidelik dat leer en onderrig waarvan hier gepraat word, handel oor baie meer as net kennis van die geloof. Dit handel oor 'n inwyding om te *leef* as deel van Jahweh se volk (Nel 2001:138-139). 'n Deel van hierdie onderrig het dus gehandel oor die inwyding van hierdie nuwe mens in die weg van Jahweh met sy mense.

Ons lees dat God aan Sy volk, Israel, die opdrag gee om Hom alleen te dien en om elke geslag van kinders en kleinkinders te leer en te herinner aan die groot dade van God (Deut. 4:9-10, 5:6-10). Hulle moes Hom liefhê met hulle hele hart, siel en al hulle krag (Deut. 6:5). In Deut. 6:4-9 lees ons die erns van die opdrag wat God aan sy volk gee wanneer Hy hulle beveel om die gebooie gedurig te oordink, dit by hulle kinders in te skerp, gedurig met hulle daaroor te praat en oral herinneringstekens te sit om hulle aan God en sy

gebooie te herinner. Wat opvallend is, is die woorde soos, “in jou huis”, “op pad”, “gaan slaap” en “opstaan.” Iets van die belangrikheid van die gebooie word beklemtoon, maar volgens die navorser, ook iets van die feit dat dit handel oor ‘n lewe van in ‘n verhouding met God staan.

In die eerste plek was dit die verantwoordelikheid van die ouer om die kind te onderrig. Die Here was self die volk Israel se groot Opvoeder en Leermeester en elke Israeliet moes kragtens die verbond weer sy kinders leer en onderrig in die weë van die Here (Ex. 10:2, 12:26, Deut. 4:9 en 6:7-9, 11:19, 32:46; Jos. 4:6, 21) (de Villiers 1957:20-21).

Dingemans (1991:159) skryf dat die Ou Testamentiese geloofsopvoeding onderrig in die weg van die wysheid was. Dit het veral bestaan uit die inwyding in die praktyk van die geloof binne gesinsverband. Vaders moes hulle kinders onderrig in die verhale van Israel en in die weg van wysheid. Die leermetode het wel grootendeels bestaan uit inprenting en herhaling van wyshede – so het die sosialisering van die nuwe generasie egter by die meeste volke plaasgevind. Die einddoel was egter dat die “leerling” self wys sou word (Spreuke 8:33), want wie die wysheid gevind het, het die lewe gevind (v.35). Jongmense moes self tot insig en wysheid kom en die lewe ingaan in ooreenstemming met die beloftes en gebooie van God.

Naas die praktiese geloofsopvoeding in die alledaagse lewe, was daar ook die inwyding in die verhale van Israel. Aangesien die tweede gebod (Ex. 20:4) lui dat geen gesnede beeld aanbid mag word nie, was daar geen visuele onderrigmetode moontlik nie. Vanaf die ballingskap, was die samekomste in die sinagoge met die “heilige boeke” die enigste sigbare gestalte van die Joodse godsdiens. Dit is dan te verstane dat die geloofsoordrag in Israel veral verbaal, in die vorm van verhale, plaasgevind het.

Naas die sinagoge het die Joodse feeste ook ‘n groot bemiddelende rol gespeel in die geloofsopvoeding. Veral die simboliese betekenisse van die verskillende feeste, asook die verskillende gebruike daar rondom, het ‘n baie

belangrike “opvoedende” rol gespeel in die Joodse tradisie. Juis omdat die Joodse geloof meer as net ‘n “leer” was, maar ‘n leefwyse, het die geloofsopvoeding plaasgevind in die gewone lewe deur die deelname aan die feeste, rituele en simbole (Dingemans 1991:160).

#### 2.2.2.2. Die Joodse tradisie

In sy boek, Joodse tradisie als permanent leren, benadruk Abram (1980:83) dat die Joodse tradisie ‘n lang mondelinge en skriftelike tradisie in verhalende vorm is, waarin die “leerling” ingewy word. Hierdie mondelinge tradisie, asook die interpretasie van die skriftelike tradisie, is iets wat nooit afgesluit word nie: dit is ‘n oop leerproses van omgang met en interpretasie van die Tora, waarby elke Jood betrokke behoort te wees. Die Jood is voortdurend in ‘n leerproses gewikkeld met die Tora en die tradisie om nuwe insigte en vaardighede hul eie te maak. Die leer is nie net op insig gerig nie, maar veral op die hele lewenswyse. Die leerling word begelei om self verantwoordelikheid vir sy eie leerproses te aanvaar. Tog word daar ook leergeleenthede in die sinagoge georganiseer, aangesien hulle die belangrike waarde daarvan besef om saam met ander te leer.

#### 2.2.2.3. Die Nuwe Testament

De Villiers (1957:21) skryf dat daar ‘n moontlikheid was dat daar reeds in Jesus se tyd sinagogeskole was. Dit is wel seker dat daar reeds in die tweede eeu na Christus skole was waar kinders op die Rusdag onderrig ontvang het. Christus beveel reeds in Mat. 28:19-20 sy dissipels om na al die nasies te gaan, mense Sy dissipels te maak en hulle alles te leer wat Hy hulle beveel het. Die Evangelie van Jesus Christus moes dus nie net verkondig word nie, maar mense moes ook geleer word om as volgelinge van Jesus Christus te leef.

In ‘n handleiding wat deur die Algemene Jeugkommissie (AJK) (Jeugbedieningshandleiding no 6 1990:2-4) opgestel is en handel oor die kerklike taak van onderrig, word daar verder uitgebrei op die betekenis van

hierdie taak:  Volgens hierdie dokument, word daar in die Bybel verskillende woorde gebruik om aan te dui wat hierdie opdrag, om te onderrig, beteken:

2.2.2.4 Verskillende gebruike vir die woorde, ‘om te onderrig’ in die Ou en Nuwe Testament

**(a) “leer” (onderrig)**

Hierdie is die woord wat gebruik word om die Hebreeuse woord vir **leer** in die Ou Testament te vertaal.  Die volk word in God se woord **onderrig**, sodat hulle dit kon verstaan en doen.  Moses sê vir die volk: “Israeliete, julle moet luister na die voorskrifte en die bepalings waarin ek julle onderrig.  Julle moet daarvolgens lewe” (Deut. 4:1). Die volk van God moes dus die gebooie van God leer met die doel om daarvolgens te lewe.  Die onderrig was nie ‘n losstaande ding nie – dit was heeltemal gerig op en deel van die alledaagse lewe.  Die onderrig was vir die Jood sinoniem met die lewe.  Ook in die Nuwe Testament in Mat. 28:18-20 het die “leer hulle om alles te onderhou” te doen met die navolging van Christus – dit wil sê, om dissipels te wees.

Die onderrig in beide die Ou en Nuwe Testament het te doen met die mens in sy totaliteit.  Dit gaan nie net om verstandskennis nie, maar is ook gerig op die emosies, die wil en die konkrete dade.  Dit het dus gehandel oor, leer om te leef en te doen (Jeugbedieningshandleiding no 6 1990:2-3).

**(b) “Ken” (weet)**

In die Ou Testament het **ken** die betekenis van ken deur omgang en ervaring.  Dit is nie die koue, onpersoonlike ken van feite nie.  Die **ken (weet)** in Deut. 11:2 beteken dat die volk “geweet het” op grond van ervaring.

In die Nuwe Testament het ken die betekenis, om insig in God se wil te hê om dit te doen.  Hierdie ken word verkry deur ‘n verhouding met Hom wat openbaar word in ‘n lewe met Hom en in gehoorsaamheid aan Hom.

**(c)  “Leer ken”**

Hierdie is nog ‘n woord vir leer en dui op ‘n geestelike belewenis waardeur iemand iets sy eie maak.  In die Ou Testament dui hierdie woord op die aanleer van die gesindheid waardeur mens hom/haar geheel en al aan die wil van God onderwerp.  Die woord vir **leer ken** kom selde in die Nuwe Testament voor, maar het elke keer die betekenis dat die leerling telkens ook volgeling is.  Wanneer Jesus in Mat. 9:13 sê, “Gaan leer wat dit beteken…”, beteken dit, gaan leer deur te doen en te ondervind.  Ons het hier te make met ‘n blywende verbintenis tussen die leerling en die Leermeester wat sy volgelinge roep om Hom te volg en hulle toerus vir take wat vir hulle op dié weg wag.

**(d)  “Opvoed”**

Dit is die woord wat vir die **opvoeding** van ‘n kind gebruik word.  In die Ou Testament moes die opvoeding die kind daartoe lei om sy/haar lewe aan God te wy.  In die Nuwe Testament het ‘opgevoed’ dieselfde betekenis.  Die opvoeding waarvan daar in die Bybel gelees word, is dus daarop gerig om kinders en adolessente van die gemeente te leer om hul lewens aan God te wy en Sy wil in alles te soek.

**(e)  “Leer”**

Nog ‘n ander woord wat vir **leer** gebruik word, is die woord waarvan die term, **kategese** afgelei is.  Hiedie woord word slegs sewe keer in die Bybel gebruik en het verskillende betekenisse, waaronder*, vertel of meedeel* en ander kere, *spesifieke onderrig* (Jeugbedieningshandleiding no 6 1990:4).

.

Dis eers gedurende die tyd van die apostels dat die Christelike kerk dié woord gekies het as aanduiding van die kerk se amptelike onderigswerk: die kategese.

Daar is min woorde in die Nuwe Testament wat vertaal kan word met die begrip, "om te leer." Met die gebruik van verskillende verbuigings van die woord, soos reeds bespreek, blyk dit duidelik dat dit in die Nuwe Testament nie handel oor *leer,* as sodanig nie, maar oor *navolging* van Christus. Die leerling loop in die spoor van die Leermeester. Hy luister na Hom; Hy volg Hom in sy weg deur lyding en dood na die lewe. Elkeen volg Hom op 'n unieke wyse volgens sy/haar bekwaamheid – alleen om hul gawes te gebruik om die wêreld voor te berei op die Koninkryk van God (Jeugbedieningshandleiding no 6 1990:4).

Alhoewel Jesus se leer by die van die rabbi's aansluit, is daar tog een groot verskil: Jesus leer en praat met 'n gesag wat direk van God af kom. Hy raak mense aan en nooi hulle uit om Hom te volg, om vry te word van die magte wat hulle beheer en diensbaar te word tot die bevrydende krag van die Koninkryk van God (Dingemans 1991:167-168).

In die Evangelies word hierdie lyn voortgesit wanneer die skrywers probeer om mense aan die hand te neem en iets te laat beleef van die krag van die opgestane Heer. Dit loop in die briewe aan die Romeine en Galasiërs uit op 'n breër omskrywing van hierdie lewe- wat die latere kerk, volgens Dingemans (1991:168) dan ook kom oorneem en "omskakel" het tot allerhande "dogmatiese konstruksies", waarvan die "leer-programme" in die kategese, een is.

Die kerk se spesifieke bemoeienis met kinders en adolessente het eintlik eers sy ontstaan gehad na die industriële revolusie in die negentiende eeu. Voor daardie tyd was die gemeente 'n familie-organisasie met baie min aktiwiteite vir spesifieke ouderdomsgroepe. Terblanche (Nel 2001:51) skryf dat daar vir ten minste die eerste twee eeue na "volksplanting" glad nie eintlik sprake was van enige vorm van "jeugsorg" in die kerk nie. Die ontwikkeling van kategese vanaf die vroeë Christelike kerk en verder, het as volg plaasgevind:

### 2.2.3. Die kategumenaat

In die vroeë Christelike kerk het die Didaché (Die leer van die Here deur die apostels aan die volke), die oudste Christelike geskrif buite die Nuwe Testament, gedien tot vorming van hulle wat die Christendom aanvaar het en gedoop wou word. Die kategese was hoofsaaklik dooponderrig en het meer vereis as die openbare belydenis van geloof soos in die Nuwe Testament ( Hand. 2:4; 8:38; 16:33) vermeld word (Bijlsma 1962:44-45).

Hierdie situasie het gelei tot die ontwikkeling van die kategumenaat in die tweede eeu (180-325nC) (de Villiers 1957:96). Dit was spesiale voorligting wat gerig was op volwassenes wat uit die heidendom tot bekering gekom het en was bedoel as inleiding tot die Christendom (Bijlsma 1962:45). Hierdie onderrig het hoofsaaklik bestaan uit leerstellige en etiese onderrig en inlywing tot die geheimenisse van die doop en nagmaal voor hulle die doop kon ontvang. Die sendingsituasie het meegebring dat die kategese en doop hand aan hand gegaan het (Bijlsma 1962:47, de Villiers 1957:96-97).

### 2.2.4. Die eerste paar eeue na Christus

Gedurende die eerste paar eeue na Christus was die gesin, volgens die Joodse tradisie, die sentrum van alle Christelike opvoeding. “Huiskatkisasie” het ‘n belangrike rol in die groeiende kerk gespeel (Bijlsma 1962:46). Tog was kategese op daardie stadium ‘n arbeid van die gemeente as geheel. Dooponderrig is ook nog ná die doop gegee (vgl. Hebr.5:12-14). In die ooste het kategeseskole ontstaan, terwyl, veral die biskoppe en presbiters, kategete opgelei het in die kloosters. Die kategumenaat was steeds die oorgang

tussen die heidendom en die Christendom (Bijlsma 1962:46-48, Kleynhans 1988:99).

### 2.2.5. Die Middeleeue

Gedurende die Middeleeue is daar min gedoen op die vlak van toerusting van lidmate. Die onderrig van die kinders is geheel en al aan die ouers en pete opgedra. Ouers het hulle egter weinig gesteur aan die onderrig van hul kinders en dit omtrent heeltemal aan die pete oorgelaat (de Villiers 1957:99). In die kategese moes kinders die gebed, Ave Maria, die Credo en die dekaloog in Latyn leer, asook biegpraktyke (de Villiers 1957:103). Die Bybel is egter op daardie stadium nog nie as leerstof gebruik nie. Kategese as spesifieke onderrig aan die kinders van die gemeente, was nog nie beoefen nie (de Villiers 1957:104,111).

### 2.2.6. Die Reformasie

Tydens die aanloop tot die Reformasie aan die einde van die twaalfde eeu, het daar egter ‘n heel ander beskouing na vore gekom by die Waldense John Wiclif, die Hussiete , asook die boheemse broeders- nl. om ‘n kortbegrip van die Skrif te leer wat deur hul kinders verstaan en in hul lewens persoonlik gestalte moes kry (Bijlsma 1962:59). Die kategismus is ook as uitdrukking van ‘n gemeenskaplike belydenis beskou en nie net ‘n leerboek nie en dit het belangrik geword dat die jeug allereers na die bron van die kategismus, die Heilige Skrif, gelei moes word (Bijlsma 1962:60).

Tydens die Reformasie gedurende die sestiende eeu, het daar ‘n groot omwenteling in die kategese plaasgevind – die Bybel word die sentrale punt van die kategese, die priesterskap van die gelowiges kom na vore en klem is geplaas op die persoonlike verstaan en integrasie van die leer in die persoonlike lewe (Bijlsma 1962:62).

Kategese is deur die hervormers allereers as ‘n opdrag aan die huisgesin gesien. Die kerklike onderrig is as taak van die skole gesien wat gedurende

daardie tyd as kerklike insitute funksioneer het. Daar was 'n nou band tussen skool en kerk (Bijlsma 1962:65).

Luther, Calvyn en Zwingli het hulle beywer vir kategese. Luther en Calvyn het ook hul eie "kategismusse" geskryf wat gelei het tot die verskyning van 'n hele klomp kategismusboekies gedurende die 16de eeu (Bijlsma 1962:68). Daar was veral twee vorme van onderrig – die kategismuspreek en die kategismusonderrig (de Villiers 1957:110). Die openbare konfirmasie het, onder die invloed van Bucer, hieruit ontwikkel (de Villiers 1957:111).

Calvyn het aan die openbare belydenis van geloof 'n bepaalde plek gegee, naamlik dat dit as toegang tot die Nagmaal gelei het. Wie sy/haar geloof wou bely, moes eers bewys dat hy/sy die inhoud van hul geloof ken. Calvyn het kinders reeds op tienjarige leeftyd toegelaat tot die Nagmaal waarna hulle 'n soort "na-katkisasie" moes volg. Die doel hier was egter nie die saligheid van die individu nie, maar die opbou van die gemeente en die eer van God (de Villiers 1957:112, Kleynhans 1988:98,99).

In 1574 is die Heidelbergse Kategismus deur die sinode van Dordrecht as amptelike leerboek van die kerk geproklammeer en verpligtend gemaak (Bijlsma 1962:69). Tydens die Nasionale sinode van Dordrecht is daar besondere aandag aan die kategese gegee en tot die volgende besluit gekom: dat katkisasie op die volgende drie wyses moet plaasvind, nl. (a) in die huis deur die ouers, (b) in die skool deur onderwysers en (c) in die kerk deur die predikante (de Villiers 1957:122).

### 2.2.7. Vanaf die volksplanting in Suid-Afrika

Saam met die koms van Jan van Riebeeck en die nedersetters na Suid-Afrika in 1652, het die Statevertaling van die Bybel, asook die leerboeke en metode van onderrig gekom. Die gebruike van die kerk in Holland is hier toegepas en die gemeente aan die Kaap het deel gevorm van die Klassis van Amsterdam (de Villiers 1957:124).

Die kerk en die skool was gedurende die eerste eeu na volksplanting baie nou aan mekaar verbind. Die hoofdoel was godsdiensonderrig met die oog op kerklidmaatskap. Die eintlike katkisasie het dus hoofsaaklik in die skool plaasgevind (de Villiers 1957:126, 127).

### 2.2.8. Selfstandige ontwikkeling

Vir meer as 'n halfeeu (vanaf 1652 tot 1824, toe die Kaap sy eie sinode gekry het), was die kerk in Suid-Afrika verbonde aan die moederkerk in Holland. Die Kaapse kerk het mettertyd sy eie karakter ontwikkel tot hy in 1842 heeltemal selfstandig begin funksioneer het (Viljoen 1994:17). Die kerk- en skoolorde van Kommandant Generaal J.A. de Mist (1803) het gelei tot skeiding van staat en kerk en die kerk, sowel as die skool, is onder gesag van die staat geplaas. Die Gereformeerde staatskool is vervang met 'n neutrale staatskool – dit was die einde van skoolkatkisasie (de Villiers 1957:173-174).

### 2.2.9. 'n Eie sinode vir die kerk in Suid-Afrika

In 1824 het die kerk in Suid-Afrika sy eie Sinode gekry. Dit het gelei tot die ontwikkeling van 'n eie karakter van die kategese. Kategese is as een van die predikant se hoofpligte beskou en onderwysers wat godsdiensonderrig in skole wou gee, moes 'n kerklike kursus deurloop, reeds twee jaar lidmate van 'n gemeente wees en 'n verklaring teken dat hulle die leer van die Nederduitse Hervormde Kerk ondersteun (de Villiers 1957:203). Tydens die sinode in 1826 is die terme, "voorstelling" en "aanneming" aanvaar (de Villiers 1957:204-205).

### 2.2.10. Die eerste Sondagskole in Suid-Afrika

Die eerste sondagskool van die Ned. Geref. Kerk is in 1841 te Pietermaritzburg deur Daniel Lindley gestig in die pasvoltooide Geloftekerk. Die eerste Sondagskool in die Kaapkolonie is op Pinksterdag, 26 Mei 1844, in die Moedergemeente Kaapstad begin. Die eerste Sondagskool in die Oranje

Vrystaat is deur Andrew Murray in Bloemfontein gestig op 24 Junie 1849 (Viljoen 1994:20). Volgens De Villiers (1957:41) is die Sondagskool aanvanklik in die Ned. Geref. Kerk ontstaan as die kerk se formele onderrig van kinders en adolessente wat verwaarloos was en van die kerk verval het.

Die sondagskool en katkisasie was baie nou aan mekaar verbonde. Alhoewel hulle verskillende name gehad het, was hulle doelstellings omtrent dieselfde. Die leerstof was uitsluitlik geestelik en die beheer van albei was kerklik. Katkisasie is egter hoofsaaklik deur predikante en opgeleides waargeneem, terwyl die personeel van die sondagskole gewone lidmate was. Die sondagskool was gerig op alle jonger kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, terwyl die katkisasie gerig was op diegene wat net voor aanneming vir korter of langer tye spesiaal daarvoor gekom het (Viljoen 1994:21). Sondagskool het nie gekom om kategese te vervang nie, maar moes as hulpmiddel en aanvulling dien (de Villiers 1957:260-261). Gedurende 1949 vind daar ‘n verdere ontwikkeling plaas, deurdat daar in die Formuliereboek vir die eerste keer ‘n “formulier vir die voorstelling van lidmate” verskyn. In 1936 word die ouderdom van toelating tot belydenis van geloof ook verander na 16 jaar (de Villiers 1957:282).

### 2.2.11. Christelike Verenigings

Tussen 1874-1916 het verskeie Christelike Verenigings (Christelike Jongliede Vereniging in 1874, Die Christelike Strewersvereniging in 1887 en Die Bybelklas in 1916) ontstaan (Viljoen 1994:25). Hierdie verenigings het los van die kerk funksioneer, alhoewel hule onder toesig van die kerk gestaan het (Viljoen 1994:25). Gedurende die negentien-veertig’s het daar plaaslik verskeie organisasies vir die jeug ontstaan. Al hierdie verskillende Christelike verenigings en kerkjeugverenigings het baie verwarring in die kerk teweeggebring. Op 6 Julie 1951 het die Strewersunie en die Christelike Jongliedevereniging verenig in die Kerkjeugvereniging. Hierdie vereniging is deur die Ned. Geref. Kerk in die lewe geroep as “‘n vereniging van en vir die kerk, waarin die jeug hul inisiatief en selfaktiwiteit... vrylik aan die dag kon lê

en ontwikkel" (Viljoen 1994:26). Teen die begin van die sestigerjare was daar die Kindersendingkrans, wat gerig was op die laerskoolkind, asook die Kerkjeugvereniging, wat gerig was op die hoërskoolkind en die naskoolse jeug.

By die Algemene Sinode van 1970 is weggedoen met die benaming, "Sondagskool" en is die hele onderrig van 6-17 jaar "kategese" genoem (Prins 1990:27). Sedert 1974 was die ideaal dat die kategese die kerk se amptelike formele onderrig aan die kind sou wees, wat meer op die kognitiewe verstaan en oordrag van geloofs- en Bybelkennis gefokus het, terwyl die jeugverenigings die plek sou wees waar die kind die waarhede wat hy/sy in die Sondagskool geleer het, prakties kon inoefen. Wat die kind in die kategese geleer het, moes hy/sy in die kerkjeugaksie in groepsverband kon bespreek en in dienswerkgroepe inoefen. Van hierdie ideaal het egter nie veel gekom nie, aangesien slegs 'n klein persentasie van die toegwyde kinders wat die Sondagskool bygewoon het, ook by die kerkjeugaksies betrokke was. Daar was dus 'n onnatuurlike skeiding tussen "leer" en "doen" in die kinders se lewe wat teologies totaal onverwoordbaar was (Viljoen 1994:453, Nel 2001:51-55).

Die AJK (Algemene Jeugkommissie) het met die opstel van die nuwe reeks boeke wat in 1986-1988 verskyn het, besluit dat die nuwe kategesemateriaal ook voorsiening moes maak vir die affektiewe belewing en uitlewing van die teologiese inhoude (vergelyk Jeugbedieningshandleiding no.6 1990:10-11). Die Kerkjeugaksies sou in die toekoms steeds konsentreer op die praktiese uitlewing van Bybelse beginsels, maar dit sou addisioneel tot die kategese geskied.

### 2.2.12. 'n Proses van lewenslange leer

Die kerk het wel besef dat die onderrig-proses waarin mense se geloof gevorm word, eintlik 'n lewenslange proses is wat moet voortduur. Dit het gelei tot die ontwikkeling van 'n program vir voortgaande toerusting van lidmate na belydenis van geloof afgelê is. Dit het nie bekend gestaan as

volwasse kategese, of kategese na belydenisaflegging nie, aangesien kategese i.v.m. die toerusting van kinders en jongmense beskou is (Viljoen 1994:438).

Dingemans (Viljoen 1994:438) sluit hierby aan wanneer hy hierdie voortgesette toerusting van lidmate beskryf as “education permanente” – toerusting wat lewenslank voortduur.

Schippers (in Viljoen 1994:438) som dit goed op met die volgende woorde: “ Maar in de catechese gaat het eigenlijk om leren, leren, leren, als Christen een leerhouding aan te nemen waarin de verbondenheid aan Jezus Christus in een levenslang proces wordt verdiept.”

Die belydenisaflegging is wel gesien as die afsluiting van ‘n bepaalde fase van die kategese (Viljoen 1994:439), maar die geloofsonderrig moes voortgaan. Volgens die skrywer, is dit deel van die oorsaak van een van die grootste probleme waarmee die Ned. Geref. Kerk tans mee worstel – dat daar by soveel mense die persepsie ontstaan het dat belydenisaflegging slegs die einde van ‘n proses is. Vir baie mense, die einde van enige vorm van geloofsonderrig en vir nog meer, die einde van hul verbintenis met die kerk.

Die AJK het wel reeds gedurende 1970 met inisiatief gekom om te verseker dat die onderrig van die kerk se lidmate nie by belydenisafleging ophou nie, maar dat die leer, onderrig en opbou van lidmate, ‘n lewenslange proses sal bly (Handelinge van Algemene Sinode 1974:379).

By die sinode van 1971 is ‘n memorandum, met die volgende implikasies vir die kategese leerstof, aan die sinode voorgehou:

- Die studie-kommissie van die AJK (Algemene Jeugkommissie) en die AKAE (Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie) het erken dat die amptelike, formele onderrig van die kerk eindig wanneer die jongmense belydenis van geloof afgelê het en die kind gelei is van ‘n dooplidmaat na ‘n belydende lidmaat wat op verantwoordelike wyse die Nagmaal kon gebruik.

- Daar is egter ook gesê dat, alhoewel dit ‘n afsluiting van ‘n bepaalde proses was, dit glad nie die einde moes beteken nie. Dit moes juis die begin wees van ‘n lewe as lewende, verantwoordelike, dienende lidmate. Die kerk se onderrig- en leerproses hou dus nooit op nie, maar duur lewenslank voort.
- Om voorsiening te maak vir ‘n voortgesette kategese, is daar ‘n goed beplande program uitgewerk wat die “lidmaattoerustingsprogram” genoem is. Die benaming, “kategese”, of “voortgesette kategese” is doelbewus nie gebruik nie, aangesien die naam, kategese, die tegniese term was vir die kerk se geloofsonderrig wat vir kinders strek vanaf doop tot belydenisaflegging en vir volwassenes, vanaf bekering via belydenisaflegging tot Doop.
- Daar is steeds ‘n deel van die program gewy aan die leerstellings van die kerk, sodat dit nie verlore sou gaan nie en sou groei by die lidmate.
- Die kurrikulum aan kinders kon nou ligter gemaak word, aangesien “kategese” nou sou voortgaan na belydenisaflegging.
- Hierdie program kon nou op ‘n gesistematiseerde wyse voortbou op die materiaal wat tydens die kategese van die kind aangebied is (Viljoen 1994:227-228).

Die navorser sluit aan by Viljoen (1994:438) wanneer hy skryf dat die kursusmateriaal wat beskikbaar is, nie altyd na wense benut word nie en dat dit nie as ‘n “program” aangebied word nie. Gedurende die laaste tien jaar het daar, na die navorser se wete, nog geen verdere “formele,” voortgesette toerustingsmateriaal verskyn wat as “program” gebruik kan word om die toerusting aan lidmate wat reeds belydenis van geloof afgelê het, voort te sit nie en is daar nie veel sprake van enige voortgaande kategese na belydenisaflegging nie. Verskeie toerustingsprogramme (byvoorbeeld [1]Beleef God, [2]die EE-111 kursus, [3]Getroue Getuies, [4]Die Alpha kursus, en verskeie ander) het wel verskyn en word deur gemeentes gebruik.

[1] Beleef God is ‘n kursus wat deur William T. Blackaby geskryf is en lidmate begelei om God se wil vir hul lewe te ken.

[2] EE-111 is ‘n kursus wat lidmate toerus om Evangeliesasiewerk te doen.

Hierdie is egter losstaande kursusse wat ontwikkel is en gebruik word en nie amptelike materiaal wat ontwikkel is spesifiek vir gebruik in voortgesette toerustingsprogramme vir mense wat reeds belydenis van geloof afgelê het nie.  Heelwat lidmate en Bybelstudiegroepe maak van die kursusse van Bybelkor gebruik, maar daar is steeds nie amptelike materiaal vir onderrig ontwikkel, soos wat in die kategese aan dooplidmate gebruik word nie.

### 2.2.13. Die gebruik van Kindernagmaal

'n Verdere ontwikkeling wat binne die Ned. Geref. Kerk plaasgevind het, is die toelating van kinders tot die Nagmaal.  Tot en met 1998 mag adolessente eers Nagmaal gebruik het na hul belydenis van geloof afgelê het.  Tydens die sitting van die Algemene Sinode in Oktober 1998 neem die sinode egter die volgende besluit rakende kinders aan die Nagmaalstafel:

"Die Algemene Sinode besluit dat

(a) gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,
(b) aan die vereistes van 1 Kor.11 voldoen, en
(c) die begeerte het om Nagmaal te gebruik tot die Nagmaal toegelaat mag word' (Handelinge van die Algemene Sinode 1998:431-432).

Die Algemene Sinode besluit ook dat, ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk, die toelating van kinders tot die Nagmaal op die volgende wyse geskied:

(a) Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is – Die Algemene Sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeente te begelei en toe te rus en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders

---

[3] Getroue getuies is 'n kursus wat lidmate toerus deur middel van luister- en leefstylvaardighede, getuies vir Jesus te wees.
[4] Die Alpha-kursus leer lidmate die basiese waarhede van die Christelike geloof.

tot die gebruik van Nagmaal as ‘n gesinsmaal. Hierdie leiding moet op ‘n pastorale wyse met groot liefde en toewyding gedoen word.

(b) Dit bly ouers se verantwoordelikhied om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die Nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei.

(c) Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifieke reëlings te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind (Handelinge van die Algemene Sinode 1998:432).

Hierdie besluit het, volgens die navorser, daartoe gelei dat die hele proses van geloofsvorming, wat tradisioneel uitloop op belydenisaflegging, onder die soeklig kom. Indien gelowige kinders nou mag Nagmaal gebruik, om watter teologiese redes kan hulle verhoed word om reeds op, byvoorbeeld, tienjarige ouderdom, belydenis van geloof af te lê indien hulle werklik ‘n verhouding met die Here het en dit graag voor die gemeente wil bely? En, indien hulle dan reeds vroeër belydenis van geloof kan aflê, tot wanneer duur kategese dan voort, of kan dit dan die potensiaal kry om werklik ‘n lewenslange proses in die kerk te word? Hierdie is alles vrae waaraan die kerk, volgens die navorser, binne die volgende paar jaar dringend sal moet aandag skenk.

Dit blyk uit die bogaande duidelik dat daar deur die eeue heen baie groei en verandering was in die doelstellings van die kategese. Viljoen (1994:59-60) gee die volgende kort samevating daarvan:

| **TYDPERK** | **SAMEVATTING VAN DOEL** |
| --- | --- |
| * Ou Testamentiese tyd | Kennis van die wet en lewe daarvolgens. |
| * Nuwe Testamentiese tyd | Slegs ‘n kernbelydenis van geloof |
| sodat | |
| | daarna gedoop kon word. |
| * Kategumenaat | Voorbereidende onderrig met die oog |
| op | |
| | inskakeling by die gemeente en |
| sinvolle | |

| | |
|---|---|
| | gebruik van die Nagmaal. |
| * Middeleeue | Biegonderrig en onderwerping aan die gesag van die kerk. |
| * Voor-reformasie | Klem op bekering en wedergeboorte. |
| * Reformasie | Sinvolle deelname aan die kerklike lewe as mondige lidmate wat die Heilige Skrif ken en hul geloof kan bely, tot opbou van die gemeente. |
| * Vanaf volksplanting | "Aanneming" met die oog op kerklidmaatskap en nagmaalgebruik. |
| * Selfstandige ontwikkeling | Katkisasie: Om onmondige dooplidmate te bring tot aflegging van geloofsbelydenis d.m.v. onderrig in geloofskennis en bevestiging daarvan.<br>Sondagskool: Om God te ken en te eer deur:<br>* waaragtige kennis van God,<br>* waaragtige geloof,<br>* waaragtige bekering en<br>* waaragtige dankbaarheid. |

Die doel van kategese gedurende die vyftigerjare was sterk verbind aan die kerklidmaatskap en toegang tot die gebruik van Nagmaal. De Villiers (1957: 344-247) gee 'n samevatting van die doel van kategese: "… die wese van kategese is die onderrig van die Kerk deur sy ampsdraers aan gedoopte, onmondige lidmate… om hulle voor te berei en toe te laat tot die aflegging van hulle openbare geloofsbelydenis en so toelating tot die Nagmaal te verkry."

Gedurende die jare sestig word dit duidelik dat die doel van die Sondagskool begin skuif tot meer as die aanvaarding van kerklidmaatskap en verkryging van toegang tot die Nagmaal. Na die sinode van 1998 se besluit om gelowige kinders toe te laat tot die Nagmaal, word die Ned. Geref. Kerk, volgens die navorser, weereens gedwing om nuut te gaan besin oor die doel van kategese.

### 2.3. Geïsoleerde onderrig aan kinders en adolessente – 'n groot dilemma

Sedert die vroeë sewentigerjare, met die ontstaan van al die Kerkjeugaksies, het daar reeds 'n sekere mate van kompartementalisasie in die kerk se betrokkenheid met kinders en adolessente ontstaan, toe die kategese beskou is as die formele onderrig van die kerk en die Kerkjeugaksies as "inoefenplek" van dit wat in die kategese geleer is (Viljoen 1994:315-316). Die Sondagskool en die meer informele "jeugwerk" het as losstaande deel van die kerk plaasgevind en ontwikkel. Dit blyk egter ook duidelik uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die Sondagskool, asook die meer informele "jeugwerk", dat hierdie bediening al meer in kompartemente plaasgevind het, as losstaande deel van die res van die gemeente se bediening (de Villiers 1957:200-298). Die verhouding tussen die bediening aan kinders en adolessente deur die sogenaamde "Sondagskool" en die bediening aan kinders en adolessente deur die "jeugwerk" in jeugverenigings in die Ned. Geref. Kerk het, volgens die navorser, al nader aan mekaar beweeg. Hierdie kompartementalisasie het sedert die tagtiger jare met die ontwikkeling van kinder- en jeugbedienings in gemeentes, asook die groei in para-kerklike organisasies, net al hoe groter geword.

Die ontwikkeling van die kategese kan, volgens die navorser, nie beskryf word sonder die ontwikkeling van die Kerkjeugaksies nie. Die aanvanklike doel van die kerkjeugaksies was, soos vroeër reeds genoem, om as praktiese inoefenplek te dien vir dit wat tydens die meer formele onderrig in die kategese geleer is. Die kategese en die Kerkjeugaksies het dus van die begin af in 'n nou verband tot mekaar gestaan. Volgens Viljoen (1994:454) is daar wel besef dat net 'n klein persentasie van die kinders wat die kategese bywoon, ook die kerkjeugaksies bywoon. Die AJK het dus met die opstel van 'n nuwe reeks boeke, "Leer en Lewe uit die Woord, ook voorsiening gemaak vir 'n meer affektiewe belewing en uitlewing van dit wat in die kategese geleer word. Die proses van kompartementalisasie is, volgens die navorser, versterk deur die ontwikkeling en uitbouing van die verskillende Kerkjeugaksies gedurende die tagtiger- en neëntigerjare. Die verskillende ouderdomsgroepe is nie net al meer gespesialiseerd in die kategese bedien nie, maar saam met die ontwikkeling van die [5]JKJA, SKJA en BKJA, het daar ook spesiale eredienste ontstaan vir verskillende ouderdomsgroepe: deur die kleuterkerk, kinderkerk, asook jeugdienste, is die kinders uit die gewone eredienste weggeneem om op hul eie, meer gespesialiseerd, bedien te word. Daar word wel heeltyd in die handleiding vir die SKJA van 1981 (Viljoen 1994:455) klem gelê op die feit dat daar integrasie moet wees tussen die kategese en die Kerkjeugaksies, maar nêrens lyk dit of daar aanvanklik enige bekommernis was dat daar, veral by die Jeugaksies, maar saam met die ontwikkeling, ook by die kategese, min of geen betrokkenheid van volwassenes en integrasie met die res van die gemeentebediening was nie.

Nel (2001:57) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat kerke veral gedurende die tweede helfte van die eeu intens oor die jeugbediening begin besin het. Kerke het saam met para-kerklike organisasies soos die [6]Afrikaanse Christen Studentevereniging (ACSV, wie se naam sedertdien verander het na die Verenigde Christen studentevereniging, om meer inklusief van aard te wees

[5] JKJA – junior-kerk-jeugaksie vir laerskoolkinders; SKJA – senior-kerk-jeugaksie vir hoërskoolkinders en BKJA – belydende-kerk-jeugaksie vir jongmense wat reeds belydenis van geloof afgelê het.

[6] ACSV, Scripture Unione en Jeug vir christus, is organisasies wat veral in skole werk en hoofsaaklik bestaan uit jongmense wat ander jongmense bedien met die Evangelie.

ten opsigte van ander kulture en tale), Jeug vir Christus, asook Scripture Union, sterk jeug- en kinderorganisasies ontwikkel, waar kinders en adolessente op gespesialiseerde wyses bedien is. Kinderaksies, jeugaksies, asook kinderkerk en jeugdienste, het ontwikkel, wat uiteindelik gelei het tot kinder- en jeugbedienings wat totaal geïsoleerd van die gemeente en families plaasgevind het. Dit is belangrik dat die tendense in die totale kinder- en jeugbediening genoem word, aangesien al die verskillende elemente mekaar beïnvloed het.

Waar die taak van kinders se geloofsonderrig tot en met die ontstaan van die eerste Sondagskool gedurende 1841 grootliks deur die ouers geskied het (Viljoen 1994:20) en kinders meestal saam met die volwassenes bedien is, vind daar met die ontstaan van die Sondagskool en die daaropvolgende ontwikkeling van jeugverenigings en jeugaksies ‘n totale klemverskuiwing plaas.

Hierdie isolering en kompartementalisasie was egter nie net beperk tot die kerk nie. In ‘n sekere sin het dit wat in die kerk plaasgevind het, aansluiting gevind by dit wat al hoe meer in die samelewing plaasgevind het – die isolering van kinders uit die leefwêreld van volwassenes. Aangesien die verskillende sisteme tog op mekaar inwerk, is dit ook nodig om ondersoek in te stel van dit wat al meer besig was om in die samelewing, waarin die kerk funksioneer, te gebeur.

Die kerk se spesifieke bemoeienis met kinders en adolessente het eintlik eers sy ontstaan gehad na die industriële revolusie in die negentiende eeu. Voor daardie tyd was die gemeente ‘n familie-organisasie met baie min aktiwiteite vir spesifieke ouderdomsgroepe. Terblanche (Nel 2001:51) skryf dat daar vir ten minste die eerste twee eeue na “volksplanting” glad nie eintlik sprake was van enige vorm van “jeugsorg” in die kerk nie. Die ontwikkeling van kategese vanaf die vroeë Christelike kerk en verder, het as volg plaasgevind:

Volgens De Vries (1994:36-44) het daar isolering van kinders en adolessente uit die lewens van volwassenes plaasgevind as gevolg van ‘n verskeidenheid

faktore, waaronder die volgende: (a) die beroepskeuses van pa's wat hulle vir lang ure van die huis af wegneem, (b) al hoe meer werkende ma's, (c) 'n kritieke toename in egskeidings, (d) 'n vinnige toename in enkelouer-families, (e) 'n stadige afname in die betrokkenheid van die uitgebreide familie, (f) die verandering in die fisiese omgewing van die huis, asook (g) die "vervanging" van die rol en plek van die ouers deur die vriendekring. In woonbuurte, skole, sosiale aktiwiteite, gesinne en selfs in die kerk, kry kinders en jongmense al minder die geleentheid om tyd met volwassenes te spandeer.

In die kerk, waar daar veronderstel is om juis op spontane wyse as die familie van Christus te funksioneer, het ons weereens, deur al die kompartementalisasie, dit reggekry om kinders en adolessente uit die lewens van volwassenes te isoleer. De Vries (1994:41) skryf dat dit daartoe gelei het dat kinders en adolessente aan die aksies van die gemeente verbind, sonder om hulle regtig aan die gemeente te verbind. Aangesien kinders en adolessente geïsoleerd van die gemeente bedien word, eindig hul verbinding met die gemeente dikwels aan die einde van hul skoolloopbaan, wanneer hulle "gradueer" uit die jeugaksies.

### 2.4. Die grondbeginsels van kategese

In die Jeugbedieningshandleiding no.6 (1990:4-7) word die proses waardeur geloof oorgedra word, as "sosialisering" beskryf. Dit is wel die Heilige Gees wat geloof in die kind bewerk, maar dit geskied binne 'n bepaalde konteks. Uit die Skrif blyk dit dat die konteks waarbinne geloof geleer word, die geloofsgemeenskap is. Geloof is wel 'n persoonlike saak, maar dit groei binne 'n gemeenskap.

Prins (1990:74-76) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat kategese daarom nooit as geïsoleerde onderrigsaktiwiteit kan funksioneer nie. Kategese is slegs 'n fasset van die groter geheel van geloofsonderrig. Hy beskryf twee geloofsgemeenskappe wat 'n uiters belangrike rol speel in geloofsvorming.

**(a) Die ouerhuis**

Die geloofsonderrig moet eerstens in die huisgesin plaasvind deur ouers wat kragtens hul kind/ers se doop, ‘n verbondsverpligting en –voorreg het om hul kind/ers in die weg van die Here groot te maak. Voordat die kind nog kan verstaan en enige formele onderrig kan plaasvind, ervaar die kind die realiteit van ‘n lewe van geloof in Jesus Christus deur die lewe van sy/haar ouers. In Deut. 6:7 lees ons iets van die wyse waarop hierdie “voorleef” geskied. “Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.” In ‘n sekere sin word die kind die nabootser van sy ouers se voorbeeld. Soos hy groter word en self meer verstaan, leef hy al meer bewustelik as volgeling van Jesus.

Hierdie navolging/modellering geskied egter nie vanselfsprekend nie, maar geskied binne die konteks van ‘n goeie ouer-kind-verhouding. Richards (Prins 1990:75) noem ‘n paar belangrike vereistes vir hierdie verhouding om as ruimte te dien waar modellering kan plaasvind:

- Daar moet langtermyn kontak met die model wees.
- Daar moet ‘n verhouding van emosionele warmte wees.
- Die model moet sy eie belewing kan deel.
- Sy optrede moet in ‘n verskeidenheid situasies waargeneem kan word.
- Die model moet ‘n konsekwentheid in sy gedrag en waardes openbaar.
- Die model moet sy lewenstyl kan verduidelik en in aansluiting daarby die nodige voorligting gee.

Richards sê dan verder: ”…The underlying assumption seems to be that as life is lived together, godly parents will explain their actions by pointing out the words of God that are guiding their responses.”

Die waarde en invloed van ouers wat ‘n lewende verhouding met Jesus Christus het en dit elke dag waarleef, word bevestig deur navorsing wat deur Search Institute gedoen is. In die boek, Passing on Faith (Strommen &

Hardel 2000:98-99), word die navorsingsresultate beskryf van ‘n ondersoek wat gedoen is onder volwassenes.  Daar is ‘n vergelyking getref tussen adolessente wie se ouers hul geloof uitgeleef het teenoor hulle toe hulle kinders was, teenoor adolessente wie se ouers nie hulle geloof teenoor hulle uitgeleef het toe hulle nog kinders was nie.  Die adolessente wie se ouers wel hulle geloof aktief uitgeleef het, het ‘n baie hoër persentasie van tien karaktereienskappe wat by toegewyde jongmense voorkom, gehad as kinders wie se ouers nie hul geloof aktief teenoor hulle uitgeleef het nie.  Alhoewel hierdie navorsing in Amerika gedoen is, is die navorser tog van mening dat die inligting ook in Suid-Afrika van betekenis kan wees.

Search Institute[7] het ook met navorsing hierdie tien karaktereienskappe van toegewyde Christenjongmense vasgestel..  Die navorsingsresultate op die onderstaande skema toon dan hier ‘n vergelyking tussen die % van adolessente wat hierdie tien karaktertrekke openbaar in verhouding tot ouers wat wel ‘n lewende geloof gehad het en ouers by wie daar nie ‘n lewende geloof sigbaar was nie.

‘n Vergelyking gebasseer op die tien karaktereienskappe van toegewyde jongmense:

| **Tipe vrae** | **Jongmense wie se ouers nie hul geloof uitgeleef het nie** | **Jongmense wie se ouers wel hul geloof uitgeleef het** |
|---|---|---|
| Vertroue in ‘n persoonlike Christus | 13% | 50% |

[7] Search Institute is ‘n onafhanklike agentskap wat deur navorsing kennis versamel het oor kerkjeug deur nasionale studies en navorsing waarby jeug, gemeentes, kolleges, universitiete, skole en jeug-organisasies betrek is.  Aangesien Search Institute ‘n onafhanklike organisasie is, is hulle vry om te fokus op sake rakende geloof en waardes.

| | | |
|---|---|---|
| Verstaan en leef uit Genade | 15% | 24% |
| Het gereelde gemeenskap met God | 15% | 42% |
| Demonstreer morele verantwoordelikheid | 8% | 26% |
| Aanvaar verantwoordelikheid in ‘n gemeente | 35% | 78% |
| Aanvaar outoriteit en is ‘n verantwoordelike persoon | 12% | 44% |
| Het ‘n hoopvolle en positiewe houding | 26% | 54% |
| Neem deel aan sending en diens | 34% | 72% |
| **Gemiddelde persentasie** | **22%** | **53%** |

Die gemiddelde persentasie-verskil is dalk nie so groot nie, maar wat wel opval, is die verskil in persentasie ten opsigte van ‘n persoonlike verhouding met Christus, om verantwoordelikeid in ‘n gemeente te aanvaar en betrokkenheid by sending en diens. Die belangrikste is tog dat adolessente ‘n persoonlike verhouding met Jesus sal hê wat gestalte kry in deelwees in ‘n gemeente, asook die uitlewing van hul geloof deur sending en diens.

Bostaande navorsing bevestig, volgens die navorser, die waarde wat gelowige ouers het in hul kinders se geloofsvorming. Dit gee die kerk net rede om nog meer besorg te wees, aangesien daar besef word dat kinders meer en meer, soos reeds vroeër beskryf, as gevolg van ‘n verskeidenheid redes, minder tyd saam met hul ouers spandeer. In al hoe minder huise, ook in Suid-Afrika, sien kinders hul ouers as rolmodelle van hoe dit lyk om ‘n lewende verhouding met Jesus Christus te hê. In gesprekke met adolessente in die gemeente waar die navorser ‘n jeugwerker is, blyk dit ook duidelik dat daar min sprake is van ouers wat nog

saam met hul kinders tyd spandeer aan aktiwiteite (byvoorbeeld bid, Bybellees, dienslewering, erediensbywoning, ensovoorts) wat kan bydrae tot kinders se geloofsvorming.

Indien die Bybel leer dat die belangrikste plek waar geloofsvorming moet plaasvind, die ouerhuis is en navorsing besig is om uit te wys dat juis die teendeel plaasvind, moet daar nie vir die kerk rooi ligte begin flikker nie? Is daar nog hoop, indien geloofsvorming dan al minder in ouerhuise plaasvind? Dit bring die navorser by ‘n volgende punt.

**(b) Die gemeente as geloofsgemeenskap**

Alhoewel die huisgesin veronderstel is om die primêre ruimte te wees waar geloofsvorming plaasvind, is die kind ook reeds van kleins af deel van die groter geloofsgemeenskap van die gemeente. Volgens Prins (1990:76) speel die gemeente ook ‘n al groter rol in die kind se lewe soos die kind groter word. Dit is belangrik dat die kind sy/haar identiteit en rol vind as deel van die liggaam van Christus. Dit is binne die geloofsgemeenskap van die gesin en die gemeente waar ‘n groot deel van die kind se geloofsvorming plaasvind. Prins (1990:76) beskryf hierdie proses van ingroei in die lewenstyl en waardes van die gemeenskap, as sosialisering.

Dit is binne hierdie geloofsgemeenskap van die gesin waar die kind, deur die proses van tussen ander gelowiges wees wat almal deel is van die familie van Christus, leer en ervaar wat dit beteken om as gelowige te leef. Wanneer die kategese die enigste plek word waar geloofsvorming plaasvind, word dit skeefgetrek. Die kind het nodig om ook in die teenwoordigheid van ander lede van die familie van Christus, mense van verskillende ouderdomme en generasies, te leer hoe om as kind van die Here te leef. Geloofsvorming kan nooit plaasvind sonder ‘n aktiewe band en wisselwerking met die familie, maar ook met die breër geloofsfamilie van die gemeente nie (Prins 1990:78-79).

Die navorser stem saam met Prins (1990:78) dat hierdie breër konteks van die huisgesin en gemeente, waarbinne geloof “geleer” word, grootliks ontbreek in die meeste kinders se lewens. Daar is reeds verwys na navorsing wat vertel dat die begeleiding van kinders in die proses van hul geloofsvorming, al minder in ouerhuise plaasvind as gevolg van verskeie

redes, waarvan sommige reeds genoem is. Die ander groot "ruimte" waarbinne geloofsvorming van kinders dus al hoe meer sal moet plaasvind, is die gemeente. Hier sit die kerk dan met nog 'n groot dilemma – min of geen integrasie tussen die kategese en die res van die gemeentelewe nie.

Met die ontwikkeling van die kategese (wat spesiaal gefokus is op kinders), jeugaksies, kleuterkerk, kinder- en jeugdienste, asook ander para-kerklike organisasies, is kinders al meer geïsoleer, nie net uit die lewe van volwassenes nie, maar ook uit die breë gemeenskap van gelowiges (die gemeente), waar kinders kan leer om as deel van die geloofsfamilie, te leef (vergelyk de Vries 1994:116, Prins 1990:78-79).

Die navorser sluit aan by De Vries, met een van sy aanhalings: " Every Christian teenager (or child) needs an extended family of Christian adults – adults who can be part of the "cloud of wittnesses" that cheers him or her on. And the church should be the primary vehicle through which tenagers (and children) are exposed to the adults who make up their extended family in Christ (de Vries 1994:79)."

### 2.5. Wat sê die Kerkorde?

Dit is tog ook belangrik om te kyk wat die Kerkorde sê in verband met die rol van die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van die geloofsvorming van dié kerk se kinders en adolessente. Die volgende is 'n aanhaling uit Kerkorde Artikel 50, wat handel oor die Jeugbediening in die Ned. Geref. Kerk:

50.1. Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

50.2. Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is 'n integrale deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3. Die kinders van die gemeente, as dooplidmate, asook alle buitekerklikes wat tot die gemeenskap van die kerk wil toetree, word deur middel van die kategese onderrig in die Woord van God en die leer van die kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van die volle lidmate van die kerk (Kerkorde 2002).

In die Jeugbedieningshandleiding no 1 (1989:4-34) word daar meer uitgebrei op die uitgangspunte van hierdie artikel. Aangesien dit die wese raak van hoe die jeugbediening in die Ned. Geref. Kerk gesien en gerig word en dit, volgens die navorser, net nog bydrae tot die geïsoleerde siening en bediening van kinders en adolessente in die kerk, wil die navorser graag krities by van hierdie punte stilstaan.

Art. 50:1 " Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die kerk…"

"Uit God se verbondenheid met hierdie kerk, word hulle as deel van hierdie verbondsgemeenskap gesien. " Hulle is in hierdie gemeenskap ingelyf in God se verbondsbeloftes en in sy verbondsgemeente Kinders word nie eers later deel van hierdie gemeente nie. Hulle is nou reeds deur God deel van hierdie gemeente.

Hulle word egter eers later, langs die weg van die kategese en belydenisafleging, belydende lidmate van die kerk – mense wat self verantwoordelikhied aanvaar vir die feit dat hulle God ken, liefhet en dien. Die verbondskind en –adolessent word dan "mondig." Die navorser haal 'n verdere stuk aan: " Dooplidmaatskap beteken … dat hierdie kind nog op pad is vanaf die Doop na die Nagmaal (dit het sedertdien verander!), dat hy nog dinge moet leer wat hy nie weet nie, dat hy in verskeie opsigte nog nie "volwasse" is nie en dus ook nog nie die volle verantwoordelikheid van lidmaatskap kan aanvaar nie. … Deur hulle belydenis word hulle belydende lidmate wat die leer van die kerk ken en die dinge waarop dit aankom, kan onderskei."

Dit is die status van dooplidmate in ons kerk. Die navorser kan haar glad nie vereenselwig met hierdie bostaande beskouing van die kind en adolessent in die kerk nie. Die hele standpunt lyk na een groot teenstrydigheid. Hoe kan die kerk aan die eenkant sê dat kinders heeltemal as deel van die geloofsgemeenskap gesien word, op grond van God se verbondenheid met hulle en dus, ook ons verbondenheid met mekaar, maar net verder staan die teenstrydigheid uit – hulle moet nog eers meer kennis opdoen sodat hulle meer volwasse kan wees om hul verantwoordelikhede as belydende lidmate te kan aanvaar.

Die navorser wil graag eerder die vraag vra: is ons status nie almal dieselfde voor God nie – verlosste sondaars – nie op grond van al ons kennis en volwassenheid nie, maar op grond van dit wat Hy reeds klaar vir ons gedoen het? Is die proses van groei na volwassenheid nie maar 'n lewenslange proses nie? Is daar nie juis met belydenisaflegging aan die einde van kategese juis die persepsie geskep dat jy dan genoeg kennis en volwassenheid het en nie meer verdere geloofsvorming nodig het nie? Kan daar met sekerheid gesê word dat 'n ag-jarige, of 'n vyftien-jarige kind nog nie kan bely dat hy/sy die Here liefhet en sy/haar gawes, soos sy/hy dit op daardie ouderdom verstaan, wil gebruik in die kerk om die Here te dien nie? Groei almal nie maar, ook as volwassenes, nog elke dag in wat verstaan word van wat dit beteken om 'n verhouding met die Here te hê, vir Hom te leef en Hom te dien nie?

In Artikel 50:2 word daar tog, volgens die navorser, 'n baie positiewe stelling gemaak wanneer daar gesê word dat die bediening aan die jeug 'n integrale deel van die omvattende gemeentelike bediening is, asook dat hierdie bediening aan én deur die jeug geskied. Hierdie beginsel beklemtoon tog weer dat kinders en volwassenes gelyke vennote in die saak van God op aarde is. Hulle word nie eers later, (wanneer hulle belydenis van geloof afgelê het), vennote in God se saak nie. Hulle word nou reeds deur God, as deel van sy gemeente en deel van Sy plan, ingeskakel (Jeugbedieningshandleiding nommer 1 1989:7-8).

‘n Verdere deel van Artikel 50:2 lui dat die bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom, deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk…

Met die kompartementalisasie in die bediening aan die jeug, het hierdie bedieningsmodi egter ook, volgens die navorser, al meer gekompartementaliseerd en geïsoleerd geskied.  Die verkondiging het al meer geskied tydens eie jeugaksies vir kinders en adolessente, die prediking geskied al meer deur eietydse eredienste spesifiek gemik op spesifieke ouderdomsgroepe, byvoorbeeld kinderkerk vir die kinders, kleuterkerk vir die kleuters, eredienste vir die naskoolse mense, ensovoorts.  Die toerusting geskied tydens die kategese, waar kinders en jongmense weer in isolasie van die volwassenes en die res van die gemeente “geleer” word, herderlike sorg geskied meestal deur die predikant of jeugwerker, terwyl dienswerk plaasvind deurdat kinders en adolessente hul eie uitreike en diensaksies organiseer.

Hiermee word nie gesê dat daar in die kerk geen ruimte moet wees vir ‘n meer toegespitste bediening aan kinders en adolessente nie.  Tog, wanneer daar gesê word dat die kinders en jongmense deel is van die “omvattende gemeentelike bediening”, kan die fokus en grootste deel van die bediening tog nie in isolasie van die res van die gemeente plaasvind nie.  Wanneer hierdie artikel van die kerkorde juis bevestig dat kinders en adolessente volwaardig deel van die verbondsgemeenskap van God is, deel van die groter geloofsfamilie, hoe kan die grootste fokus van die bediening aan en deur kinders en adolessente dan in sulke kompartemente, los van die res van die gemeentebediening plaasvind?

Opsommend kan daar gesê word, dat dit, uit die ontstaan en ontwikkeling van kategese en geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk, tog wil voorkom of geloofsvorming aanvanklik bedoel was om ‘n deurlopende proses te wees wat kinders en adolessente, sowel as volwassenes moes insluit – en dat dit bedoel was om ‘n lewenslange proses te wees.

In die volgende hoofstuk gaan daar vervolgens meer ondersoek ingestel word na hoe geloofsvorming in ‘n familie-konteks daar kan uitsien.

## Hoofstuk 3: Geloofsvorming binne ‘n gemeente wat familiaal funksioneer.

### 3.1. Inleiding

Die navorser wil begin met ‘n stelling: Geloofsvorming binne die Ned.Geref. Kerk is in ‘n krisis. Op verskeie forums word daar opnuut oor kategese, maar ook die breër proses van geloofsvorming, besin.

Tydens die sinode van 2000 het die kerkleierskap sewe prioriteite vasgestel waarop gefokus moet word om ons roeping in hierdie land en tyd die beste te vervul (Agenda vir die twaalfde sitting van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk 2004:108). Twee van hierdie prioriteite was “geloofsvorming en fokus op God”, sowel as “deurlopende fokus op toerusting van lidmate, gemeenteleiers en families.” Ook is die kategese en die gesin van die belangrike sake wat deur die Algemene Jeugkommissie geïdentifiseer is

waaraan dringend aandag gegee moet word (Agenda vir die twaalfde sitting van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 2004:117). Tydens onlangse ringsbyeenkomste in die Wes-Kaap (Oktober 2004), was die kategese een van die grootste bronne van kommer by volwassenes wat betrokke is by jeugbediening binne gemeentes.

Dit is egter nie net in Suid-Afrika waar die hele saak van geloofsvorming onder die soeklig is nie. Ook in die Verenigde State van Amerika (VSA) is daar al heelwat navorsing gedoen oor hierdie onderwerp en is belangrike vrae gevra waarby die navorser aan die begin van haar navorsing wil aansluit. "Effective Christian Education: A National Study of Protestant Congregations", wat uitgevoer is deur Search Institute, is gedoen onder elfduisend adolessente en volwassenes uit ses denominasies in die Verenigde State van Amerika. Die boek, The Teaching Church, is gebasseer op resultate van dié studie en bevat, volgens die navorser, baie belangrike inligting wat van kardinale belang is vir kerke van vandag wat geloofsvorming as essensiële deel van kerkwees beskou en wat voor nuwe uitdagings in verband met geloofsvorming te staan kom. Donald L. Griggs vra in die voorwoord van die boek, The Teaching Church, saamgestel deur Roehlkepartain (1993:9), 'n paar uiters belangrike voor-vrae wat, volgens die navorser, van kardinale belang is om aan die begin van hierdie navorsing te vra:

- Gaan die kerk net voortgaan met meer van dieselfde, of gaan geloofsvorming binne die kerk weer sy regmatige plek binne die gemeente-bediening inneem?
- Gaan leiers maar net verlief neem dat die bywoning van kategese besig is om drasties te daal, of gaan daar gekyk word na nuwe modelle vir geloofsvorming?
- Gaan kerke maar net tevrede wees met die bietjie tyd, energie en finansies wat mense bereid is om te gee, of gaan kinders, adolessente en volwassenes uitgedaag word tot nuwe vlakke van toewyding?

- Gaan leiers maar net voortgaan om al die nuutste modelle, hulpmiddels en programme na te jaag, of gaan daar opnuut teologies en empiries besin word oor die plek van kategese en geloofsvorming binne die kerk?
- Gaan kerke voortgaan om kategese slegs as ‘n Sondag-program vir kinders te beskou, of sal hulle soek na wyses om jongmense en volwassenes by ‘n lewenslange proses van geloofsgroei te betrek?
- Sal kerkleiers voortgaan om aangetrek te word deur ‘n program wat grootliks gerig is op “vermaak”, of sal hulle hulself opnuut beywer om die Evangelie met integriteit en inhoud oor te dra?
- En seker die belangrikste vraag: sal kategese steeds gesien word as ‘n afsonderlike deel van gemeente-bediening wat hoofsaaklik gefokus is op kinders en oor sy eie begroting, programme en bronne beskik? Of sal dit eerder beskou word as ‘n integrale deel van die totale gemeente-bediening?

Is die bostaande vrae nie absolute kritiese vrae wat ook op die oomblik binne die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika gevra moet word nie? Hoe word geloofsvorming tans binne die Ned. Geref. Kerk verstaan? Wat is tans die plek van geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk? Een van die navorser se grootste bronne van kommer is juis die gevaar dat geloofsvorming ook binne die Ned. Geref. Kerk beperk word tot ‘n geïsoleerde Sondag-program van kategese wat hoofsaaklik gerig is op kinders en adolessente en dat kerke gedurig elke nuwe program op die mark probeer sonder dat daar werklik goed prakties-teologies besin word oor die hele saak van geloofsvorming.

Om nog verder by die bostaande vrae aan te sluit: uit die voorafgaande hoofstuk wil dit tog voorkom of die jeugbediening in die Ned.Geref. Kerk, asook kategese as onderafdeling van jeugbediening, in die meeste gemeentes ontwikkel het as ‘n bediening wat totaal geïsoleerd van die res van die gemeentebediening plaasvind. Dit wil ook voorkom of kategese ontwikkel het as iets wat grootliks vir kinders en adolessente bedoel is en meestal eindig tydens belydenisaflegging. Ook kan daar uit die hoofstuk afgelei word

dat die oorspronlike bedoeling van kategese, soos uit die Skrif, tog meer behels het as net die onderrig in die leer oor God en die kerk.  Dit het gehandel oor die proses van geloofsvorming, waartydens mense (kinders en volwassenes) toegerus moes word om as gelowiges in die wêreld te kan leef en die koninkryk van Jesus Christus kan uitbou (Bijlsma 1962:11).

In die bestek van hierdie hoofstuk wil die navorser poog om die leser te help om 'n blik te kry op die implikasies vir gemeente-wees en gemeente-bediening wanneer kinders en adolessente as volledig deel van die geloofsfamilie beskou word.  Wanneer "familie-wees" 'n perspektief word op die totale gemeente-bediening, wanneer geloofsvorming nie net as iets beskou word wat beperk is tot kinders en slegs tydens kategese plaasvind nie, maar as 'n lewenslange proses vir die totale gemeente (oud, jonk, groot en klein) en wat die potensiaal het om binne elke bediening van die gemeente plaas te vind.

Dit is dus die doel van hierdie verhandeling om nie net ondersoek in te stel na die kategese of jeugbediening binne die Ned. Geref. Kerk nie, maar om ondersoek in te stel na die totale gemeente-wees en gemeente-bediening binne 'n gemeente wat funksioneer vanuit die perspektief van geloofsfamilie, om vas te stel wat die plek en potensiaal van geloofsvorming binne so 'n gemeente is en aanbevelings te maak oor hoe geloofsvorming daar mag uitsien binne 'n gemeente wat vanuit 'n familie-perspektief funksioneer. Daarom dan die volgende doelstellings vir hierdie hoofstuk:

- 'n Omskrywing van die begrip, '*familiale perspektief*.'
- Om ondersoek in te stel na die rol en plek van die kind binne die familie van Christus, volgens die Skrif;
- 'n Omskrywing van die begrip, geloofsvorming;
- Die belangrikheid van 'n Bybels-teologiese gemeentevisie;
- Die plek van geloofsvorming binne 'n gemeente wat familiaal funksioneer;

- Die belangrikheid van ‘n proses van geloofsvorming in ‘n gemeente wat wil groei;
- Die twee belangrikste rolspelers in geloofsvorming binne ‘n gemeente wat familiaal funksioneer;
- Die bespreking van twee modelle van geloofsvorming

### 3.2. ‘n Omskrywing van die begrip, “familiale perspektief”

Voordat daar ondersoek ingestel kan word na hoe ‘n gemeente lyk waar geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief plaasvind, is dit belangrik om eers die begrip, familiale perspektief, te definieer en breër te omskryf.

Met die begrip, “familiale perspektief”, word meer verstaan as slegs bediening aan families. Volgens Chap Clark, skrywer van die boek, Youth Worker’s guide to Family Ministry (1997:14-19), bestaan daar tans drie definisies van die begrip, familie-bediening:
Eerstens, is daar die terapeutiese perspektief waar gemeentes spesifieke terapeutiese programme het om families te ondersteun en te help, byvoorbeeld ‘n beradingspan, ‘n krisis-sentrum, of ‘n mediese kliniek waar families met krisisse gehelp kan word.

Tweedens, is daar die kern-gesin perspektief. Die basiese funksie hier is om individuele families in die kerk toe te rus en te ondersteun.

Derdens, is daar die gemeente-as-familie-perspektief. Hier word familie-bediening in ‘n baie breër perspektief gesien. Die gemeente word gesien as ‘n hegte geloofsgemeenskap en gesinne word aangemoedig om deel van hierdie gemeenskap te wees en hulleself nie te isoleer nie. Dit handel dus meer oor ‘n bepaalde persprektief op gemeente-wees, as ‘n fokus op spesifieke programme wat op families gerig is.

Diana Garland (1995:5-21), skrywer van ‘n baie omvattende boek oor familie-bediening, beskryf familie-bediening as volg: ”Family ministry is not a ‘new’

ministry, something ‘extra’ for the church which can afford it, the last program to be added when the worship and Bible study and music program are in place… The challenge for congregations, therefore, is to adopt family ministry as a perspective from which to view the entire life and activity of the congregation, not just that programs that carry content readily identifiable as ‘family.’”

Die navorser sluit by Garland aan en verstaan die begrip, familiale perspektief, tweeledig. Aangesien hierdie navorsing hoofsaaklik gerig is op die gemeente, beskou die navorser die begrip eerstens as ‘n perspektief op gemeente-wees - die gemeente as familie van Christus. Tweedens, bestaan hierdie gemeente egter ook uit ‘n verskeidenheid van families wat saam deel uitmaak van die familie van Christus. Die fokus is egter, die gemeente as familie.

Aangesien dit die fokus van hierdie navorsing is om uit die hoek van *die jeugbediening* ondersoek in te stel na geloofsvorming vanuit ‘n *familiale perspektief,* is dit, volgens die navorser, belangrik om die vraag te vra: Waar pas *kinders en adolessente* in, binne die gemeente as geloofsfamilie?

Uit die voorafgaande hoofstuk het dit duidelik geword dat kinders en adolessente in die geskiedenis van die kerk uitgerangeer is, afsonderlik van die kerk bedien is en meestal gesien is as die objek van die kerk se bediening. Binne ‘n proses van voortdurende prakties-teologiese denke, bly dit egter belangrik om voortdurend terug te gaan na die Skrif, om te besin of die kerk haar nog laat lei deur die waardes en beginsels in die Skrif.

Vervolgens gaan daar dus ondersoek ingestel word na die plek en rol van die kind in die Bybel.

### 3.3. Die plek en rol van die kind in die Bybelse tyd

Die rol en plek van die kind in die Grieks-Romeinse tyd, sowel as die rol en plek van die kind in die Evangelies en Sendbriewe, sal bespreek word.

### 3.3.1. Kinders in die Grieks-Romeinse tyd

Daar was eintlik twee baie kontrasterende beskouings rondom kinders in die Grieks-Romeinse tyd. Aan die een kant, blyk dit duidelik uit antieke briewe en inskripsies op grafte, dat ouers lief was vir hul kinders en vreugde in hulle gevind het. Hulle het kinders as waardevol en noodsaaklik beskou vir ekonomiese oorlewing, en as erfgename deur wie hulle kon "voortleef" na hul dood. Aan die anderkant, is kinders baie negatief, as 'n staat van onvolwassenheid beskou waaruit hulle moes groei. Kinders is as, nog nie volledig mens, beskou, asook as onderontwikkeld en broos. Kinders het baie min waarde in die samelewing gehad, wat duidelik blyk uit gruwelike praktyke wat teenoor kinders gepleeg is. Kinders het geen regte van hul eie gehad nie en was onderworpe aan hul vaders wat totale gesag en beheer oor hulle gehad het. Vaders kon self besluit of 'n pasgebore babatjie kon lewe of moes sterf. Die kinderjare is slegs as 'n oefenskool vir volwassenheid beskou en nie as 'n waardevolle lewensfase opsigself nie (Bunge 2001:36).

Binne die Ou-Testamentiese Joodse konteks het kinders egter 'n baie positiewe en waardevolle plek beklee. Dat ouers regtig lief was vir hul kinders en vreugde gevind het in hulle, blyk duidelik uit baie van die verhale van Israel uit die Ou Testament. Daar word egter nooit geromantiseer oor kinders nie – hulle is as onkundig en vol nukke beskou en is streng gedissiplineer (Bunge 2001:36).

### 3.3.2. Kinders in die Evangelies

Gundry-Volf (Bunge 2001:36-37) skryf dat daar in die Evangelies vyf sake uitstaan oor die belangrikheid van kinders wanneer gekyk word na Jesus se lewe en lering:

Eerstens, maak Hy van hulle voorbeelde van toegang tot die heerskappy van God. In, onder andere, Mark. 10:13-16, seën die Here kinders wat hulle na Hom toe bring en leer Hy die mense dat die Koninkryk van God aan mense soos die kinders behoort. Tweedens, maak Hy kinders rolmodelle vir volwassenes van toegang tot die koninkryk van God (Mark.10:15). Derdens, leer hy die mense dat hulle nederig moet word soos die kinders, bedoelende, afhanklik, met niks om te beïndruk nie en totaal aangewese op God se guns (Matt. 18:1-5). Vierdens, leer Hy, volgens Mat. 9:33-34, dat wie ookal 'n kind in hul midde verwelkom, (in daardie konteks het 'verwelkom' beteken, om te dien), Hom verwelkom. Dit beteken dus, om belangrik te wees in God se koninkryk, moes hulle kinders liefhê en dien – iets totaal vreemd vir volwassenes van daardie tyd! Laastens, leer Hy hulle in Mat. 21:14-16 dat kinders juis diegene is wat ware insig oor God openbaar, in kontras met die Skrifgeleerders en priesters wat Hom nie herken nie en beswaar maak teen die kinders se "verkondiging."

Wanneer daar na, veral die Nuwe Testamentiese geskrifte gekyk word, staan die radikaliteit van Jesus se uitsprake ten opsigte van kinders uit. Kinders word nie net as onderdaniges gesien nie, maar as mede-gelowiges saam met volwassenes. Kinders moet nie slegs gevorm word nie, maar moet ook as voorbeeld nagevolg word. Hulle word as mense gesien met 'n kapasiteit vir geestelike wysheid – hulle is verteenwoordigers van Christus. Jesus het nie net geleer hoe 'n wêreld meer kindervriendelik ingerig kan word nie; Hy het 'n sosiale konteks verkondig wat gedeeltelik deur en rondom kinders georganiseer word. Hy het nie die kinders uitgenooi om na Hom toe te kom, net sodat Hy hulle by die volwasse lewe kan inlyf nie, maar sodat hulle kan ontvang wat aan hulle behoort – die koninkryk van God (Bunge 2001:60).

### 3.3.3. Kinders in die Sendbriewe

In Kol. 3:20-21, asook in Ef.6:1-4 spel Paulus die pligte en verantwoordelikhede van kinders teenoor ouers en van ouers teenoor kinders, duidelik uit. Van kinders word gevra om gehoorsaam te wees aan hul ouers en hulle te eer. (Dis in lyn met die kulturele agtergrond van die tyd). Van

ouers word eerstens gevra om nie hul kinders moedeloos en opstandig te maak nie, maar hulle groot te maak volgens die voorskrifte van die Here.

### 3.3.4. Die plek van kinders in God se kommunikatiewe handelinge met mense deur die eeue

Nel (2001:10-13) sluit aan by Bunge (2001:36-37, 60) in sy beklemtoning van die belangrikheid van kinders en adolessente in die Skrif deurdat hulle op verskeie wyses deel gemaak word van God se kommunikatiewe handelinge met mense:

- Uit die Skrif blyk dit duidelik dat God reeds van die begin betrokke is by kinders en by die gee van kinders aan hul ouers (Ps. 139:14-16). Kinders is nooit ‘n onverwagte verrassing vir God nie.
- God is nie net by die “maak” van kinders teenwoordig nie, maar ook by hule geboorte. Net soos Hy die God van hul ouers is, wil Hy ook hulle God wees (Gen.17& Ps. 115:14-15).
- God gebruik kinders en jongmense in sy koms na mense, deurdat Hy hulle betrek in die geloofseremonies, byvoorbeeld die Paasmaaltyd (Deut. 6). Hulle is dialogies by hierdie gebeure betrokke en nie slegs maar ontvangers van inligting nie. Hulle word ingeskakel by die handelinge van God met sy mense en met mense buite die verbondsvolk. Hier word die gesin en familie ‘n belangrike hermeneutiese ruimte, ‘n ruimte waar die kind as’t ware tot “verstaan” kom. Deur die oorvertel van geloof-stories, deur die saam deelhê aan belangrike geloofseremonies, kom die kind tot verstaan en vind daar geloofsvorming plaas.
- God gebruik egter ook jongmense in sy koms na mense wat Hom nog nie ken nie, byvoorbeeld Dawid wat teen Goliat baklei, die dogtertjie wat aan Naäman se vrou van die profeet in die land vertel (2 Kon.5:2-3), asook wanneer Daniël, as adolessent, weier om te eet wat aan hom voorgesit word (Dan. 1:8).
- In die Nuwe Testament word die belangrikheid van jongmense in God se handelinge met mense beklemtoon. Jong mans is teenwoordig in die

eerste tughandeling in die kerk (Hand. 5). Kinders kniel saam met hul ouers in gebed wanneer ‘n apostel vertrek (Hand. 21:5) en daar word vertel van ongetroude vroue wat oor die gawe van profesie beskik (Hand. 21:9).

Wat sê hierdie bogaande gedeeltes oor die plek en rol van kinders en adolessente in die kerk? Eerstens, blyk dit duidelik uit die bogaande gedeeltes dat die Bybel nie beskou kan word as ‘n Boek oor jongmense nie, maar dat dit gaan oor die handelinge van God met mense – mense waarvan kinders en jongmense deel is (Nel 2001:13). Tweedens, blyk dit ook duidelik uit die Skrif dat kinders in die lering van Jesus ‘n baie belangrike rol gespeel het – nie net as ”minderwaardge, minderjarige” ontvangers van die Evangelie nie, maar ook as medewerkers in die uitdra van die Evangelie en as verteenwoordigers van Christus in hierdie wêreld.

Wanneer daar, vanuit die bestudering van die bostaande Skrifgedeeltes, besef word dat Jesus in Sy bediening kinders as kosbaar, Sy volwaardige verteenwoordigers en deel van Sy kerk hier op aarde, beskou het, wat vra dit van ons as kerk/gemeentes? Kinders is dikwels in die verlede nie hanteer as deel van die geloofsfamilie nie. Nel (*Senter, Black, Clarke & Nel 2001:2*) skryf dat kerke dikwels eerder kinders en adolessente sien as probleme wat hanteer moet word, in plaas van medegelowiges wat ons moet liefhê. Kinders en adolessente is dikwels, volgens die navorser, eerder gesien as objekte van die gemeente se bediening, in plaas van mense met besondere gawes wat volledig deel van die liggaam van Christus is en vennote is in die koms van God na hierdie wêreld. Ons hou aan om te dink dat “hulle” moet verander om in te pas by “ons” kerk-familie, in plaas daarvan dat die geloofsfamilie sal aanpas om hulle in te sluit soos in gewone families gemaak word wanneer ‘n nuwe baba gebore word. ‘n Mooi woord wat dikwels gebruik word om kinders en adolessente se totale deelwees van die geloofsfamilie te beskryf, is die woord, ewe-mense. Kinders en adolessente is ewe-mense binne die geloofsfamilie van die Here, nie minderwaardige lede op wie daar neergesien kan word nie.

Wanneer kinders en adolessente as volwaardig deel van die kerk as geloofsfamilie beskou word, mense met unieke gawes en talente en daar na die gemeente vanuit ‘n familiale perspektief gekyk word, het dit, volgens die navorser, ‘n invloed op die totale identiteit, visie en bediening van die gemeente, ‘n bediening waarvan geloofsvorming deel vorm.

Die huidige moderator van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, dr. Coenie Burger, is ‘n kenner op die gebied van gemeente-bediening. In sy boek, Gemeentes binne die Kragveld van die Gees, word daar baie breedvoerig ondersoek ingestel na die belangrikheid, sowel as die aard van ‘n Bybels-Teologiese gemeentevisie binne gemeentes ( Burger 1999:42-201). Volgens die navorser het die bepaling en inhoud van so ‘n Bybels-Telogiese gemeentevisie belangrike implikasies vir die bediening van geloofsvorming in die kerk. Daar gaan vervolgens ondersoek ingestel word na Burger se uitgangspunte rondom ‘n Bybels-Teologiese visie vir gemeente-wees, gemeentes waarvan die kinders en adolessente ook volledig deel is. Ook gaan daar ondersoek ingestel word na die implikasies van ‘n Bybels-Teologiese gemeentevisie vir geloofsvorming binne ‘n gemeente.

### 3.4. Wat is ‘n Bybels-Teologiese gemeentevisie?

Burger (1999:42) beskryf ‘n Bybels-Teologiese visie as “‘n algemeen oorkoepelende beeld wat ons van die kerk in die Skrif kry, wat as rigting- en normgewend vir die lewe en werk van die kerk beskou kan word.” Die vraag wat gevra kan word is: Laat ons dit wat die Bybel oor die kerk sê toe om die bepalende kern te wees van die drome wat oor die toekoms van die kerk gedroom word?

#### 3.4.1. Hoekom visie so belangrik is

Burger (1999:43-45) beskryf drie belangrike redes waarom visie in die kerk so belangrik is:

- Visie gee eerstens betekenis – dit help om duidelikheid en perspektief te gee oor wat belangrik is en waaroor dit eintlik gaan, dit bring orde in situasies wat soms chaoties en deurmekaar kan wees. Visie kan van hulp wees om die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil.1:10).

- Tweedens help visie om rigting te gee – dit gee koers en help ons om te sien wat die volgende stappe is wat geneem moet word. ’n Bybels-Teologiese visie gee aan die kerk duidelike leiding oor die rigting waarin die kerk en gemeente moet beweeg. Wanneer ‘n gemeente nie die Bybel raadpleeg in die besluitneming oor belangrike rigtinggewende sake nie, kan hulle op ‘n erge dwaalspoor beland.

- Derdens, gee visie ook energie en vitaliteit – waar ‘n gemeente visie het, is daar entoesiasme, energie en hoop. Wanneer gemeentelede ‘n visie ontwikkel deur die waarhede vanuit die Skrif te bestudeer en dit, deur die werking van die Gees, vir hulle sin en betekenis kry, skep dit ‘n onblusbare stuk energie en entoesiasme.

### 3.4.2. Hoe lyk die inhoud van ‘n Teologiese gemeentevisie?

Burger (1999:49) sê dat ‘n Bybels-Teologiese visie oor gemeente-wees vir gemeentes leiding moet gee oor drie basiese vrae wat die lewe van die gemeente ten diepste raak. Die vrae is:

- Wie is ons? Die vraag handel oor die *identiteit* van die gemeente.
- Wat maak ons hier? Die vraag handel oor die *missie of taak* van die gemeente.

- Hoe gaan ons die opgelegde taak uitvoer? Hierdie vraag handel oor die *bedieningsplan* van die gemeente.

Die navorser stem saam met Burger (1999:50) dat hierdie vrae soms in teorie in die gemeentes se missies weerspieël word, maar dat daar in die praktyk van die gemeente min sprake van is. Hierdie vrae is, volgens die navorser, vrae wat gedurig op die agenda van die gemeente moet bly en waarvoor gemeentes gedurig by die Here moet leiding soek.

Vervolgens gaan hierdie drie vrae en hul implikasies vir geloofsvorming meer breedvoerig bespreek word.

### 3.4.2.1. Die identiteit van die gemeente

Wanneer daar ondersoek ingestel word na die identiteit van die gemeente, gaan dit ten diepste oor die vraag: Wie is ons? Die identiteit van die gemeente is bepalend vir alles wat die gemeente sê, doen en is Carroll en ander (Burger 1999:53) noem verskeie sake wat bepalend is vir die vorming van ‘n gemeeente se identiteit. Dit is: die geloofstradisie waarbinne die gemeente staan, die gemeente se eie geskiedenis, hul wêreldbeskouing, die demografie van die gemeente, die rituele en simbole binne die gemeente, asook die gemeente se karakter. Die identiteit van ‘n gemeente straal deur in alles wat die gemeente doen, sê en is.

Uit die bostaande blyk dit duidelik dat die identiteit van die gemeente die diepste wese van die gemeente raak en dus, wanneer daar oor verandering gepraat word, die moeilikste is om te verander. Ongelukkig is dit ook heel dikwels die laaste vraag waaraan aandag gegee word wanneer daar oor verandering gepraat word.

Aangesien dit hier handel oor ‘n Bybels-Teologiese gemeentevisie, moet daar, volgens Burger (1999:52-53), ondersoek instel word na wat die Bybel

ons leer oor die identiteit van gemeentes wanneer mense saamleef as gemeenskap van gelowiges.

- Gemeentes se identiteit lê eerstens in hul verhouding met God – dat die gemeente aan God behoort. In die Ou en die Nuwe Testament is daar verskeie gedeeltes wat hierdie unieke verhouding tussen God en sy kerk bevestig (Jes. 66:13 & 49:15, Eks. 3, asook in Handelinge).

- Die gemeente se verhouding met God is 'n baie eksklusiewe verhouding – In Eksodus stel Hy dit duidelik dat ons naas Hom geen ander gode mag aanbid nie. Mat. 6:24 stel dit duidelik dat God aanspraak maak op ons onverdeelde liefde.

- Die Here het reg op hierdie eksklusiewe verhouding met die volk, omdat Hy hulle gered het – die inisiatief vir die verhouding tussen God en mens, asook vir die herstel van die verhouding tussen God en mens, lê elke keer by God. Hy bly die reddende, versoenende, lewegewende God (Jes. 65, 1 Joh. 4:10, 1 Pet. 2:5).

- God se liefde vir Sy volk word gekwalifiseer deur die feit dat Hy hulle liefhet en ook wil hê dat hulle Hom sal liefhê.

- Die gemeente bewys hul liefde vir Hom deur Sy wil te doen en in gehoorsaamheid aan hom te leef (Matt. 22:35-40, Joh. 14:15, en Joh. 17:23).

- Die gemeente word opgeroep om met God te leef soos Hy hom aan hulle bekendmaak – dit kan verreikende implikasies vir 'n gemeente se identiteit inhou wanneer hulle 'n God begin dien en volg wat eintlik maar hul eie "skepsel" is (Burger 1999:55-62).

In 'n gemeente waar kinders, adolessente, volwassenes en bejaardes gesien word as volledig deel van die geloofsfamilie – mense wat nie net die objekte

van bediening is nie, maar ook gawes het waarmee hulle mekaar en ander kan bedien – sal dit ‘n bepalende rol speel in die vorming van die gemeente se identiteit: ons is ALMAL, oud en jonk deel van dieselfde geloofsfamilie. Vir ‘n gemeente wat familiaal funksioneer, raak die identiteit van die gemeente dan nie net ‘n sekere deel van die gemeente, byvoorbeeld die volwassenes, se bestaan, funksionering en bediening nie, maar die totale gemeente as geloofsfamilie.

Wanneer ‘n gemeente besluit dat hierdie waarde, “ons is geloofsfamilie,” deel van die gemeente se identiteit is, het dit, volgens die navorser, dus ook belangrike implikasies vir die taak, asook die totale bediening van die gemeente. Hierdie identiteit van die gemeente is nie iets wat slegs ‘n abstrakte begrip kan bly nie, maar moet daagliks in die strukture, simbole, prosesse en dade van die gemeente vergestalt word.

**3.4.2.2. Die taak van die gemeente**

Daar is reeds gesê dat ‘n Bybels-teologiese perspektief op die taak van die kerk hom besig hou met die vraag: Waarmee is ons besig? Volgens die Bybel, sien ons dat die kerk nie net aan God behoort nie, maar ook in Sy diens staan (1 Pet.2:9). Ons sou kon sê die kerk is geroep om as gestuurdes God se verlossingsdade in hierdie wêreld te verkondig en waar te leef. Die klem bly egter altyd op God. Dit is in die eerste plek Sy sending in hierdie wêreld waartoe Hy ons as Sy kerk uitnooi en stuur. Wanneer verskeie Skrifgedeeltes (onder andere Miga 6:6-8) bestudeer word, staan drie belangrike aspekte van God se sending (Missio Deo) in die wêreld uit. As medewerkers in hierdie sending, vra die Here van ons :

- Dat ons Hom sal leer ken en aanbid en sal aanhou met die verkondiging van die Evangelie;

- Dat ons daaglikse lewe gekenmerk sal word deur liefde en omgee aan alle mense, maar veral aan die in nood, die eensames, siekes, verdruktes en moedeloses;
- Dat ons nie net in die kerk nie, maar as Sy gestuurde gemeentes, sal opstaan vir reg en geregtigheid, ook in die samelewing.

Wat is dan die einddoel van Christus se missie? Om die ganse wêreld nuut te maak, te herskep en met Homself te versoen. Die gemeentes word dan 'n sigbare teken van God se heil – nie net deur wat ons sê en doen nie, maar veral is ons 'n getuie in hierdie wêreld deur die wyse waarop ons leef – met God, met mekaar, met ander en in verhouding tot die Skepping (Burger 1999:83-85).

Wat gebeur egter heel dikwels wanneer daar tydens kerkraadvergaderings gepraat word oor die taak van die kerk? Soveel sake wat dringend is kom op die agenda, dat om te gesels oor wat die taak van ons as gestuurde gemeentes in hierdie wêreld is, dikwels op die agtergrond geskuif word. 'n Gemeente kan hom- of haarself so besig hou met die 'hoe gaan ons dit doen'-vrae van die Evangelie, dat die 'wat is dit wat ons moet doen'-vrae, nie genoeg aandag kry nie.

Wanneer 'n gemeente hom- of haarself sien as geloofsfamilie wat God na hierdie wêreld toe stuur, kry die taak van die gemeente 'n nuwe karakter en fokus. Hierdie "ons" waarvan gepraat word , as God se medewerkers in Sy sending na die wêreld, kry 'n totaal nuwe betekenis wanneer daar ook na die taak van die gemeente vanuit 'n familiale perspektief gekyk word. Die "ons" kry dan 'n inklusiewe betekenis – kinders, adolessente, volwassenes en bejaardes sáám as God se gestuurdes na die wêreld. Geloofsvorming word dan 'n proses waardeur die totale geloofsfamilie voortdurend toegerus en gevorm word om as gestuurdes in die wêreld te gaan leef.

Wanneer na gemeentes gekyk word vanuit 'n familiale perspektief, het dit egter nie net 'n invloed op die identiteit en taak van die gemeente nie, maar ook 'n belangrike invloed op al die bedienings van die gemeente.

#### 3.4.2.3. Die bediening van die gemeente

Wanneer dit kom by die bedienings van die kerk, kom gemeentes, volgens Burger (1999:103), al meer onder die besef dat daar dikwels in die verlede baie pragmaties oor die bedienings gedink is. Telkens word nuwe strategieë probeer om te kyk of dit nie 'werk' nie. Die navorser sluit aan by Burger en beklemtoon dat veral in die Jeugbedienings oor die afgelope jare in Suid-Afrika, dit 'n tendens is wat baie toegeneem het. Om te soek na iets wat 'werk' met die jeug, ook binne die kategese-bediening, het dikwels die kriterium geword. Van prakties-teologiese denke is daar, volgens die navorser, dikwels nie sprake nie.

Don Browning (in Burger 1999:103) verwoord dit mooi met die volgende aanhaling:
" Most ministers (and youthworkers – die skrywer se byvoeging) were not taught to do practical theological thinking. They were taught some species of systematic or biblical theology and then told to go forth and apply this knowledge to concrete situations. Their professors proudly offered them the meat and potatoes of basic theological thinking and let them to believe that there was nothing more than to apply it, and this, they suggested, was the easiest part of all."

Die vraag kan gevra word: hoekom is prakties-teologiese denke dan nodig? Wat is, met ander woorde, die taak van prakties-teologiese denke? Volgens Pieterse (Heyns&Pieterse 1990:12) spits die Praktiese Teologie hom daarop om prakties-teologiese teorieë vir die praktyk te ontwikkel, hierdie teorieë te beoordeel en, indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel. Fowler (Heyns&Pieterse 1990:80) sluit hierby aan met die opmerking dat dit die taak van die praktiese teologie is om die uitvoerbaarheid van die praktyke van die kerk en hul sending te handhaaf, asook om terselfdertyd krities en konstruktief

te werk te gaan om transformasie te bewerkstellig, sodat die kerk ‘n beter getuie in die samelewing kan wees.

In hoofstuk een het die navorser reeds genoem dat die praxis ten opsigte van geloofsvorming, soos dit huidiglik in die Ned. Geref. Kerk funksioneer, nie meer werk nie, dat daar opnuut besin moet word oor die situasie en konteks waarin die kerk haarself bevind en dit krities te interpreteer vanuit die normgewende bronne vanuit die Christelike geloof en praktyke.

Sonder prakties-teologiese teorieë wat ontwikkel word en gereeld aan die praktyk getoets word, kan die bediening van die kerk, waarvan geloofsvorming deel is, volgens die navorser, maklik op ‘n dwaalspoor beland en totaal irrelevant word.

Voor daar meer intensief ondersoek ingestel word na geloofsvorming as bediening binne die kerk, is dit nodig om te verduidelik wat met die “bediening van die kerk” bedoel word.

**3.5. Wat word bedoel met die bediening van die kerk?**

Die navorser sluit aan by Burger (1999:104) wat die “bediening” van die kerk beskryf as “die totaliteit van die aktiwiteite waarmee die kerk of gemeente probeer uitvoering gee aan hul missie.”

Daar is reeds in die bogaande gedeelte oor die teologiese begronding van die plek en rol van die kind in die kerk, tot die konklusie gekom dat die kinders en adolessente volwaardig deel van die gemeente as geloofsfamilie is en dus ook heeltemal die gemeente se verantwoordelikheid is. Wanneer daar dus verwys word na die totaliteit van die gemeente se aktiwiteite, sluit dit kinders, adolessente en families in. Dit handel dus hier oor die bediening van die kerk as geloofsfamilie.


Wanneer die “bediening” van die kerk aan die orde kom, handel dit hier oor die ”hoe” vraag. Met ander woorde, hoe gaan die gemeente sy of haar missie

tot uitvoering bring?  Vervolgens gaan ondersoek ingestel word na die "dienste" of bedieninge van die kerk, met die fokus op die plek en rol van geloofsvorming, as wesenlike bediening van die kerk.

### 3.5.1.  Die vier dienste/bedienings van die kerk

Verskillende teoloë deel die[8] verskillende dienste of bedienings van die kerk onder verskillende groeperings in, maar die navorser verkies Nel (2001:81) se meer eenvoudige indeling, naamlik, Kerugma, Leiturgia, Koinonia en Diakonia.  In die onderstaande skets gee hy 'n uitbeelding van hoe die hele proses in die gemeente lyk binne die veld van die Paktiese Teologie.  God sluit die mense in deur die kommunikatiewe handelinge van prediking/kerugma, marturia/missionêre, onderrig/didache, erediens/leitourgia, gemeenskap/koinonia, sorg/paraklese, asook diens/diakonia.  Hierdie handelinge vind binne die handelingsveld van die kerugma, leitourgia, koinonia en diakonia plaas om die Evangelie te verkondig, sodat die Vader, Seun en Heilige Gees verheerlik kan word.

[8] Firet (1974:6-121) praat van drie verdelings, naamlik prediking, lering en sorg.  Karl Barth maak twaalf verdelings in sy Church dogmatics (IV,3,865) (Nel 2001:81).




Wat die navorser egter hier saam met Nel (2001:82) wil beklemtoon, is dat hierdie hele bediening van die gemeente ook net so vir kinders en adolessente geld. God kom ook op elkeen van bogenoemde wyses (kerugma, diakonia, leitourgia en koinonia) na kinders en adolessente en volwassenes, dit wil sê, na die gemeente as geloofsfamilie.

Vervolgens gaan daar meer ondersoek ingestel word na die inhoud van hierdie vier bedienings en wat die implikasies is vir 'n gemeente wat funksioneer vanuit die perspektief: ons is geloofsfamilie.

**(a) Kerugma**

Kerugma verwys na die verkondiging of die bekendmaking van die boodskap van die Evangelie – dat daar deur Jesus redding, verlossing en heelmaking vir hierdie wêreld gekom het. Kerugma verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap. Dit word baie nou gekoppel aan een spesifieke gawe van die gees, naamlik die Bybel. Daar is ook 'n sterk konneksie tussen die kerugmatiese diens van die

gemeente en die taak van die kerk om die evangelie van God oor die ganse aarde te versprei (Burger 1999:216).

Deur die kerugma as sentrale modus vir die prediking, kom God na die gemeente, waarvan die kinders en adolessente deel is. Die kerugma moet ook toegespits wees op die hier en die nou van die kind en die adolessent. Ook die kinders en adolessente moet deur die kerugma uitgedaag word tot 'n nuwe lewe voor die aangesig van God (Nel 2001:88-89). Harris (1989:43-44) sluit hierby aan dat dit in kerugma handel om die Woord van God te verkondig deur aandag te gee om hierdie kerugma waar te leef in ons alledaagse lewe en woorde.

**(b) Leitourgia**

Wanneer van die Leitourgia van die gemeente gepraat word, word al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente bedoel. Die mees klassieke vorm waarin ons die Leitourgia ken, is die erediens. Tog is dit nie beperk tot die erediens nie, maar sluit dit alle geleenthede en vorme van aanbidding en gebed in (Harris 1989:43-44). Die woord, Liturgie, beteken dan ook, om te bid. Dit handel dus hier oor, om voor die aangesig van God te verskyn, ons volledig op Hom te rig en tot Hom te bid (Burger 1999:204). Die navorser stem saam met Nel (2001:89) wanneer hy sê dat waar mense toetree tot die teenwoordigheid van God, daar 'n dinamika is wat ons die kinders en adolessente nie van mag uitsluit nie. Waar is daar 'n beter plek vir kinders en adolessente om te leer waaroor aanbidding gaan, as om dit saam met ander medegelowiges van verskillende generasies te beleef en te beoefen.

**(c) Koinonia**

Met koinonia word alle ondersteunende en gemeenskapskeppende aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer, waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende en helende krag van die Evangelie

ervaar, bedoel (Burger 1999:231). Dit handel hier oor mense wat in verhoudings met mekaar staan, vir mekaar omgee, verantwoordelikheid neem vir mekaar en so leer om lief te word vir mekaar soos wat Christus ons beveel.

Hierdie is seker een van die heel belangrikste ruimtes wat kinders en adolessente nodig het om te groei tot geloofsvolwassenheid. Hier speel kleingroepe waar kinders en adolessente saam met ander van hul eie portuurgroep binne 'n veilige ruimte kan leer om vir mekaar om te gee, by mekaar te leer, veilig voel om hul vrae te vra en saam te groei in hul verhouding met die Here, 'n belangrike rol. Uit die navorsing van Search Institute (Olson & Leonard 1996:90) blyk dit duidelik dat kinders en jongmense ook volwasse rolmodelle nodig het om te groei tot volwassenheid in hul vehouding met die Here. Tussen volwassenes van verskillende generasies en ouderdomme, leer kinders en jongmense belangrike kommunikasie- en verhoudingsvaardighede wat hulle ondersteun in hul groei tot gebalanseerde volwassenes.

**(d) Diakonia**

Met diakonia word alle dade van liefdesdiens waarmee ons ander mense en Sy skepping dien en so aan Hom die eer bring, bedoel. Dit handel oor die persoonlike, sowel as, gemeenskaplike uitreik na en diens aan ander – plaaslik, sowel as globaal (Harris 1989:43-44). Die klem val hier op die wêreld (skepping) en op die mense buite die gemeente. Dit is ongelukkig hier waar die egtheid van die ander drie bedienings getoets word en ons as kerk dikwels faal (Burger 1999:245).

Alhoewel adolessente dikwels 'n opvallende selfsug toon en in 'n baie ego-sentriese ontwikkelingstadium is, toon empiriese navorsing deur Strommen (Strommen & Hardel 2000:145) dat kinders en adolessente groot waarde heg aan dienslewering en dat dit 'n belangrike rol speel in hul geloofsvorming. Dit is hier dus ook belangrik om kinders en adolessente, in aansluiting by dit waarvoor hulle op 'n bepaalde ouderdom ryp is, betrokke te kry by die

omvattende diens van die gemeente in die wêreld.  Hulle is tog per slot van rekening nou reeds deel van die dienende liggaam van Christus in hierdie wêreld (Nel 2001:93).

Hoe wonderlik kan dit tog nie wees wanneer die gemeente as geloofsfamilie, asook families binne die gemeente, kan besef watter kragtige getuienis dit kan wees wanneer hulle SAAM, in plaas van elke generasie op hule eie, kan uitreik na ‘n wêreld in nood nie!  Die vraag is:  hoe kan ons die diakonia van ons gemeente inrig, sodat dit meer ‘n teken is daarvan dat ons ‘n geloofsfamilie is wat uit verskillende families bestaan.  Volgens die navorser, kan dit een van die kragtigste geloofsvormende ervarings binne ‘n gemeente as geloofsfamilie wees, asook vir families binne hierdie groter geloofsfamilie.

Indien daar dan na die gemeente vanuit ‘n familiale perspektief gekyk word en kinders en adolessente as volledig deel van hierdie geloofsfamilie beskou word, sou die volgende vraag gevra kon word: By watter van die bostaande bediening/e van die gemeente pas geloofsvorming in, binne ‘n gemeente wat familiaal funksioneer?  Is dit beperk tot ‘n spesifieke bediening, of is daar binne elke bediening die potensiaal om geloofsvorming plaas te vind?

Om hierdie vraag deeglik te kan verantwoord, sal die begrip, geloofsvorming, egter eers meer breedvoerig omskryf moet word.  Wat onder die begrip, geloofsvorming, verstaan word, sal bepalend wees by die indeling van geloofsvorming  as bediening van die gemeente.

### 3.6.  Omskrywing van die begrip, geloofsvorming

Volgens Prins (1995:24) is geloofsvorming die ***totale proses*** waardeur ***iemand*** (kinders, sowel as volwassenes en bejaardes – navorser se eie beklemtoning) leer om God Drieënig te ken, lief te hê en te dien.  Dit sluit alle persone, invloede en prosesse in wat bewustelik of onbewustelik daarby betrokke is en betrek word.  Geloofsvorming is dus nie gelyk aan kategese, soos dit tans binne die Ned.Geref. Kerk bestaan nie en is ook nie beperk tot

kinders en adolessente nie.  Kategese vorm binne hierdie geheel net ‘n bepaalde deel van die totale raamwerk waarbinne geloofsvorming plaasvind (Prins 1995:24).

Bijlsma (1962:7) beklemtoon dat geloofsvorming nie net op kinders en adolessente gemik is nie, maar ‘n proses is wat lewenslank plaasvind, ook in die lewens van volwassenes en bejaardes.

Simpson (1999:23) definieër geloofsvorming as die proses en wyse waarop Christene (nie slegs kinders nie) oor die bestek van ‘n leeftyd mekaar vorm ten opsigte van die vorming en groei van ‘n Christelike wêreldbeskouing, karakter en identiteit – hy noem hierdie proses “traditioning”- en die ontwikkeling van kritiese, evaluerende en analitiese vaardighede om die Christelike kultuur en self-verstaan waarin hulle gevorm is, te “her-interpreteer.”  Geloofsvorming het, volgens hom, te doen met vorming, sowel as transformasie.  Sonder vorming, het geloofsvorming geen konfessionele basis nie.  Sonder transformasie het geloofsvorming nie die krag om aan te pas en te getuig binne ‘n nuwe konteks nie.  Geloofsvorming is dus die oordra en her-interpretasie van geloof vir die vorming en die transformasie van die geloofsgemeenskap.

Die Katolieke kerk beskryf binne hul “General Directory for Catechesis” die doel van geloofsvorming as die volgende:  om ‘n lewende, duidelike en vrugbare geloof aan te moedig (Generations of Faith 2005).  Binne die Katolieke kerk in die Verenigde State van Amerika en Kanada het daar ‘n organisasie, Generations of Faith, ontstaan, wat begin het om nuut te dink oor die hele proses van geloofsvorming.  Die “Generations of Faith”-benadering behels ‘n komprehensiewe benadering tot dissipelskap en geloofsvorming wat gewortel is in die lewe van die kerk, wat mense toerus om betekenisvol deel te neem aan die kerklike lewe en mense bemagtig om as dissipels te leef – by hul huise, maar ook in die wêreld (Generations of Faith 2005).
Geloofsvorming is gerig daarop om individue, families, asook die totale gemeenskap in te lig, te vorm en te verander.  Daar word gepoog om mense se denke en hart te voed met geloof, sodat hulle weet dat, wie hulle is en hoe

hulle leef, ten diepste beïnvloed is deur wat hulle weet (kennis), om mense se identiteit en leefstyl in Christelike dissipelskap te voed (vorm) en mense toe te rus en te bemagtig om hule geloof so uit te leef dat die wêreld verander en nuutgemaak word deur die Christelike visie (transformasie).

Die navorser sluit aan by Strommen en Hardel (2000:18) wat sê dat geloofsvorming gerig is om te lei tot ‘n lewe wat toegewy is aan Jesus Christus en aan ‘n lewe van getuienis en diens.

Harris (1989:43-44) stel ook ‘n komprehensiewe benadering tot geloofsvorming voor, wat gewortel is in die totale gemeentelewe. Sy skryf dat die kerk se bediening van geloofsvorming, so ver terug as Handelinge 2:42-47, bestaan het uit vyf vorme, naamlik didache, koinonia, kerugma, diakonia, asook leitourgia. Slegs wanneer geloofsvorming op al hierdie bedienings gerig is en deur elkeen van hulle plaasvind, kom die bediening van geloofsvorming tot sy reg (Harris 1989:43-44). Hierdie siening sluit dan aan by wat reeds deur die navorser geskryf is in die bostaande deel wat handel oor die bedienings van die gemeente.

### 3.7. Plekvinding van geloofsvorming binne die bedienings van die gemeente

Aangesien geloofsvorming handel oor die *totale* proses van geloofsgroei en -ontwikkeling van mense en nie net fokus op een bepaalde handeling, byvoorbeeld die onderrig/didache nie, kan daar met reg gesê word dat geloofsvorming inpas binne elkeen van die bedieningsvelde van die gemeente (vergelyk Harris 1989:43-44) en binne ‘n gemeente wat familiaal funksioneer, geloofsvorming insluitend is tot alle generasies en ouderdomme en nie net beperk is tot kinders nie.

Uit die voorafgaande dele oor die identiteit, taak en bediening van die gemeente, blyk dit duidelik dat waneer daar na kinders en adolessente gekyk

word as ewe-mense en volledig deel van die liggaam van Christus en kerk van God op aarde, ons nie meer dieselfde kan kyk na die gemeentebediening nie.  Oor elk van die bostaande vier elemente, sal  kerke/gemeentes baie meer inklusief moet dink en hulself die vraag afvra:  hoe kan hierdie bediening van die gemeente ingerig word dat dit gestalte gee aan die gemeente se identiteit, naamlik dat ons ‘n geloofsfamilie is.  Dit wil sê, hoe kan families, asook verskillende generasies binne die geloofsfamilie, deelgemaak word van hierdie bediening.  Elke bediening van die gemeente het dan die potensiaal om ‘n totaal nuwe karakter te ontwikkel, baie meer inklusief en geïntegreerd daar uit te sien en te kan dien as ‘n ruimte waarbinne geloofsvorming ook baie meer geïntegreerd kan plaasvind.

Die vraag wat die navorser tog hier wil vra, is:  Hoe lyk die praktyk van geloofsvorming huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk?  Is dit nie maar hoofsaaklik steeds geloofsonderrig wat grootliks plaasvind binne die ruimte van die kategese en wat meestal beperk is tot kinders nie? Hoekom nou die skuif van kategese na geloofsvorming, asook die skuif van geloofsvorming, as hoofsaaklik ‘n bediening aan kinders en adolessente, na geloofsvorming binne die konteks of verhouding van die gemeente as geloofsfamilie, voorstel?

Eerstens, blyk dit uit die Skrifgedeeltes rondom die Teologiese verantwoording van geloofsvorming, asook uit die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van kategese en geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk, dat geloofsvorming nooit bedoel was om beperk te word tot kinders en adolessente nie, maar die hele gemeente as fokus gehad het.

Tweedens, binne ‘ n gemeente waar kinders en adolessente as volwaardig deel van die geloofsfamilie beskou word en daar na gemeente-wees, asook na die totale gemeente-bediening vanuit ‘n familiale perspektief gekyk word, kry die totale gemeente-bediening ‘n ander karakter. Daar kan uit die eerste deel van hierdie hoofstuk die gevolgtrekking gemaak word dat geloofsvorming nie slegs plaasvind tydens die bediening van kategese nie, maar die potensiaal het om plaas te vind binne al die bedienings van die gemeente.

Derdens, kan daar uit die eerste deel van hierdie hoofstuk die gevolgtrekking gemaak word dat geloofsvorming nie slegs plaasvind tydens die bediening van kategese nie, maar die potensiaal het om plaas te vind binne al die bedienings van die gemeente. Binne 'n gemeente wat vanuit 'n familiale perspektief funksioneer en na geloofsvorming kyk as baie meer as net kategese, kry geloofsvorming die potensiaal om baie meer inklusief en geïntegreerd binne al die bedienings van die gemeente te kan plaasvind.

Daar kan egter nie net gefokus word op die agtergrond en Teologiese beginsels van geloofsvorming binne die gemeente nie. Indien daar uiteindelik aanbevelings gemaak wil word in terme van 'n meer effektiewe model van geloofsvorming, is dit tog ook, volgens die navorser, belangrik dat daar ondersoek ingestel sal word na van die belangrikste rolspelers in die vorming van geloof by mense.

As inleiding tot hierdie ondersoek, net die volgende as agtergrond:

Eerstens, uit die vroeëre ondersoek na die plek en rol van geloofsvorming volgens die Skrif, blyk dit duidelik hoe belangrik die rol van die familie, asook die breë geloofsgemeenskap in die Bybelse tyd reeds was.

Tweedens, toon navorsing (Strommen & Hardel 2000:36-70) ook baie duidelik dat ouers, asook die breë geloofsfamilie vandag steeds 'n belangrike rol speel in kinders en adolessente se algemene welstand, asook in hul geloofsvorming. Verskeie skrywers bevestig die belangrike rol van ouers, sowel as die breë geloofsfamilie in die geloofsvorming van kinders en adolessente (Prins 1995:72-81;Roehlkepartain 1993:57-71&167-179 en Marais&Marais 2002:90-91).

In die boek, Passing on the Faith, stel die skrywers Strommen en Hardel (2000:8-18) ondersoek in na die belangrike rol wat die familie, die gemeente as geloofsfamilie, die gemeenskap, sowel as kultuur speel in die ontwikkeling

van ‘n lewe wat gekenmerk word deur toewyding aan Jesus Christus en ’n lewe van getuienis en diens.

Merton Strommen is die stigter van die organisasie, Search Institute, waar hy die afgelope dertig jaar as wetenskaplike navorser gewerk het. Dick Hardel is die afgelope vyf jaar die uitvoerende direkteur van die ”Youth and Family Institute of Augsburg College” en saam met Merton Strommen betrokke by die navorsing van Search Institute.

Hierdie twee skrywers se navorsing is ook vir ons binne die Ned. Geref. Kerk van kardinale belang, aangesien hul navorsing vir ons belangrike gegewens verskaf rakende die rol van die familie, asook die geloofsfamilie, in mense se geloofsvorming. Die navorser sal daarom gereeld na hul navorsing verwys.

Aangesien dit die doel van die tesis is om ondersoek in te stel na geloofsvorming vanuit ‘n familiale perspektief, gaan die navorser verder fokus op die twee van die belangrikste faktore wat, volgens navorsing deur onder andere Search Institute (Strommen & Hardel 2000:19), ‘n rol speel in kinders en adolessente se geloofsvorming, naamlik (a) die gemeente as geloofsfamilie en (b) die familie.

## 3.8. Geloofsvorming binne die gemeente as geloofsfamilie

Wanneer die plek van geloofsvorming binne die Ned.Geref. Kerk bespreek word, vind die navorser haar baie tuis by Prins (1995:72-81) se uitgangspunt dat kategese nooit bedoel was om ‘n geïsoleerde bediening te wees wat slegs vir kinders bedoel was nie, maar as deel van die totale bediening van geloofsvorming van die gemeente, wat kinders en volwassenes insluit. Dit is nie ‘n bediening wat slegs vir kinders bedoel is nie, maar om vir die kinders, adolessente en volwassenes, asook families, plek te vind binne die ruimte wat daar reeds is en tussen die mense op wie die bedieninge gerig is – dus, die mense na wie God deur die bedieninge kom. Die bediening van geloofsvorming het soveel potensiaal om meer inklusief te raak, om kinders,

adolessente, volwassenes en families deel te maak en in te sluit. Daar is geen teologiese rede waarom geloofsvorming nie vir kinders en adolessente, sowel as, vir volwassenes en families, bedoel is nie. Om die waarheid te sê, is geloofsvorming, volgens die navorser, juis iets wat nie net tot 'n sekere generasie van kinders en adolessente beperk is nie, maar tog voortduur en moet voortgaan, ook in die lewens van volwassenes en bejaardes.

'n Nuwe benadering tot geloofsvorming wat ontwikkel is deur die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Katolieke kerk in Amerika en Kanada, beklemtoon juis die idee van geloofsvorming as 'n lewenslange proses wat mense van alle ouderdomme en generasies insluit en plaasvind binne al die bedienings van die gemeente. Dit staan bekend as "Generations of Faith" (Generations of Faith 2005). Om hierdie benadering tot geloofsvorming, volgens die "General Directory for Catechesis" van die Katolieke kerk, te omarm, behels 'n wegbeweeg van die "skool"-benadering, tot 'n gemeenskaps-, of 'n hele- gemeente-benadering, vir geloofsvorming.

Die skuif na hierdie nuwe benadering, vereis, volgens die Generations of Faith-benadering, 'n hele paar duidelike veranderings:

- Om die fokus te skuif weg van 'n "slegs kinders"-benadering deur die implementering van 'n proses van lewenslange geloofsvorming vir alle ouderdomme en generasies, insluitende en veral ook, volwassenes.

- Die verandering van "begin en ophou"-kategese deur die implementering van lewenslange en voortdurende geloofsvorming – leer vir 'n leeftyd deur deelname aan die aktiwiteite van die gemeentelewe.

- Die verandering van die skeiding van verskillende oudedomme van mekaar , deur die implementering van intergenerasionele geloofsvorming – om mense van verskillende generasies aan mekaar te verbind deur leerprogramme en gemeente-deelname.

- Verander die fokus op die “handboek as kurrikulum” deur die ontginning van die byeenkomste en aksies van die gemeentelewe as die kurrikulum vir alle generasies en ouderdomme – deur die “opvoedings”- en veranderingswaarde van die kerkjaar, feesvieringe rondom die sakramente, gemeenskaplike gebed, asook dade van geregtigheid en diens, te ontgin en kategese daar te stel wat almal voorberei om te leer deur deelname aan die byeenkomste van die gemeentelewe.

- Die verandering van die houding- om ouers te blameer vir ons huidige situasie – met ander woorde, die familie se geloofslewe is die probleem, deur die geloofslewe van die familie, as integrale deel van die totale proses van geloofsvorming, by die huis te voed.

- Die verandering van kategese as afsonderlike program deur die implementering van ‘n meer omvattende, inklusiewe benadering wat al die bedienings van die gemeente insluit in die proses van geloofsvorming en kategese sien vanuit sy verbintenis met liturgie, sakramente, die kerkjaar, geregtigheid en diens, sowel as gebed.

”Generations of Faith” is ‘n innoverende benadering tot geloofsvorming waar die gemeente ‘n leer-gemeenskap word deur die skep van ‘n lewenslange geloofsvormingsproses wat sentreer rondom die gemeentelewe, wat alle ouderdomme en generasies omarm en geloofsgroei by die huis ondersteun deur voorbereidingsprogramme van die gemeente en veral, deur deelname aan die gemeentelewe.
In sy boek, *The Teaching Church*, sê Eugene Roehlkepartain (1993:32) dat daar egter in heelwat kerke nog die mite bestaan dat geloofsvorming ‘n afsonderlike bediening van die gemeente is en nie ‘n belangrike deel van die totale gemeente-bediening nie.  Hierdie mite is skadelik, aangesien dit mense se geestelike belewenisse kompartementaliseer en hulle nie die verbande sien tussen die geloof wat hulle in die kategese ervaar, die geloof wat hulle tydens die eredienste bely en die uitdrukking van hul geloof gedurende die week deur dade van liefde en diens, nie.  Donald Griggs en Judy Mckay

Walther (Roehlkepartain 1993:32-33) beklemtoon die feit dat geloofsvorming ‘n sentrale bediening van die gemeente moet vorm. Dit is hier waar mans, vrouens en kinders die geleentheid het om die leerstellings van Jesus, die apostels en die profete, te hoor, te ervaar en uit te leef. Prins (1995:76) sluit ook hierby aan deur die belangrikheid van die gemeente te beklemtoon in die hele proses van geloofsvorming. Dit is deur die interaksie binne die geloofsgemeenskap dat kinders ingroei in die waardes en lewenstyl van die geloofsgemeenskap. Dit is binne die gemeenskap met ander gelowiges dat die realiteit van die Christelike geloof gesien en ervaar word.

Wanneer geloofsvorming ‘n sentrale deel van die energie binne ‘n gemeente word, het dit, volgens Roehlkepartain (1993:33), die potensiaal om die totale gemeentelewe te energeer.

Navorsing wat deur Search Institute gedoen is oor effektiewe geloofsvorming (Strommen&Hardel 2000:113), het die ses mees belangrike aspekte van die gemeentelewe uitgewys wat ‘n bydrae lewer tot die ontwikkeling van geestelike volwassenheid by adolessente en volwassenes:

- Families waar geloof gevoed word;
- Formele Christelike onderrig;
- Die kwaliteit van aanbidding;
- Die ervaring van die gemeente as familie;
- Diens aan andere en;
- ‘n Klimaat wat omgee en denke stimuleer.

Uit die bostaande navorsingsresultate blyk dit weereens duidelik hoe belangrik die familie, sowel as die gemeente as geloofsfamilie is by die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid by mense. Wanneer na die bostaande gekyk word, kan omtrent al die punte weereens ingedeel word by al die bedieninge van die gemeente, naamlik koinonia, leitourgia, diakonia en kerugma.

Vir geloofsvorming om ‘n lewenslange proses binne gemeentes te wees, wat plaasvind binne al die bedienings van die gemeente en in die lewens van mense van verskillende ouderdomme en generasies, moet ALMAL, klein en groot, oud en jonk, tog ook die ervaring hê dat hulle regtig welkom en tuis is binne hierdie geloofsfamilie.

Aangesien die bostaande punte uitgewys het dat die ervaring van die gemeente as familie, ‘n belangrike faktor is in mense se groei tot geloofsvolwassenheid, is die volgende navorsingsresultate wat deur Search Institute gedoen is, van wesenlike belang: Navorsing wat deur Search Institute (Strommen & Hardel 2000:158-185) gedoen is, het agt faktore wat van gemeentes ‘n familie maak, uitgelig:

### 3.8.1. Faktore wat van ‘n gemeente ‘n familie maak

- *‘n Vriendelike en gasvrye omgewing* – waar almal, van klein tot groot voel dat hulle welkom is en gawes het om die gemeente mee te bedien;
- *Inspirerende aanbidding* – wat deur mense van alle ouderdomme betekenisvol gevind kan word, dra by tot ‘n gevoel van “behoort” en familie;
- *‘n Omgewing van omgee* – adolessente voel vinnig aan wat die atmosfeer in ‘n gemeente is. ‘n Atmosfeer van aanvaarding, warmte, samebinding en vryheid, trek hulle nader;
- *‘n Denkende atmosfeer* – adolessente word aangetrek deur ‘n benadering in lering en prediking waar hulle aangemoedig en uitgedaag word om te dink en vrae te stel, nie deurdat hulle heeltyd antwoord gegee word op vrae wat hulle waarskynlik glad nie eers vra nie;
- *Families wat families help* – mense se ervaring van ‘n gemeente as familie word versterk wanneer families na ander families uitreik en hulle ondersteun in tye van krisis, siekte, huweliksprobleme, armoede,

ensovoorts.  Families kan ook geestelike ondersteuning aan mekaar bied en mekaar aanmoedig tot geloofsvolwassenheid;

- *Die beklemtoning van gebed* – gebed skep nie net belangrike gemeenskap tussen gelowiges nie, dit help gelowiges om saam te fokus op God, in Sy teenwoordigheid te wees en hulle bewus te maak van behoeftes in die gemeenskap rondom hulle;
- *Intergeneratiewe diensgeleenthede* – wanneer mense van verskillende generasies saam werk aan 'n betekenisvolle diensprojek, versterk dit hul identifisering met 'n gemeente, asook almal betrokke se geloof. Daar vind ook 'n gevoel van samebinding plaas en mense van verskillende generasies kry die geleentheid om mekaar op 'n ander vlak te leer ken en by mekaar te leer;
- *Die teenwoordigheid van 'n missie* – Daar is min dinge wat 'n gemeente so as familie van Christus saambind, soos wanneer kinders, jongmense en volwassenes saam gemotiveer word deur 'n sterk missie. Wanneer mense voel dat hulle deel kan wees van iets groter as hulself, het dit die neiging om hulle te energeer en hulle aan mekaar en aan die gemeente te verbind.

Frederick Marais, medeskrywer van die boek, Familie is 'n Werkwoord ( Marais&Marais 2002:88-95), verleen, volgens die navorser, 'n nog breër perspektief op die hele kwessie van die gemeente as geloofsfamilie.  Hy stel tien uitdagings aan gemeentes vir wie familie belangrik is – nie net verskillende families nie, maar ook vir wie familie-wees belangrik is.  Sy voorstelle, wat hierna volg, is baie meer gerig op die wees-funksie van die gemeente, eerder as die doen-funksie:

- *Beweeg van nostalgie na die ware Jakob* – Dikwels is gemeenteleiers en predikante nostalgies oor families en omstandighede waarin hulle grootgeword het en hoop hulle dat die gemeente hierdie geromantiseerde familie van hul kinderjare weer in ere sal kan herstel. Hierdie geïdealiseerde families bestaan egter nie meer nie.  Die gemeente staan voor die uitdaging van vandag se families met hul

veelheid van strukture en samestellings. Gemeentes word geroep om inklusief oor families te dink en hulle te ontmoet en te bedien waar hulle is.

- *Inklusiewe denke en taal is nodig* – Wanneer ons ons losmaak van die nostalgie en romantiek rondom families en ons hulle ontmoet midde in hul eiesoortige uitdagings, is dit ook belangrik dat ons moet help skep aan ‘n inklusiewe taal wat alle soorte families verwelkom en erken as familie, ongeag hulle geskiedenis van verbrokkeling, samestelling of hersamestelling. Christus se bediening het juis gefokus op die sogenaamde randfigure in die samelewing. Gemeentes sal moet leer om verskillende soorte families, byvoorbeeld, enkelouer-families, enkellopendes en hersaamgestelde families soos enige ander familie te laat tuiskom in die groter familie van die gemeente.
- *Familie as perspektief op die totale bediening* – die primêre skuif wat gemeentes moet maak, is ‘n skuif vanaf familie-bediening as ‘n ad-hoc bediening naas ander bedienings, na ‘n bediening waar familie ‘n perspektief op die totale bediening is.
- *Die skep van ‘n bediening waar generasies mekaar kan leer ken en waardeer* – Ons benodig ‘n intergeneratiewe bediening wat ons leer om inklusiewe koinonia-geleenthede te skep. ‘n Bediening waar verskillende generasies waardeer word vir wie hulle is en verwelkom word.
- *Strukture met sagte mure* – Dit vra van ons dat ons die gemeente so sal inrig dat dit die broosheid van families erken, ondersteun en respekteer.
- *Familie as die primêre plek van geloofsvorming by kinders en jongmense* – Ons sal die bedienings moet inrig dat families nie net in naam deel uitmaak van die proses van geloofsgroei nie, maar totaal daarin opgeneem raak.
- *Gemeentes kan nie neutraal staan teenoor die probleme van patriargie en matriargie nie* – Gemeentes kan, weens die kerk se geskiedenis, steeds ‘n agent vir manlike oorheersing wees –in die kerk, maar ook in families.

- *‘n Gemeente wat die broosheid van families verstaan en help met die oorgange na verskillende fases* – ons moet die broosheid van families verstaan as ‘n organisme wat gedurig moeilike oorgange moet hanteer. Die “broosheid”agtervolg familielede: as babas, as onseker kinders oppad skool toe, as adolessente wat die grootmenswêreld betree, as jong volwassenes wat die huis verlaat, broos voor die kansel, broos in die oorgangsjare en broos as bejaardes. Gemeentes se taak is om families hoop te gee sonder om te veroordeel of te ontken.
- *Familie as perspektief op die totale bediening gee nuwe perspektief op evangelisasie en bedieningsvernuwing* – dit is opvallend dat gemeentes wat sensitief is vir familie as perspektief op die totale gemeentebediening, dikwels ook groei in getalle. Families voel aangetrokke tot gemeentes wat hul probleme ken en verstaan en nie net die individue van die familie ondersteun nie, maar die familie as geheel.
- *Ondersteuningsnetwerke met ander instellings is nodig* – Gemeentes sal moet leer dat hulle die krisisse waarin families verkeer nie alleen sal kan hanteer nie, maar nodig het om ondersteuningsnetwerke met ander organisasies, soos skole, terapeutiese en ondersteunende organisasies, die polisie, dokters en hospitale te vorm. Om families te kan ondersteun, is nodig dat ‘n netwerk van organisasies hande vat.

Chap Clark skryf in sy boek oor familie-bediening (1997:27-29), in aansluiting by Marais (Marais&Marais 2002:88-95), asook Strommen en Hardel (2000:158-185), dat daar vier belangrike dinge is om in ag te neem om ‘n gemeente as geloofsfamilie te laat funksioneer: Hy beklemtoon eerstens ook die belangrikheid van geleenthede waar die verskillende generasies saam kan wees en doen, geleenthede waar mense van verskillende generasies eerder by mekaar uitgebring kan word as wat hulle van mekaar geskei en geïsoleer word. Tweedens, beklemtoon hy die belangrikheid van ‘n verenigde visie van alle programme, sodat elke generasie nie heeltyd besig is met hul eie programme en ons uiteindelik, deur hierdie individualistiese benadering, die geloofsfamilie, maar ook die families binne die gemeente, só van mekaar

skei, dat ouers en kinders nooit meer saam kan deelneem aan die gemeentelewe nie.  Derdens, skryf hy dat binne ‘n gemeente wat as ‘n familie funksioneer, die verhoudings tussen die mense baie belangriker as die programme moet wees.  Laastens, is dit nodig dat alle bedienings en programme strategies saamgestel en gekoördineer word met een visie en doel voor oë.

Binne die gemeente as geloofsfamilie vind geloofsvorming nie net plaas binne al die amptelike bedienings van die gemeente nie.  Dit gaan nie primêr net oor ‘n “strukturele” verandering binne die gemeente nie.  Dit handel, volgens die navorser, in die gemeente as geloofsfamilie, veral dan oor die verhoudings binne die geloofsfamilie.  Dis binne die konteks van verhoudings tussen mense van verskillende ouderdomme en generasies waar geloof geleer, beleef en uitgeleef word.

Die geloofsfamilie is egter nie net ‘n konteks waarbinne daar geleer word nie, maar ook waar daar vir mekaar gesorg word.  Die behoefte aan ‘n ondersteunende gemeenskap buiten eie bloedfamilie, word in die meeste kerke ‘n al groter behoefte.  Ons leef in tye waar daar ‘n groot mate van disintegrasie van families is.  Heelwat kinders en adolessente word in families groot waar daar ‘n groot stuk gebrokenheid en seer is en hulle nie noodwendig die sekuriteit van liefde en omgee ervaar nie (de Vries 2004:37-41).  Vir sulke families kan die gemeente as ondersteunende familie, van groot waarde wees (Olson & Leonard 1996:32-43; Strommen & Hardel 2000:156-157).  Die gemeente as geloofsfamilie raak dan, volgens die navorser, ‘n geloofstuiste, ‘n veilige hawe waar mense kan behoort.

Die gemeente as geloofsfamilie kan egter nooit die rol van die familie, as die primêre rolspelers in kinders en adolessente se geloofsvorming, vervang nie Strommen & Hardel 2000:113).  Altwee bly onmisbare vennote in die proses van geloofsvorming by kinders en adolessente.  In Suid-Afrika en veral dan in die Ned. Geref. Kerk, het ouers, volgens die navorser, egter al meer hul verantwoordelikheid vir hul kinders se geloofsvorming op die kerk afgeskuif. Van kerke is al meer verwag om dit wat nie by die huise gebeur in terme van

geloofsonderrig/geloofsvorming nie, op te vang en te konsolideer. Die navorser stem egter saam met Strommen en Hardel (2000:104) dat daar meer van ‘n vennootskap tussen die familie en die kerk moet wees. Deur ‘n gemeente se program van geloofsvorming, kan kinders en adolessente gehelp word om beter begrip te kry van wat hul reeds by die huis in hul harte leer ken en verstaan het – naamlik dat Jesus hulle liefhet, vir hulle omgee en hulle Vriend en Verlosser is. Dit wat in die gemeente plaasvind ten opsigte van kinders se geloofsvorming, kan egter nooit die rol wat die ouer/s en familie speel, vervang nie.

Vervolgens gaan meer ondersoek ingestel word na die rol wat die families speel in die geloofsvorming van kinders en adolessente.

## 3.9. Die rol van die familie in geloofsvorming

Voordat daar verder ondersoek ingestel word na die rol wat die familie speel in die proses van geloofsvorming, is dit belangrik dat die begrip, familie, omskryf word.

### 3.9.1. Omskrywing van die begrip, familie

Wanneer die navorser praat van ‘familie,’ word meer bedoel as die “tradisionele” pa, ma, boet en sus-familie. Uit die Skrif kan ons aflei dat dit in families primêr handel oor die verhoudings wat daar tussen mense was. Virginia Ramey Mollenkott (Olson & Leonard 1996:48-53) het veertig verkillende vorme van familie vanuit die Skrif gekategoriseer. Die navorser vind haar meer tuis by Olson & Leonard (1996:25-26) wat families vanuit ‘n breër perspektief definieer as “any network of two or more people linked over time emotionally and usually biologically and legally, sharing such things as home, spiritual and material resources, interpersonal care giving, memory, common agenda and aspiration.” Dit sluit aan by Strommen & Hardel (2000:17) se definiëring van families, as die mense met wie ons ons geloof, waardes en lewensdoel deel, soos dit in verhouding staan tot ‘n lewe van liefde en hoop. Volgens die navorser lê die “familieskap” dus nie slegs in ‘n

biologiese verwantskap nie, maar in die verhoudings wat daar tussen mekaar is. Waar daar ‘n emosionele en fisiese “verbinding” teenwoordig is tussen twee of meer mense- daar word familie gevorm.

Uit die bostaande definisie van familie blyk dit reeds duidelik dat die term “familie” baie meer inklusief gebruik word, dat families vandag bestaan uit ‘n variasie van lede, style en besluitnemingsprosesse. Hedendaagse families het minder voorspelbare patrone om hulle te lei en werk hul verhoudings uit deur onderhandeling en beplanning. Hulle het egter ook ‘n groter behoefte aan onderrig, leiding en berading oor hul roeping as families (Olson & Leonard 1996:43-44). Volgens die navorser sal die geloofsfamilie, asook die kerkleiers, ‘n al hoe belangriker ondersteunende, helende en begeleidende rol in die lewe van families moet vervul.

### 3.9.2. Die “vergete” rol van ouers

Kerkleiers besef al meer dat, wat gebeur, of nie gebeur in die lewe van ‘n kind nie, direk verbind kan word aan wat by die huis gebeur, of nie gebeur nie. Leiers besef dat, indien hulle wil sien dat geloof van een generasie na ‘n ander generasie “oorgedra” word, ‘n nuwe paradigma benodig word. Een wat meer holisties is – wat die kind, adolessent, familie, gemeente, gemeenskap en kultuur aan mekaar verbind (Strommen & Hardel 2000:16). In Suid-Afrika het ‘n paradigma ontstaan waar geloofsvorming grootliks geïnstitusionaliseer is tot die kerk en in ’n mate, ook die skool. Ouers stuur hul kinders kategese toe vir geestelike vorming en skuif die verantwoordelikheid vir hul kinders se geloofsvorming op die kerk en dan by name, die kategeet, of die jeugwerker, af. Tog is daar goeie nuus dat daar tog steeds heelwat ouers is vir wie hul kind se geloofsvorming belangrik is. Ouers beskik net nie altyd oor die vaardigheid om hul kinders te begelei in hul geloofsvorming nie.

Frederick en Alta Marais skryf in die boek, Familie is ‘n Werkwoord (2002:91-92) dat die doopformulier reeds aan ons duidelikheid gee dat die ouers die primêre rol speel in kinders en adolessente se geloofsvorming deurdat ouers belowe om hul kind/ers self te leer. Daar is reeds gesê dat dit ‘n fout was dat

gemeentes grootliks hierdie taak uit ouers se hande kom neem het. Dit moet dus nie vir ons vreemd wees dat ouers onbetrokke is by hul kinders se geloofsvorming nie. Eers wanneer hierdie bediening aangepas word, sodat families in meer as net naam, deelgemaak word en ingesluit word in hul kinders se geloofsvorming, kan daar verwag word dat families weer betrokke sal raak.

Die navorser ondersteun Marais (2002:91-91) en voeg by dat heelwat gemeentes begin besef dat ouers eintlik primêr verantwoordelik is vir hul kinders se geloofsvorming en wil begin om hierdie verantwoordelikheid terug te skuif. Ouers het egter vir jare hierdie verantwoordelikheid grootliks aan die kerk en skool oorgelaat en voel dikwels onbekwaam om hierdie verantwoordelikheid nou skielik self te aanvaar.

Die vraag is egter nou: Hoe kan gemeentes families help, ondersteun en toerus om hulle kinders te kan begelei in 'n proses van geloofsvorming?

Tydens 'n ondersoek wat in 1996 gedoen is deur 'n Metodiste kerk in Minnesota, VSA ( Strommen & Hardel 2000:75-80), het ouers tydens die invul van vraelyste en fokusgroepgesprekke as volg reageer op die vraag: Hoe kan die kerk hulle as familie help?:
*Voorsien ons van leer- en ondersteuningsgeleenthede oor geloofsake. Help ons om geloof so by die huis met ons kinders te deel dat ons God vir hulle relevant maak.*
Na al die fokusgroepgesprekke het die konsultant die ouers se terugvoer as volg opgesom: *Ons vra die kerk om ons te help om ons geloofswaardes met ons alledaagse lewe te integreer en om ons te ondersteun en ons toerekeningsvatbaar te hou in ons groei as dissipels van die Here.*

Die vraag bly egter steeds: wat kan binne families gedoen word om by te dra tot die geloofsvorming van die familie? Navorsing deur Strommen en Hardel (2000:81-102) het die volgende uitgewys as dinge wat binne die familie gedoen kan word om 'n naby verhouding met die Here te kweek.

### 3.9.3. Wees Evangelie-georiënteerde ouers

Ouers moet gehelp word om Evangelie-georiënteerde lidmate te word wat

- waarde heg aan die geestelike dimensie van hul lewe;
- 'n persoonlike God ken wat omgee;
- redelik seker is van hul geloof;
- wat hul geloof as belangrik beskou
- en 'n positiewe houding teenoor lewe en dood het en redding deur werke verwerp.

Margaret Krych (in Strommen & Hardel 2000:83) skryf die volgende in 'n tydskrif aan onderwysers, wat net so op ouers van toepassing is:
" [Fathers], faith is a whole person response. Children need to see your whole-person response to God's action in Christ; not only your words, but also your attitudes, your behavior, your participation in worship, your enthusiasm in witnessing. Children quickly sense when there is a depth of quiet faith and the serenity that comes from a life of prayer and meditation on the Scripture."

### 3.9.4. Die kommunikering van morele waardes

Alhoewel kinders sterk deur hulle vriende beïnvloed word en die uitwerking van groepsdruk nie onderskat kan word nie, word die invloed van die vriendekring slegs dominant oor die van ouers waar daar nie 'n verhouding van liefde tussen ouer en kind bestaan nie. Ouers wat omgee bly steeds die primêre invloed in die vorming van hul kinders se morele waardes. Ouers moet dus gehelp word om die morele waardes wat hulle as belangrik beskou, met hul kinders te deel.

Braam Hanekom gee in sy boek, "Hoe leer ons kinders glo?" (2000:82-86), 'n paar praktiese voorstelle van hoe ouers kan help om morele waardes en deugde by hul kinders tuis te bring: Eerstens, leer kinders om uit dankbaarheud te leef deur mekaar voortdurend in die familie te herinner aan die goeie dinge wat ons uit die hand van God ontvang. Tweedens, leer

kinders ‘n goeie werksetiek – dat hulle sal besef dat die wyse waarop hulle hul werk doen, getuig van hoe hulle God dien – dat ons werk eintlik “heilige arbeid” is.  Derdens, leer kinders om voortdurend ‘n wilsbesluit te neem om goed te doen uit dankbaarheid vir dit wat Christus reeds vir ons gedoen het en steeds vir ons doen.  Laastens, leer hulle om aan ander te doen soos wat hulle graag aan hulself gedoen wil hê.  Dit is iets wat nie spontaan by enige kind maar net gebeur nie, maar is ‘n waarde wat voortdurend deur die ouer/s by hulle ingeprent moet word en deur hulle voorbeeld waar geleef moet word.

### 3.9.5.  Betrokkenheid in diensaksies

Navorsing deur Search Institute (Strommen & Hardel 2000:95) het aangetoon dat geloofsvolwassenheid in twee dimensies verdeel kan word:  'n lewensveranderde verhouding met ‘n liefdevolle God en ‘n konstante toewyding om ander te dien.  Navorsing het ook getoon dat deelname aan diensprojekte adolessente se verbondenheid aan die kerk verhoog het en dat adolessente wat deelneem aan diensprojekte, die helfte minder betrokke raak by risiko-gedrag.  Dit lyk tog of deelname aan diensgeleenthede in ‘n mate ‘n teenvoeter is vir die toenemende selfgesentreerdheid en gejaag na meer geld by adolessente.

Hanekom (2000:52-54) sluit by die bostaande aan deur sy beklemtoning van die feit dat diensbaarheid ‘n belangrike kenmerk is van ‘n volgeling van Jesus.  Aangesien die doel van geloofsvorming binne die kerk ook is om mense te begelei om dissipels (dit wil sê, volgelinge van Jesus) te wees, is diensbaarheid en deelname aan diensgeleenthede iets waartoe gelowiges begelei moet word.  Diensbaarheid is egter nie iets wat in ‘n klaskamer geleer kan word nie.  Jy leer dit vir kinders deur die voorbeeld wat jy stel en hulle aan ervarings bloot te stel waar die hele familie saam diens lewer.  Hanekom stel voor dat mens sommer as familie saam byvoorbeeld vuilgoedsakke in die motor laai en iewers opruimingwerk gaan help doen.  Die navorser stem saam met Hanekom dat dienslewering eintlik begin deur ‘n gesindheid van diensbaarheid wat eerstens deur die ouer/s waar geleef moet word en ‘n normale deel van ‘n familie se alledaagse lewe behoort te wees.

Hierdie deelname aan diensgeleenthede maak deel uit van die diakonia van die gemeente, wat reeds vroeër bespreek is. Weereens kan hierdie bediening ‘n totaal nuwe karakter kry wanneer families saam diens lewer en saam deelneem aan diensprojekte in die gemeente en gemeenskap en kan dit ‘n wonderlike kanaal wees waardeur geloofsvorming by oud en jonk plaasvind.

### 3.9.6. Die deel van geloof by die huis

Dit is reeds duidelik gemaak (3.9.2.) dat dit uit die Skrif blyk dat ouers primêr verantwoordelik is vir hul kinders se geloofsvorming. Ouers het ook kragtens die verbondsverpligting van die Doop die voorreg en verantwoordelikheid om hul kinders in die weg van die Here op te voed. Volgens Deuteronomium 6:9 en verder moet ouers elke geleentheid gebruik om met hul kinders te praat oor die Here – “… wanneer jy in jou huis is, en as jy oppad is , as jy gaan slaap en as jy opstaan.” Dit gaan oor baie meer as net die oordra van woorde. Die ouer dra aan die kind oor dit wat hy/sy self is. Soos wat die kind groter word, verstaan hy/sy meer, maar as klein kindjie word hy/sy ‘n nabootser van sy/haar ouers se voorbeeld. Soos hy/sy groter word en self meer verstaan, leef die kind self al meer bewustelik as volgeling van Jesus. Later volg die kind nie meer die ouer se voorbeeld net vanselfsprekend nie, maar omdat hy/sy hom daarmee kan vereenselwig (Prins 1990:75).

Vir ouers om so ‘n tipe rolmodel vir ‘n kind te wees, is dit nodig dat daar ‘n goeie verhouding tussen ouer en kind sal wees. Richards (Nel 1995:75) noem ‘n paar vereistes wat belangrik vir ‘n verhouding waarbinne daar so ‘n tipe van modellering plaasvind:

- Daar moet langtermynkontak met die model wees;
- Daar moet ‘n verhouding van liefde en emosionele warmte wees;
- Die model moet van sy eie belewing kan deel;

- Sy/haar optrede moet in ‘n verskeidenheid situasies waargeneem kan word;
- Die model moet konsekwent wees in sy/haar gedrag en waardes;
- Die model moet sy/haar lewenstyl kan verduidelik en in aansluiting daarby, die nodige voorligting kan gee.

Volgens Richards (1983:24) sal ouers, soos die lewe voor die Here saam geleef word, die woorde van God wat hulle woorde en dade lei, aan die kinders verduidelik. Nel (Senter, Black, Clarke & Nel 1997:15) bevestig die belangrikheid van die familie as hermeneutiese sfeer waar kinders leer en tot verstaan kom op ‘n taamlik natuurlike en gemaklike wyse. Hy beklemtoon egter ook dat die beginsel van die familie as hermeneutiese ruimte vir die oordra van geloof mag nooit gebruik word om mense seer te maak wat nie binne ‘n biologiese familie funksioneer nie.

Navorsing deur Search Institute tydens ‘n studie oor effektiewe geloofsvorming (Strommen & Hardel 2000:84) het getoon dat kinders en adolessente geneig is om die waardes en geloof van hul ouers aan te neem. Ook het die navorsing getoon dat die meerderheid van adolessente ouers uitgesonder het as die persone wat die grootste invloed in die vorming van hul geloof het.

Navorsing uit verskeie oorde beklemtoon die groot impak wat ‘n ouer/ouers wat hul geloof by die huis met hul kinders deel, op die geloofsvorming van hul kinders het (Strommen & Hardel 2000:98). Navorsing het ook bevind dat waar daar by huise ‘n deelname is aan geloof en geestelike aktiwiteite, die waarskynlikheid omtrent verdubbel dat die kinders/jongmense sal deelneem aan die lewe en sending van die kerk van Christus. Gemeentes sal dus al hoe meer aandag moet gee daaraan om ouers toe te rus om hul geloof ook by hul huise met hul kinders te kan deel.

### 3.9.7. Geloofsgesprekke

Nog iets waarmee gemeentes die familie kan help, is hulp om hul geloofstories met mekaar te kan deel (Roelhlkepartain 1993:174). Gemeentes moet kreatiewe wyses ontdek om geloofsgesprekke binne families op 'n gemaklike en natuurlike wyse aan te moedig. Roehlkepartain (1993:174) stel 'n paar voorbeelde:

- Begin met familie-georiënteerde klasse waar families geleer word om met mekaar oor hul geloof te gesels.
- Gee huiswerk aan kinders en adolessente om huis toe te neem en met hul ouers te bespreek.
- Koördineer die bestudering van bepaalde temas oor generasies, sodat ouers en kinders gedeelde geloofsake het om oor te gesels.
- Gebruik leermomente, byvoorbeeld, dood in die familie, 'n troue, iemand wat sy werk verloor het of 'n geboorte, om die invloed van geloof op die alledaagse lewe uit te wys.

### 3.9.8. Familie stiltetyd en aanbidding

Behalwe informele geselsies oor geloof, het gestruktureerde tye van saam gesels oor geloofsake en van saam die Here aanbid, ook 'n belangrike invloed op die geloofsvorming van kinders en adolessente (Roehlkepartain 1993:174-175).

Carol Rose Ikeler (Roehlkepartain 1993:174) stel die volgende voor:

- Gebede van danksegging voor etes kan gesê, gelees, of gesing word;
- Gebede tydens slapenstyd wek by kinders 'n stille sekerheid en rustigheid;
- Gereelde stiltetyd kan bestaan uit die lees van die Bybel, of die gebruik van 'n boekie vir stiltetyd;
- Ontwikkel rituele binne die familie tydens sekere vakansies, byvoorbeeld, Kersfees en Paasnaweek, wat ook gepaardgaan met tye van aanbidding.

- Families kan ook sekere spesiale geleenthede vier deur spesiale tradisies te ontwikkel tydens verjaarsdae, skool toe gaan, gradeplegtighede en vakansies.

Die navorser wil hierby aansluit deur te sê dat die belangrikheid van sekere rituele binne die familie onderskat word in die proses van geloofsvorming by kinders en adolessente. Die Joodse geloof is ryk aan sulke rituele en feeste wat 'n wonderlike wyse is om kinders voor te stel aan belangrike geloofstradisies.

Hanekom (2000:38-41) gee ook 'n paar praktiese wenke ten opsigte van Stiltetyd, wat families baie kan help: Eerstens, moet kinders van kleins af sien en beleef dat die Bybel 'n sentrale plek inneem – in die huis, maar ook in ouers se eie lewe. Tweedens, begin reeds van kleins af om met jou kind op spontane wyse oor Jesus te praat. Derdens, leer jou kind/ers om elke dag die Bybel te lees – deur van kleins af vir hulle en saam met hulle uit die Bybel te lees, leer hulle 'n belangrike geloofsgewoonte aan. Vierdens, hou dit kort. Begin deur 'n ritueel van huisgodsdiens te vestig, net deur 'n paar versies saam te lees en vir mekaar te bid. Kinders sal waarskynlik glad nie die inhoud daarvan onthou nie, maar die gebeure sal verseker 'n vormende invloed hê. Vyfdens, hou dit eenvoudig. Vat 'n Bybelgedeelte saam in een kerngedagte. Sesdens, moedig die gebruik van kreatiwiteit aan deur aktiwiteite wat kinders hulle linker- en regterbrein laat gebruik, byvoorbeeld rekenaar- en videomateriaal, asook visuele hulpmiddels. Laastens, maar verseker nie die minste nie, maak ruim gebruik van stories. Verhale en stories is deur die eeue heen gebruik om lewenswaarhede aan kinders oor te dra. Stories boei kinders en skep 'n verbeeldingswêreld. Dit is persoonlik en nie konfronterend nie.

Die belangrikste bly egter dat die ouer/s dit wat hulle vir hul kind/ers probeer leer en oordra, waar sal wees in hul eie hart en deel sal wees van hul eie lewe. Ouers moet ook weet – geloofsvorming neem tyd en energie en 'n doelbewuste besluit om aandag daaraan te gee.

### 3.9.9. Die bevordering van Christelike onderrig vir die familie

Dit help nie ouers word net aangemoedig om op verskeie wyses, soos reeds genoem, aktief deel te neem aan hul kinders se geloofsvorming nie. Gemeentes moet ouers bemagtig en toerus vir hierdie taak – nie net om hul kinders te kan begelei in hul geloofsvorming nie, maar ook om goeie ouers te wees en as familie saam te kan leef (Roehlkepartain 1993:177).

Olson en Leonard (Roehlkepartain 1993:177-178) stel twee breë areas voor waarop sulke toerustingsprogramme moet fokus:

- Inhoud – Families het nodig dat kerke hulle help om hulself en ander te verstaan, veral in die lig van die huidige veranderende samestelling van families. Hier, stel hulle voor, kan aandag gegee word aan vyf areas, naamilk, geloofsgroei, seksualiteit, familie-verhoudings, fases van die lewe, asook algemene oorgange en krisisse.
- Vaardighede – Hier val die fokus op vaardighede vir die familie. Dit sluit in, kommunikasie, beplanning en administrasie.

Aangesien elke gemeente se families anders lyk, sal hul behoeftes heel waarskynlik van mekaar verskil en sal die toerusting aangepas word vir elke unieke gemeente se omstandighede.

Die vraag wat gemeentes hulself, volgens die navorser, moet afvra is, hoe kan die gemeente as geloofsfamilie families help om op die bes moontlike wyse te leef as "funksionele" families en as familie saam te groei in hul verhouding met die Here.

Dit sou onvanpas wees om hierdie hoofstuk, wat handel oor geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief, af te sluit, sonder om te kyk na bestaande modelle van hoe dit in die praktyk daar kan uitsien.

Die volgende vraag waarna dus ondersoek ingestel gaan word is: Hoe lyk geloofsvorming dan binne 'n gemeente wat familiaal funksioneer? Daar gaan ondersoek ingestel word na twee verskillende modelle.

## 3.10. Modelle van geloofsvorming binne 'n familiale perspektief

Volgens Chap Clark (1997:43-44) is daar twee perspektiewe op jeugbediening wat meer volgens 'n "familie perspektief ingerig word – by die een is die fokus op die gemeente as geloofsfamilie, met die familie of gesin as ondersteuning, terwyl die ander model fokus op die familie, met die geloofsfamilie as ondersteuning. Volgens die navorser kan dit ook toegepas word op verskillende modelle vir geloofsvorming binne 'n familie-konteks. Die een model beskou geloofsvorming as familie-gebasseerd en gemeente-ondersteunend, terwyl die ander model geloofsvorming beskou as gemeente-gebasseerd en familie-ondersteunend.

Die navorser het besluit om hierdie twee modelle te bespreek om die volgende redes: Eerstens, steun albei die modelle sterk op die familie, asook die geloofsfamilie in die proses van geloofsvorming – dit sluit dus aan by wat die navoser reeds vroeër bespreek het as belangrike rolspelers in die proses van geloofsvorming van uit 'n familiale perspektief. Tweedens, is veral die eerste model wat bespreek word, 'n baie geïntegreerde model wat al die bedienings van die gemeente, asook die hele gemeentelewe inkorporeer in die proses van geloofsvorming. Dit is, soos reeds vroeër in die hoofstuk deur die navorser bespreek, een van die belangrikste elemente van geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief – dat geloofsvorming nie net beperk word tot sekere bedienings nie, maar dat die gemeente 'n leergemeenskap word waar geloofsvorming 'n lewenslange proses is en geloofsvorming plaasvind binne al die bedienings van die gemeente.

Daar gaan vervolgens ondersoek ingestel word na 'n voorbeeld van elk van hierdie benaderings.

### 3.10.1. "Generations of Faith"-benadering

Daar is reeds gestel dat “Generations of Faith” ‘n benadering is wat deur die Katolieke kerk in die VSA en Kanada ontwikkel is, om die probleme wat hulle ondervind het rondom kategese en die hele proses van geloofsvorming, aan te spreek.

”Generations of Faith” is ‘n innoverende benadering tot geloofsvorming wat die gemeente toerus om ‘n leergemeenskap te word deur die ontwikkeling van ‘n proses van lewenslange geloofsvorming wat gesentreer is rondom byeenkomste van die gemeente, alle ouderdomme en generasies omarm en geloofsgroei by die huis bevorder deur voorbereidingsprogramme van die gemeente en veral ook, deur deelname aan die gemeentelewe (Generations of Faith 2005:4).

Die “Generations of Faith”-benadering is gebasseer op ‘n paar sleutelbeginsels en praktyke:

- **Byeenkoms-gesentreerd –** Lewenslange geloofsvorming vir *alle* ouderdomme is ontwikkel rondom die byeenkomste van hul gedeelde lewe as Kerk: die Kerkjaar, sakramente en liturgie, gebed en spiritualiteit, geregtigheid en diens, gemeenskapslewe en die verkondiging van die Evangelie. Hierdie is ‘n kurrikulum wat rondom byeenkomste ontwikkel is.
- **Lewenslank en siklies –** Hierdie lewenslange kurrikulum van geloofsvorming is gevorm rondom die natuurlike ritme en patroon van die lewe van die geloofsgemeenskap, soos dit dwarsdeur die jaar beleef en geleef word. Die byeenkomste rondom die gemeentelewe vorm ‘n kurrikulum wat soos ‘n spiraal, die mense elke jaar dieper en dieper inlei in die geloof van die kerk.
- **Ontluikend/”Emergent” –** Die geloof en praktyke vir die lewe as ‘n Katoliek vandag, ontluik uit die lewe, byeenkomste en praktyke van die gemeenskap van gelowiges. Die geloof en praktyke om as ‘n Katoliek

te leef, is ingebed in die byeenkomste van die kerklike lewe. Die inhoud ontluik uit die byeenkoms.

- **Intergeneratiewe kategese –** Geloofsvorming voorsien byeenkomsgesentreerde, intergeneratiewe programme vir ALLE ouderdomme en generasies in die gemeente. Tydens intergeneratiewe leergeleenthede kom die hele gemeente bymekaar om te leer, te bid, fees te vier en te deel. Intergeneratiewe geloofsvorming bou gemeenskap en betekenisvolle verhoudings tussen mense van alle generasies in die gemeente; dit verskaf 'n plek waar elke generasie die geleentheid kry om te deel en te leer by die ander generasie (deur hulle geloof, stories, wysheid, ervaring en kennis); die ouer- en grootouergenerasies dra die tradisies van die familie en geloof oor aan die jonger generasies, terywl die jonger generasie weer hul geloof, energie en nuwe insigte met die ouer generasies deel; dit verskaf 'n omgewing waar nuwe maniere om jou geloof uit te leef, geoefen kan word; dit verskaf volwasse rolmodelle aan kinders en adolessente; dit bevorder begrip vir gedeelde waardes en geloof, sowel as respek vir individue in alle fases van die lewe; en dit help om die ouderdomskeiding in ons gemeenskap en kerkprogramme teen te werk.
- **Balansering/Alignment –** Die kurrikulum vir lewenslange geloofsvorming verskaf gelyksoortige byeenkomste en temas wat ervaar en ondersoek word deur mense van alle ouderdomme en generasies binne die gemeenskap van gelowiges. Die sleutel binne leer wat rondom byeenkomste sentreer, is dat die hele gemeente gefokus is – almal berei voor vir dieselfde byeenkoms met dieselfde fokus. Die aandag wat aan hierdie fokus gegee word, lei tot sinergie binne die hele gemeente. 'n Wye verskeidenheid van leer-metodes word gebruik om almal in die gemeente te bereik.
- **Voorbereiding – Deelname – Reflektering en Toepassing –** die "Generations of Faith"-leerproses berei mense van alle ouderdomme en generasies voor vir betekenisvolle deelname aan gemeente byeenkomste, betrek mense van alle ouderdomme en generasies by

die byeenkomste, help mense om oor die betekenis en toepaslikheid van die byeenkoms te reflekteer en help hulle om dit wat geleer is toe te pas in hul alledaagse lewe as Katolieke. Die kategetiese fokus is op die ontwikkeling van voorbereidende programme, tuis-aktiwiteite en reflektering-toepassingsaktiwiteite. Weereens vorm die byeenkoms die sentrale deel van die leerproses.

- **Geloofsvorming tuis –** die bemagtiging en toerusting van families om hul geloof by die huis en in die wêreld uit te leef, vorm 'n integrale deel van hierdie benadering tot geloofsvorming. Die kategetiese taak is om individue en families te voorsien van bronne en toerusting wat hulle kan help om dit wat hulle geleer het tydens een van die voorbereidingsprogramme by die kerk, toe te pas en uit te leef by hul huise en alledaagse lewe. Hulle ontwikkel materiaal vir spesifieke gebeure wat individue en families kan gebruik in die viering van tradisies en rituele, vir voortgaande leer, vir gesamentlike gebed, om ander te dien, vir deelname aan werke van geregtigheid, asook om hul verhoudings- en familielewe te verryk (www.generationsoffaith.org. 2005:4)

### 3.10.1.1. Belangrike boustene van "Generations of Faith"

Die "Generations of Faith"-benadering is gebou op die soliede boustene van die Katolieke Kerk se kategetiese leerstellings van die afgelope veertig jaar en probeer om aan hierdie leerstellinge uitdrukking te gee in 'n bepaalde konteks wat bydra tot geloofsvorming. Die navorser gaan ondersoek instel na vier van hierdie boustene van "Generations of Faith" soos ontwikkel vanuit die "General Directory for Catechesis" (www.generationsoffaith.org 2005:5-10):

#### (a) Die doel van kategese – 'n lewende geloof

Die "Generations of Faith"-benadering tot geloofsvorming is gebou op doelwitte wat eitnlik al so oud soos die Kerk self is.

Volgens die Kategismus van die Katolieke Kerk (#4) (Generations of Faith 2005:4) is die volgende aspekte een van die doelwitte van die kategese: "Quite early on, the name catechesis was given tot the totality of the churche's efforts to make disciples, to help men and women believe that Jesus is the Son of God so that believing they might have life in His name, and to educate and instruct them in this life; thus building up the body of Christ."

Volgens die "Generations of Faith"-benadering is dissipelskap die doel van alle geloofsvorming. Geloofsvorming het die doel om individue, families, asook die hele gemeenskap, in te lig, te vorm en te transformeer, in die Katolieke geloof.

Die "Generations of Faith"-benadering is 'n baie omvattende benadering tot geloofsvorming wat gewortel is in die lewe van die kerk, mense toerus om op 'n betekenisvolle wyse deel te neem aan die lewe van die kerk en hulle toerus en bemagtig om as dissipels te leef, by hul huise en in die wêreld.

**(b) 'n Leer-gemeenskap**

Die "hart" van die "Generations of Faith"-benadering tot geloofsvorming, is die ontwikkeling van die gemeente as 'n leergemeenskap – 'n gemeente van leerders. Dit is vir hulle belangrik om elke lid van die gemeenskap van gelowiges te bemagtig om 'n leraar/"teacher", sowel as 'n leerder, te wees. Binne so 'n gemeenskap gee die leerders ook self lering, is die wat lering gee, besig om self te leer en is ALLE aktiwiteite – byeenkomste, aanbidding, diens en gemeenskapsgebeure – leergeleenthede.

Hier word leer gesien as 'n lewenslange proses wat groei uit die lewe van die gemeente en wat, op sy beurt, weer die gemeenskap van gelowiges versterk. Binne so 'n gemeente sal leer vloei deur elke aspek van gemeente-wees. Kategese sal integreer wees met liturgie, diens, gebed en spiritualiteit. Elke aspek van die gemeentelewe sal gesien word as 'n geleentheid waar leer kan plaasvind.

Harris (in Generations of Faith 2005:11) bevestig die belangrikheid van die gemeente as leergemeenskap met die volgende stelling: “the church does not have an educational program; it is an educational program.”

### (c) Omvattende geloofsvorming

Die omvattende visie soos voorgestel deur die “General Directory for Catechesis” van die Katolieke kerk, bevat ses essensiële en interafhanlike take vir kategese:

- Die bevordering van kennis oor die geloof – kategese help met die geleidelike verstaan van die waarhede deur bestudering van die Woord en tradisie.
- Lering in verband met die liturgie – Kategese leer die betekenis van die liturgie en sakramente en het die doel om te lei tot volle, bewustelike en aktiewe deelname.
- Morele vorming – Kategese lei tot die verandering van lewe deur die oordrag van die gees van die bergpredikasie en die waardes van die dekaloog en dien as getuienis van die sosiale gevolge van die eise van die Evangelie.
- Vorming vir die gemeenskapslewe – deur in diens opleiding wat getuig van ‘n gees van eenvoud en nederigheid, omgee vir die minderbevoorregtes, besorgdheid oor die vervreemdes, teregwysing deur die medegelowiges en wedersydse vergifnis.
- Inleiding tot sending – deur gelowiges toe te rus om as Christene teenwoordig te wees in die gemeenskap deur hul professionele, kulturele en sosiale lewe.

Weereens sluit hierdie benadering daarby aan dat elke bediening van die gemeente ‘n plek is waar geloofsvorming plaasvind en dat, indien daar net op sekere bedienings gefokus word, geloofsvorming nie voldoende kan plaasvind nie (Generations of Faith 2005:12).

**(d) ‘n Model van Kategetiese aktiwiteit**

Die ”General Directory for Catechesis” stel die doop-kategumenaat as die model vir die hele kerk se kategese: “Given that the mission as gentes is the paradigm of all the Church’s missionary activity, the baptismal catechumenate, which is joined to it, is the model of its catechizing activity.”

Om die doop-kategumenaat te beskou as model vir die hele kerk se kategetiese aktiwiteit, het belangrike implikasies vir geloofsvorming:

- Dit versterk ‘n byeenkoms-gesentreerde benadering tot geloofsvorming wat mense inlyf in die lewe van die gemeenskap van gelowiges deur geleenthede daar te stel om deel te neem en te ervaar. Dykstra, skrywer van die boek, Growing in the life of Faith, sluit aan by die benadering deur te sê dat die proses van tot geloof kom en van groei in die geloofslewe, in sy wese ‘n proses van deelname is (1998:40);
- Dit versterk die beklemtoning om mense in die praktyke van die geloofsgemeenskap te betrek. Mense kom tot geloof en groei in hulle geloof deur deelname aan die praktyke van die geloofsgemeenskap. Volgens Dykstra (1998:43), is een van die redes hoekom die geloofsgemeenskap so ‘n sentrale rol speel in geloofsvorming, omdat dit praktyke is waarby die gemeenskap van gelowiges oor en oor betrokke is, omdat dit praktyke is wat deel is van die wese van die kerk, praktyke waartoe God ons roep. Dit is die genademiddele waardeur mense tot geloof kom en groei in hul geloof, praktyke wat individue help om voort te gaan met hul ervarings saam met God soos bekendgemaak deur Sy Woord, sakramente, gebed en in die lewe van die gemeenskap in gehoorsaamheid aan Sy roeping in die wêreld.

Die “Generations of Faith”-benadering is ontwerp om mense dieper in te lei in die lewe van die kerk, sodat hulle kan leer deur deelname en ervaring. So

word mense van alle ouderdomme en generasies ingelei in die geloofslewe en tradisies wat eie is aan die Katolieke kerk.

Volgens die navorser beskik hierdie model oor ‘n hele aantal pluspunte:

Eerstens, dat elke bediening van die gemeente beskou word as ‘n bediening waar geloofsvorming kan plaasvind. Elke bediening word uitgebou tot ‘n bediening waar leer en geloofsvorming kan plaasvind.

Tweedens, is die wyse waarop almal binne die geloofsfamilie, klein en groot, oud en jonk, ingelyf word in die gemeentelewe en deelgemaak en ingesluit word in al die aktiwiteite en bedieninge van die gemeente, baie positief.

Derdens, is die proses van voorbereiding, deelname, reflektering en toepassing wat gebruik word, ‘n baie sinvolle proses om gemeentelede te help om dit wat geleer word, te verstaan, te oordink en met hul alledaagse lewe te integreer.

Vierdens, is die integrasie tussen dit wat binne die geloofsfamilie geleer word en dit wat na die families toe “uitgebrei” word om hulle te help en te ondersteun in die proses aan geloofsvorming, vir die navorser baie positief.

Die enigste besorgdheid wat die navorser het, is dat dit tog lyk of die grootste fokus op die gemeente geplaas word as primêre plek van geloofsvorming, met die familie as ondersteuning. Volgens die navorser berus die primêre verantwoordelikheid vir geloofsvorming tog steeds by die ouer/s, volgens hul doopbelofte. Tog voel die navorser dat die familie-samestelling en – agtergrond ook ‘n bydrae kan lewer om wel te kies vir hierdie model en dit baie positief in mense se lewens kan gebruik as model vir geloofsvorming. Die navorser is van mening dat hierdie model veral baie positief benut kan word in gemeentes wat mense intrek wat nie noodwendig in gelowige families grootgeword het nie en waar ouers dus nie so ‘n belangrike rol kon speel in geloofsvorming nie.

Die volgende model wat bespreek word, fokus op die familie as primêre plek waar geloofsvorming plaasvind, met die gemeente as ondersteunende sisteem.

### 3.10.2. “Generations in Faith Together”

”Generations in Faith Together” is ‘n intergeneratiewe bedieningsisteem wat deur Faith Inkubators ontwerp is (Generations in Faith Together 2005)

#### 3.10.2.1. Agtergrond en boustene:

”Faith Inkubators” (www.faithink.com 2005) is ‘n organisasie wat deur Rich Melheim begin is uit desperaatheid oor die toestand waarin hy geloofsvorming binne die kerk beleef het. Die vissie van “Faith Inkubators” is om ‘n reformasie in geloofsvorming te lei wat ouers tot primêre leraars, mentors en rolmodelle vir hul eie kinders herstel, met die kerk as ondersteuning, nie vervanging nie – van ouers se verantwoordelikheid.

‘n Paar van die belangrikste boustene van “Faith Inkubators” is:

- ‘n Lewende, liefdevolle Christen-rolmodel by die huis is verreweg die beste sisteem vir die oordrag van die Christelike geloof;
- Christen-ouers het die voorreg en verantwoordelikheid om hul kinders groot te maak om Jesus te ken. Die kerk moet hulle help, nie hulle verantwoordelikheid oorneem nie;
- Die familie is ‘n kerk (..waar twee of meer in My naam vergader… daar is Ek) en moet uitgedaag, geïnspireer en toegerus word om al die funksies/bedienings van die kerk (soos lering, verkondiging, gebed, dade van liefde en diens) in die huis te modelleer;
- Alles wat by die kerk op ‘n Sondag gedoen word, moet in klein, verteerbare dele huis toe geneem kan word om die gesprekke tussen ouers en kinders voort te sit en te verdiep.

”Faith Inkubators” is toegewy tot die welstand van AL God se kinders, oud en jonk, binne die hele Christelike kerk, sy gemeentes, families en kinders.  Hulle missie is om kerkleiers toe te rus om hul gemeentelede op te lei in holistiese, Bybelse, Teologies-gegronde geloofsvormingsisteme.  Hulle doel is om die huis/familie weer die primêre agent vir geloof te maak vir dissipels van alle ouderdomme, deur die “Sondagskool”-modelle van geloofsvorming te vervang met ouer-betrokke, kleingroep modelle.

**3.10.2.2.  Waar pas “Generations in Faith Together” in?**

”Generations in Faith Together” is een van die programme wat deur “Faith Inkubators” ontwikkel is.  Die doel is om te beweeg van “elke week in elke kerk”-benadering na “elke aand in elke huis”-benadering, deur die gebruik van ‘n sisteem wat ontwerp is om ‘n liefdevolle konteks te skep waartydens die Evangelie van Jesus Christus gedeel kan word.

**3.10.2.3.  Wat behels “Generations in Faith Together?”**

‘n Sentrale Bybeltema word die eerste week bekend gestel en kan gedoen word in twee- of vierweek-siklusse en word versterk deur ouderdomstoepaslike materiaal wat vyf aande per week by die huise gedoen word.  Hierdie intergeneratiewe model kry al die ouderdomme bymekaar tydens ‘n grootgroep-byeenkoms elke Sondag waar ‘n Bybelles, volgens ‘n bepaalde tema deur middel van musiek, toneeltjies, gebed, beelde, ‘n storie en ‘n Bybeltyd-deel, aangebied word.  Hulle verdeel dan in ouderdomstoepaslike kleingroepies waar die tema bespreek en toegepas word op hul eie lewe.  Elke kleingroepie kom elke week bymekaar vir ‘n tyd om vir mekaar om te gee, hoogte- en laagtepunte met mekaar te deel, saam ‘n Bybelgedeelte te lees, te bid en met ‘n seën af te sluit.

Hierdie is ‘n intergeneratiewe model wat die verskillende generasies van God se mense bymekaarbring en op elkeen se gawes staatmaak om MEKAAR te voed en op te bou en informasie om te sit in geloofsvorming.  Hierdie benadering steun op die dialoog binne die kleingroep, sowel as op die hegte band en kreatiwiteit, eerder as om ‘n “onderwyser-gedrewe” model te wees.

Hul doel is, samevattend:  Om elke aand in elke huis geloof te vorm deur elke week in elke kerk toe te rus.

### 3.10.2.4.  Kritiese evaluering

“n Baie groot pluspunt van hierdie model, is dat dit ouers begelei in ‘n proses om weer die primêre rolspelers in hul kind/ers se geloofsvorming te word, met baie hulp en ondersteuning van die gemeente as geloofsfamilie.  Ook bring die model die verskillende generasies weer bymekaar om saam, as geloofsfamilie, by mekaar te leer.  Die model benut die wysheid en kreatiwiteit wat daar binne die geloofsfamilie is om saam te groei.  Ook word kinders hier gesien as deel van die geloofsfamilie wat nie net objekte van geloofsvorming is nie, maar ook ‘n bydrae kan lewer in ander se geloofsvorming.

Al potensiële “probleem” wat hierdie model mag inhou, is dat ouers, wat gewoond geraak het daaraan dat die kerk grootliks hul taak van geloofsvorming van hul kinders oorgemeen het, dalk nie gewillig of bekwaam sal voel om “in te koop” in hierdie proses nie.  Hierdie is verseker nie ‘n model waarmee ‘n  gemeente oornag sal kan begin nie, maar sal deel moet vorm van ‘n proses van begeleiding en voorbereiding vir ouers en vir die hele gemeente.  Tog, volgens die mening van die navorser, kan hierdie model lei tot ‘n totale transformasie in die bediening van geloofsvorming in families, asook in die gemeente as geloofsfamilie.

## 3.11.  Samevatting

Samevattend, die volgende: Eerstens,  die totale gemeente-bediening sal anders daar uitsien wanneer die gemeente begin funksioneer vanuit die perspektief:  ons is geloofsfamilie – ‘n geloofsfamilie waarvan ALMAL, oud, jonk, groot en klein, deel vorm.  Dit raak die identiteit van die gemeente, sowel

as die taak en elke bediening van die gemeente (vergelyk Burger 1999:45-103; Harris 1989:43-44).
Tweedens, wanneer die gemeente gesien word as ‘n leergemeenskap, word geloofsvorming ‘n baie meer geïntegreerde en inklusiewe proses wat fokus op die totale gemeente, wat elke generasie insluit en waar elke bediening binne die gemeete se potensiaal tot geloofsvorming raakgesien en uitgebou word. Geloofsvorming kan, volgens die navorser, ‘n wonderlike transformasie ondergaan, wanneer elke bediening gesien word as ‘n bediening waardeur geloofsvorming kan plaasvind, dat geloofsvorming ‘n proses is wat voortduur tydens elke fase van die lewenspad en dat die verskillende generasies mekaar nodig het op hierdie pad.

Die kerk kan egter nie vir veel langer die rol van die ouer/s en familie in die geloofsvormingsproses ontken en voortgaan in ‘n geïsoleerde bediening waar slegs gefokus word op kinders en waar daar min of geen kontinuïteit is tussen wat met die kinders gedoen word en dit wat in die res van die gemeente, asook by die huise gebeur nie.  Kragtens ouers se Doopbelofte is hulle primêr verantwoordelik vir hul kinders se geloofsvorming.  Die kerk sal baie meer moet doen om ouers se hande te vat en hulle te begelei en toe te rus vir hierdie verantwoordelikhid en voorreg wat hulle, kragtens hul doopbelofte, van die Here ontvang het.

## Hoofstuk 4:  Empiriese navorsing en bevindinge

### 4.1.  Inleiding

Uit die hoofstuk oor die ontstaan en ontwikkeling van kategese het dit reeds duidelik geword dat kategese aanvanklik 'n baie meer omvattende doel gehad het as waartoe dit ontwikkel het binne die Ned. Geref. Kerk.  Uit die Skrif, sowel as die literatuur wat geraadpleeg is, blyk dit dat geloofsvorming eintlik die doel gehad het om alle mense, jonk en oud, te begelei en toe te rus om as gelowiges hul geloof in die wêreld waar te leef.  Dit was nooit aanvanklik net bedoel vir kinders nie en het gehandel oor 'n proses van geloof wat die hele lewe raak.  In hoofstuk drie het die navorser ook deur literatuur en navorsing beklemtoon dat, wanneer geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief benader word, dit die potensiaal het om die totale gemeente-bediening te raak en alle gelowiges, oud en jonk, deel te maak van die proses.  Ook is die belangrikheid van die rol wat die geloofsfamilie, sowel as die familie in mense se geloofsvormng speel, bespreek.

Dit is die doel van hierdie hoofstuk om vas te stel hoe ouers en adolessente dink oor geloofsvorming – sien hulle dit as iets wat net vir kinders bedoel is?  Waar, dink hulle, is geloofsvorming veronderstel om plaas te vind, ensovoorts?  Die navorser wil volgens die korrelatiewe benadering binne die Praktiese Teologie, 'n dialoog voer tussen die Teologie en die praxis om te sien of die kerk dalk nuwe insigte kan ontdek met betrekking tot geloofsvorming, soos wat dit huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk plaasvind.

Die data-insamelingsmetode wat gebruik is, is fokusgroepe.  Hierdie hoofstuk bestaan uit die volgende:

- Definiëring van fokusgroepe;
- Motivering vir die gebruik van fokusgroepe;
- Die beplanning van fokusgroepe;
- Die fasilitering van fokusgroepe;

- Die ontleding en verslaggewing van die resultate van die fokusgroepe.

### 4.2. Definiëring van fokusgroepe

Fokusgroepe is eerstens ‘n navorsingsmetode vir die insameling van navorsingsdata. Fokusgroepe word gewoonlik saamgestel deur ‘n navorsingspan, of in hierdie geval, ‘n navorser, vir ‘n baie spesifieke doel. Fokusgroepe is dus gerig op die insameling van data oor ‘n spesifike onderwerp of onderwerpe (Morgan 1998:29).

Morgan (1998:1) beskryf fokusgroepe verder as groepsonderhoude waar daar groepsbesprekings plaasvind oor ‘n onderwerp wat deur die navorser bepaal is. Wat die deelnemers tydens die bespreking sê, is die primêre data in die fokusgroep. Krueger (Greef 2002:306) sluit hierby aan deur fokusgroepe te beskryf as ‘n goed beplande bespreking wat ontwerp is om persepsies rakende ‘n afgebakende area van belang te bekom in ‘n nie-bedreigende omgewing.

### 4.3. Motivering vir die gebruik van fokusgroepe

Dit is belangrik om as navorser te verduidelik waarom fokusgroepe as kwalitatiewe navorsingsmetode gekies is. Die navorser sal eers ondersoek instel na die doel van fokusgroepe, asook die voor- en nadele van die gebruik van fokusgroepe. Daarna sal ‘n volledige motivering vir die gebruik van fokusgroepe as navorsingsmetode verskaf word.

#### 4.3.1. Die doel van fokusgroepe

Volgens Morgan (1998:9-13) het fokusgroepe twee doelwitte:

(a) *Dit is 'n manier van luister en leer by mense.* Fokusgroepe skep kanale vir kommunikasie – nie net tussen die groeplede onderling en tussen die groeplede en die fasiliteerder nie, maar ook op die volgende vlakke:

- Die navorser besluit wat hy/sy wil hoor by die deelnemers;
- Die deelnemers aan die fokusgroepe gesels oor die onderwerp van bespreking;
- En, die navorser, of die navorsingspan, som dit op wat hulle van die deelnemers geleer het.

(b) *Tweedens, is fokusgroepe 'n kwalitatiewe navorsingsmetode.* Daar word gebruik gemaak van begeleide groepbesprekings om 'n begrip te kry van deelnemers se ervarings en sienings. Fokusgroepe steun op drie fundamentele sterkpunte wat deur alle kwalitatiewe navorsingsmetodes gedeel word:

- **Verkenning en ontdekking** – fokusgroepe word gereeld gebruik om meer te leer van temas of / en groepe van mense wat moeilik verstaan word. Die navorser het, in aansluiting hierby, besluit om van fokusgroepe gebruik te maak om ouers en adolessente se denke rakende die onderwerp van geloofsvorming beter te verstaan.

- **Konteks en diepte** – Die twee aspekte help die navorser om die agtergrond agter mense se gedagtes en ervaringe te verstaan. Fokusgroepe dring deur tot hierdie komplekse temas deur deelnemers aan te moedig om die maniere waarop hulle dieselfde en verskillend van mekaar is en dink, te ondersoek. Om te luister na hoe deelnemers reageer op mekaar, gee 'n in-diepte prentjie van die variasie in ervarings en menings.

- **Interpretasie** – fokusgroepe floreer op interpretasie. Dit kan help om te verstaan hoekom dinge is soos wat dit is en hoe dit gekom het dat dit so is. In fokusgroepe wil mense mekaar probeer verstaan: hoe kan mense wat so dieselfde is, soveel verskillende menings en ervarings hê?

Ter samevatting, kan gesê word dat die groepbesprekings binne fokusgroepe die deelnemers help met ‘n proses van met mekaar deel en vergelyk.

### 4.3.2. Die voor- en nadele van fokusgroepe

Greef (2002:306-320) bespreek in Vos se publikasie, “Research at Grass Roots”, die volgende voor- en nadele van fokusgroepe:

Die ***voordele*** van die gebruik van fokusgroepe as data-insmelingsmetode:

- Fokusgroepe kan gekonsentreerde hoeveelhede inligting oor die onderwerp van belangstelling lewer. Morgan (1998:57) sluit hierby aan deur te sê dat byvoorbeeld bestuurders of akademici soms min begrip het vir die mense met wie hulle werk en dat daar so ‘n gaping kan ontstaan tussen die twee groepe. Fokusgroepe kan help om beter begrip vir die mense met wie hulle werk se standpunte en opinies te kry;
- Daar kan op interaksie in die groep staatgemaak word om inligting te verkry. Die vergelykings wat die deelnemers maak tussen mekaar se ervarings en opinies, is ‘n waardevolle bron van insig in komplekse gedrag. Morgan (1998:58) skryf dat hierdie ‘n uitstekende geleentheid kan wees om opinies en standpunte te ontdek waarvan die navorser nooit bewus was nie;
- Die groep kan ‘n stimulerende en veilige omgewing vir groeplede voorsien om idees sonder vrees en kritiek te deel;
- Die samewerking in die groep het die potensiaal om belangrike konstrukte oop te breek wat velore kan wees met data wat tydens onderhoude en vraelyste met individue verkry is;

- Die groep help ook om dinamiese emosionele prosesse, wat gedrag in ‘n groot mate bepaal, te ontbloot;
- Fokusgroepe voorsien ‘n vollediger, dieper verstaan van die onderwerp wat bestudeer word en dit stimuleer spontaan die uitruil van idees, gedagtes en gesindhede in die veilige omgewing van die groep. Die fokusgroepe kan die navorser help om die verskeidenheid van ander se ervarings en opinies te verstaan (Morgan 1998:58).
- Laastens is fokusgroepe, volgens Morgan(1998:59), ‘n veilige, vriendelike en gerespekteerde navorsingsmetode. Dit kan ‘n stresbelaaide situasie ontlont deurdat dit die gewilligheid om te luister, kommunikeer binne ‘n gemaklike omgewing.

Die gebruik van fokusgroepe het ook sekere ***nadele*** en is minder toepaslik in sekere situasies (Greef 2002:319 & Morgan 1998:60-63):

- Fokusgroepe kan baie duur wees;
- Dit vereis navorsers wat vaardig is in groepprosesse;
- Die navorser kan bevooroordeeld wees;
- Bevindinge in fokusgroepe kan nie outomaties op die populasie in die breë geprojekteer word nie;
- Indien die fasiliteerder onbevoeg is, kan dit gebeur dat slegs die aktiewe deelnemers hul gevoelens en menings lug;
- Dit skep die gevaar dat passiewe deelnemers beïnvloed of onderdruk kan word deur aktiewe deelnemers;
- Deelnemers se begeerte om hoflik te wees en by die norm in te pas, kan ook nadelig wees.

Morgan (1998:60-62) skryf ook, in aansluiing met die bogenoemde, dat dit ontoepaslik is om fokusgroepe te gebruik wanneer deelnemers ongemaklik is met mekaar, wanneer die onderwerp van die navorsing nie geskik is om deur deelnemers in ‘n groep bespreek te word nie, asook wanneer ‘n projek statistiese data benodig.

Fokusgroepe werk die beste wanneer ‘n beperkte getal mense die geleentheid het om ‘n onderwerp van gedeelde belang binne ‘n oop, nie-bedreigende atmosfeer te bespreek, onder die begeleiding van ‘n bekwame fasiliteerder wat goed beplande vrae gebruik.  Die fokusgroep is dus nie ‘n geleentheid vir die fasiliteerder om ander te oortuig, te leer, of te vermaan nie, maar ‘n gulde geleentheid vir ander om te praat en vir die fasiliteerder om te luister (Morgan 1998:63).

In die lig van die bogenoemde voor- en nadele van die gebruik van fokusgroepe, asook die doel van fokusgroepe, soos dit reeds bespreek is, volg die navorser se motivering vir die gebruik van fokusgroepe as navorsingsmetode.

Een van die belangrikste motiverings van die navorser vir die gebruik van fokusgroepe, is die begeerte om te luister en te leer hoe ouers en adolessente oor die onderwerp van “geloofsvorming” dink en voel.  Die navorser wil graag ook deur middel van die gespreksgroep die gaping wat daar dalk mag bestaan tussen die deelnemers en die navorser se verstaan van geloofsvorming, asook die verstaan van die rol en plek van ouers en die kerk met betrekking tot geloofsvorming, probeer verstaan en verklein.

Een van die redes waarom die navorser besluit het om fokusgroepe te gebruik, is omdat dit ‘n meer buigbare en “open ended” navorsingsmetode is as byvoorbeeld vraelyste.  Deelnemers kry kans om hul persoonlike opinie rakende sekere vrae te gee en die navorser kan opvolgvrae en verhelderende vrae vra.  Tydens die invul van vraelyste reageer deelnemers op dieselfde vrae en word die data statisties verwerk.  Die navorser voel meer gemaklik met die meer persoonlike benadering van fokusgroepe waar die proses bestaan uit luister en sinmaak van wat die deelnemers oor die onderwerp sê.

Daar is ook besluit om eerder van fokusgroepe, as individuele onderhoude gebruik te maak, aangesien dit vir die navorser belangrik is dat deelnemers die geleentheid het om hul menings met ander groeplede te toets en te vergelyk en elke individu se opinie nie die fokus is nie.  Die navorser wou ook

vasstel of daar ‘n algemene tendens onder groeplede voorkom rakende hul belewing rondom die onderwerp van geloofsvorming.

Die navorser het ‘n vriendelike, gerespekteerde navorsingsmetode gesoek waardeur sy die diversiteit van ouers en adolessente se opinies en ervarings rakende geloofsvorming wou hoor en beter verstaan (Morgan1998:57-60). Die interaksie tussen die deelnemers in hul pogings om mekaar te verstaan, asook hul nuuskierigheid om uit te vind hoe die ander deelnemers oor bepaalde sake dink en voel, was ook vir die navorser ‘n sterk oorweging in die keuse van die navorsingsmetode.

Die gebruik van fokusgroepe as navorsingmetode vereis deeglike beplanning. Vier belangrike stappe rondom die gebruik van fokusgroepe gaan vervolgens bespreek word.

### 4.4. Vier stappe in die gebruik van fokusgroepe as novorsingsmetode

Volgens Morgan (1998:4-5) bestaan omtrent alle navorsingsprojekte wat gebruik maak van fokusgroepe, uit die volgende vier stappe, naamlik beplanning, werwing, fasilitering van die groepe, asook analisering en verslaggewing.

#### 4.4.1. Beplanning

Tydens die beplanningsfase is daar aan die volgende belangrike sake aandag gegee (Morgan 1998:10;Greef 2002:310):

Die *doel* van die empiriese ondersoek is die volgende:

- Om ouers en Graad Elf’s se begrip van geloofsvorming te verstaan;
- Om uit te vind wie of wat, as kinders, die grootste invloed gehad het op ouers en Graad Elf’s se geloofsvorming;

- Om uit te vind wie of wat nou die belangrikste invloed is in die geloofsvorming van ouers, sowel as Graad Elf's;
- Om te hoor hoe ouers, asook Graad Elf's, die rol van die ouers sien rakende geloofsvorming;
- Om te luister hoe ouers en Graad Elf's die rol van die kerk sien rakende kinders se geloofsvorming;
- Om vas te stel hoe ouers en Graad Elf's die rol van die kerk sien rakende die geloofsvorming van families; en
- Om uit te vind waar Graad Elf's, asook ouers, geloofsvorming inpas in die breë bediening van die kerk.

'n Belangrike deel van die beplanning is om 'n *tydskedule* te bepaal vir die afhandeling van die hele proses, dit wil sê, die beplanning, werwing, fasilitering van die groepe, asook die analisering van data en verslaggewing. Elk van hierdie fases van die proses behoort sy eie tydskedule te hê. Aangesien hierdie 'n kleiner fokusgroep projek is, sal die tydskedule verskil van fokusgroepe vir 'n groter projek (Morgan 1998:10-14). Daar is 'n week geskeduleer vir die beplanning van die fokusgroepe, twee weke vir die werwing van deelnemers, 'n week vir die fasilitering van die groepe en twee weke vir die ontleding van die inligting verkry tydens die fokusgroepe en die verslaggewing.

Die *keuse van die fasiliteerder/s* vorm ook 'n belangrike deel van die aanvanklike beplanning, veral wanneer die fasiliteerder nie die primêre navorser is nie, soos wat dit hier die geval was (Morgan 1998:10). Twee opgeleide fasiliteerders van die twee gemeentes wat deelneem aan die navorsingsprojek, sal die fokusgroepe hanteer. Die navorser is van mening dat die feit dat beide van hulle ook predikante by die onderskeie gemeentes is, voordele inhou, aangesien hulle reeds bekend is met die gemeentelede, die geskiedenis van die gemeente, asook die gemeentekultuur (vergelyk Krueger 1998:39). Dit is ook waarskynlik dat die deelnemers meer gemaklik sal wees om hulle menings te deel met fasiliteerders wat reeds aan hulle

bekend is en met wie hulle op hulle gemak voel. Die navorser sal self as *mede-fasiliteerder* optree tydens al vier die fokusgroepe.

Deel van die beplanning het ook daaruit bestaan om, saam met die twee fasiliteerders, finale uitsluitsel te kry oor die *doel* van die navorsing, asook oor die *vrae* wat tydens die fokusgroepe gevra gaan word. Krueger (1998:4-6) is van mening dat dit baie belangrik is dat die vrae so gekies word dat dit die navorser help om by die doel van die empiriese navorsing uit te kom. Effektiewe vrae is kort, duidelik en redelik en stimuleer gesprek. Die vrae moet van so ‘n aard wees dat die deelnemers daaroor sal wil gesels. Aangesien die navorser van mening is dat dit belangrik is om die regte vrae te vra om by die navorsingsdoelwitte uit te kom, het die navorser die vrae ‘n paar keer getoets op die fasiliteerders, asook vriende en kollegas en dit so verder verfyn tot die finale vrae (Krueger 1998:14-17; 57-60).

Daar is besluit om gebruik te maak van vrae, in plaas van onderwerpe. Die vrae gee duideliker fokus aan dit wat die navorser wil bereik met die fokusgroepe, die analisering vind makliker plaas, aangesien dit die verskille in die inhoud van die vrae beperk en dit is ook meer verkieslik om vrae te gebruik wanneer verskillende fasiliteerders aan ‘n projek deelneem (Krueger 1998:12).

Die fokusgroepe wat gebruik word vir die doeleindes van hierdie navorsing, sal matig gestruktureerd wees om mee te werk dat die besprekings die navorsingspan se belange en doelwitte beklemtoon, maar ook deelnemers die geleentheid te gee om hul menings en ervarings met mekaar te deel en na mekaar te luister (Morgan 1998:44&52).

Die vrae is aan die hand van Krueger se riglyne in die boek, “Developing Questions for Focus Groups”, saamgestel. Volgens Krueger (1998:22-28) is die volgende vyf katagorieë van vrae belangrik met die gebruik van fokusgroepe. Hierdie kategorieë is dan ook gebruik in die samestelling van vrae vir die gebruik van hierdie navorsingsprojek:

- Die openingsvraag – Hierdie vraag word deur elke deelnemer aan die begin van die bespreking beantwoord. Die vraag het ten doel om vinnig beantwoord te word en om deelnemers op hul gemak te stel deur eienskappe wat hulle in gemeen het, met die ander deelnemers te deel. Die openingsvraag by die groep vir ouers is: Vertel vir ons wat jou naam is, hoeveel kinders jy het en vertel van ‘n situasie die afgelope ruk in julle gesin, wat jou laat lag het. Die openingsvraag aan die Graad Elf’s is: Vertel van ‘n situasie in julle gesin wat jou, of julle as gesin, lekker laat lag het. (Die adolessente het nie nodig om hul name te noem nie, aangesien hulle mekaar reeds ken in die belydenisgroep.)

- Inleidende vraag – Hierdie vraag/vrae dien as inleiding tot die algemene onderwerp van bespreking en/of help die deelnemers om te reflekteer oor ervarings en hul verbintenis tot die onderwerp van bespreking. Terwyl die openingsvraag die deelnemers aan die gesels kry, help die inleidende vraag om die deelnemers op die onderwerp te fokus. Hierdie vraag/vrae is gewoonlik daarop gerig om deelnemers in staat te stel om te vertel hoe hulle dink of voel oor die onderwerp van bespreking. Die inleidende vraag hier is: Wat verstaan jy onder die woord, geloofsvorming? Hoe sou jy geloofsvorming vir iemand anders beskryf? Hierdie vraag kan ook lei tot addisionele verhelderende- of opvolgvrae.

- Oorgang – Oorgangsvrae help die bespreking beweeg na die sleutelvrae waaroor hierdie studie handel. Dit dien as ‘n logiese skakel tussen die inleidende vraag en die sleutelvrae. Die oorgangsvraag/vrae vra dikwels van deelnemers om in meer diepte oor hul ervarings en sienings te gesels. Die oorgangsvraag tref die verbinding tussen die deelnemer en die onderwerp onder bespreking. Die organgsvraag is: Wie of wat het jou as kind gehelp in jou geloofsvorming? Wie help jou nou in jou geloofsvorming? (Hulle skryf hul antwoorde aan weerskante van ‘n A-4 folio.)

- Sleutelvrae – Hierdie vrae dryf die studie. Dit bestaan gewoonlik uit twee tot vyf vrae. Hulle is gewoonlik die eerste vrae wat deur die navorser saamgestel word en vra die meeste aandag. Die fasiliteerder moet seker maak dat daar genoeg tyd aan deelnemers gegee word om op hierdie vrae te reageer. Hierdie vrae kan tien tot vyftien minute per vraag duur. Die volgende vier sleutelvrae is tydens hierdie studie gevra: (a) Wanneer jy aan al die verskillende bedienings in die gemeente dink, waar sou jy sê, pas geloofsvorming is? Hoekom? (b) Wat dink jy, is die rol van ouers met betrekking tot die geloofsvorming van hul kinders? (c) Wat verwag jy van die kerk met betrekking tot die geloofsvorming van jou kind/ers? (of jouself in die geval van die adolessente) (d) Wat verwag jy van die kerk ten opsigte van die geloofsvorming van julle as familie?

- Afsluiting – Hierdie vrae bring die bespreking tot 'n einde en stel die deelnemers in staat om te reflekteer op vorige kommentaar. Tydens die afsluiting van die fokusgroepe van hierdie navorsing, sal die fasiliteerder 'n opsomming gee van die belangrikste vrae en idees wat na vore gekom het tydens die bespreking. Die fasiliteerder sal dan aan die groep vra: Is dit 'n goeie opsomming van die belangrikste idees en vrae wat na vore gekom het tydens die bespreking? Hierdie vraag speel ook 'n baie belangrike rol tydens die analisering van die fokusgroepe.

Volgens Morgan (1998:71-83) is dit belangrik om die volgende stappe in ag te neem tydens die beplanning:

#### 4.4.1.1. Die samestelling van die fokusgroep

Volgens Morgan (1998:58-67) en Greef (2002:310-311) is twee strategieë in die samestelling van die groepe bepalend vir die effektiewe aanwending van die fokusgroepe. Die eerste strategie is homogeniteit in die onderskeie groepe. Homogene faktore in die groepe is belangrik sodat deelnemers

gemaklik met mekaar kan wees. Wanneer deelnemers gemaklik met mekaar is, kan dit ‘n toestand skep waar gesprekvoering op spontane wyse verloop. Die klassieke metode om homogeniteit in ‘n groep te bewerkstellig, is om deelnemers bymekaar te bring wat ooreenstem in terme van agtergrond en demografiese gegewens. Die tweede strategie van belang is “segmentasie, ” wat daarop dui dat die onderskeie groepe se samestelling van mekaar verskil.

Die navorser het besluit om slegs van die eerste strategie gebruik te maak, aangesien dit belangrik is dat groeplede gemaklik met mekaar moet wees.

Daar is besluit op die volgende *teikengroep en samestelling* vir die navorsing:

Die fokusgroepe sal bestaan uit twee groepe van ouers met skoolgaande kinders, asook twee groepe Graad Elf-leerders wat tans inskakel by die belydenisgroepe van die Ned. Geref. Kerk Blanco, sowel as Moedergemeente George. Daar is besluit op ouers met skoolgaande kinders, aangesien hulle waarskynlik nog sal belangstel om te gesels oor die hele proses van geloofsvorming binne die familie en binne die kerk. Graad Elf-leerders is gekies, aangesien hulle amper aan die einde van die kerk se amptelike pad van geloofsvorming met jongmense staan en hulle dus ‘n goeie opinie sal kan lewer van hulle verstaan en belewing van die proses van gelofsvorming binne gesinne, asook binne die kerk. Altwee die predikante wat as fasiliteerders gaan optree, is ook betrokke by die belydenisgroepe vir Graad Elf’s in die onderskeie gemeentes, is bekend met die jongmense en die jongmense voel dus reeds gemaklik met mekaar en met die twee fasiliteerders. Die twee fokusgroepe bestaande uit ouers, asook uit Graad Elf’s, sal onderskeidelik uit elk van die twee gemeentes wat betrokke is, afkomstig wees.

Die rede vir die keuse van Ned. Geref. Kerk Blanco en die Ned. Geref. Kerk George Moedergemeente, is dat beide gemeentes reeds oor die afgelope vyf jaar ingeskakel het by ‘n familie-navorsingsgroep van BUVTON (Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding), te Stellenbosch, waar daar onder andere gefokus is op geloofsvorming. Beide gemeentes het ook ingeskakel by ‘n familie-gemeenteprojek van BUVTON die afgelope drie jaar waar gemeentes

begelei is in ‘n proses om gemeente-wees in totaliteit meer vanuit ‘n familie-perspektief te benader en in te rig. Ned. Geref. Kerk Blanco is ‘n gemeente met
1842 lidmate in ‘n klein, plattelandse, grootdorp en voorstedelike konteks (maw = diverse gemeente) waarvan 531 lidmate buite die tradisionele grense woon. Ned. Geref. Kerk George is ‘n tipiese Moedergemeente in ‘n semi-middestad omgewing met 2438 lidmate, waarvan 1926 belydende- en 480 dooplidmate is. Die gemeente het ‘n baie heterogene samestelling en is ‘n Makro-gemeente.

4.4.1.2. Die grootte van die fokusgroepe

Die grootte van die fokusgroepe sal as volg daar uitsien:

- Een groep wat bestaan uit agt ouers van die Ned. Geref. Kerk Blanco;
- Een groep wat bestaan uit agt ouers van die Ned. Geref. Kerk George;
- Een groep van agt Graad Elf leerders van die Ned. Geref. Kerk Blanco, asook
- Een groep van agt Graad Elf leerders van die Ned. Geref. Kerk George.

Volgens Morgan (1998:81) is daar ‘n paar faktore wat in ag geneem moet word by die bepaling van die hoeveelheid fokusgroepe wat gebruik gaan word:

4.4.1.3. Die hoeveelheid fokusgroepe wat gebruik gaan word

Dit is raadsaam om minder fokusgroepe te gebruik wanneer daar uit die fokusgroepe agtergekom word dat daar nie baie diversiteit is in die groeplede se reaksie op die vrae nie. Wanneer die besprekings, na die tweede of derde fokusgroep, begin om ‘n herhaling te word van reaksies van vorige fokusgroepe, is daar geen rede om nog fokusgroepe te hou nie.

Dit is egter dikwels moeilik om voor die tyd te bepaal hoe mense gaan reageer op die vrae.  Dit is raadsaam om eerder meer fokusgroepe voor die tyd te beplan.  Indien daar, na die tweede of derde fokusgroep, agtergekom word dat die reaksies op besprekings 'n versadigingspunt bereik het, kan die ander fokusgroepe eerder gekanselleer word.

Vir die doel van hierdie navorsing, was die beplande fokusgroepe genoegsaam om al die inligting te kry wat nodig was.  Die navorser het na die tweede fokusgroep met die ouers en die tweede fokusgroep met die adolessente besef dat die response by die deelnemers 'n versadigingspunt bereik het en verdere groepe net sou lei tot duplisering van bestaande inligting.

#### 4.4.2.  Werwing en toestemming

Die navorser het per brief toestemming by albei gemeentes verkry om haar navorsing in die gemeentes te kon doen met die verwagting dat sy aan die einde van haar studies aan beide die gemeentes sal verslag doen.

Die navorser, asook die twee fasiliteerders, is bekend met heelwat ouers in die onderskeie gemeentes.  Die proses van werwing behoort dus sonder veel moeite te kan geskied.  Die Ned.Geref. Kerk Blanco het reeds 'n bestaande ouergroep wat gereeld oor verskillende sake rakende ouerskap, gesels.  Agt uit die groep, sal deelneem aan die een fokusgroep vir ouers.  By die Ned.Geref. Kerk George is ouers met skoolgaande kinders, wat goed aan die fasiliteerder of die mede-fasiliteeerder bekend was, geskakel om te vra of hulle aan die navorsing wou deelneem.  Al vereiste wat hier gegeld het, is dat die ouers toegewyde gelowiges was en skoolgaande kinders moes hê.  Die doel van die navorsing is telefonies deur die navorser aan potensiële deelnemers verduidelik.

Die Graad Elf's in Ned.Geref. Kerk Blanco, sowel as in Ned.Geref. Kerk George, sal gewerf word uit die bestaande belydenisgroepe van die twee gemeentes.

Die ouers wat aangebied het om as vrywilligers tydens die fokusgroepe op te tree, is twee weke voor die tyd geskakel om hul deelname te bevestig en aan hulle presies te verduidelik wat die doel van die fokusgroepe sou wees.  Die dag voor die fokusgroep sou plaasvind, is elkeen weer geskakel om hulle te herinner.

Die Graad Elf's is tydens een van die belydenisgroepsessies ingelig oor die doel van die fokusgroepe en gevra om as vrywilligers op te tree tydens die volgende belydenisgroepbyeenkoms.  Daar is besluit om die fokusgroep gedurende dieselfde tydsgleuf as 'n gewone belydenisgroepbyeenkoms te hou, aangesien hulle programme baie besig is en hulle dalk nie sou tyd hê om meer as eenmaal gedurende die week bymekaar te kom nie.  Die waarskynlikheid is ook hoër dat hulle sou onthou om op te daag, indien die fokusgroep gedurende dieselfde tydsgleuf as hul belydenisgroep sou plaasvind.

Morgan (1998:10-11) beveel aan dat potensiële deelnemers aan die navorsing gevra word om vorms met hul agtergrond-inligitng in te vul. Voordat die deelnemers aan die navorsing deelneem, beveel Morgan ook aan dat hulle vorms invul wat hulle toestem om aan die navorsing deel te neem. Aangesien daar reeds 'n vertrouensverhouding tussen die fasiliteerders en die ouers, sowel as die Graad Elf's was, het die navorser dit nie nodig geag om die deelnemers te vra om vorms met hul agtergrond-inligting, sowel as vorms tot toestemming aan deelname aan die navorsing, in te vul nie.  Die navorser het wel 'n mondelingse kontrak met die deelnemers gesluit om te bevestig dat die navorsingsresultate anoniem sou bly en niemand se name persoonlik iewers genoem sou word nie.

### 4.4.3.  Fasilitering van fokusgroepe

Volgens Morgan (1998:11-12) moet die volgende in gedagte gehou word by die beplanning van die fasilitering van die fokusgroepe:

#### 4.4.3.1. Die rol van die fasiliteerder moet gedefinieer word

Daar is reeds gesê dat die predikante van die onderskeie twee gemeentes, as fasiliteerders van die groepe gaan optree. Volgens Krueger (1998:3-8) is een van die belangrikste rolle van die fasiliteerder, om belangstelling in elke individuele groeplid en sy of haar opinie, te toon. Dit impliseer dat die waardes van respek vir die deelnemers, aktiewe luister, empatie en positiewe agting moet geld. Tweedens, is dit belangrik om ‘n fasiliteerder te wees en nie ‘n deelnemer nie. Die fasiliteerder word uitgedaag om die bespreking te stuur en te rig, te luister na wat gesê word en nie eie waardes of opinies te kommunikeer nie. Derdens, behoort die fasiliteerder gereed te wees om onaangename sienings aan te hoor. Dit vra selfdissipline van die fasiliteerder om nie ‘n eie opinie te kommunikeer nie en vra ook dat die fasiliteerder ‘n emosionele afstand rakende die onderwerp onder bespreking moet kan handhaaf. Vierdens, is dit ook belangrik om te besef dat fasiliteerders nie noodwendig alle groepe kan fasiliteer nie. Groeplede moet gemaklik met die fasiliteerder voel. Die navorser voel egter dat, die feit dat die fasiliteerders reeds die ouers en die Graad Elf’s van die onderskeie groepe ken, sal help dat hulle gemaklik voel, aangesien daar reeds ‘n bestaande positiewe verhouding is. Laastens, behoort die fasiliteerder sy of haar unieke talente te gebruik in die fasilitering van die groepe. Dit behels dat die fasiliteerder sy eie styl van fasilitering – wat behels, die toon van belangstelling, die wyse waarop geluister word, erkenning gegee, empaties gerespondeer en humor aangewend word – op ‘n gemaklike en natuurlike wyse moet openbaar.

#### 4.4.3.2. Besluit of ‘n mede-fasiliteerder gebruik gaan word

Daar is reeds besluit dat die navorser as mede-fasiliteerder sal optree. Die mede-fasiliteerder se rol sal hoofsaaklik wees om die lokaal gereed te kry, verversings te organiseer, aan die begin van die aand weer kortliks die doel van die fokusgroepe te verduidelik en om baie noukeurige notas te neem van die hele gesprek.

#### 4.4.3.3. Die gereedmaak van die lokaal

Die mede-fasiliteerder sal die lokaal gereed kry. Dit behels die pak van ‘n stoel vir elke deelnemer in ‘n half-sirkel, asook die regsit van die blaaibord en blaaibord-penne vir die afneem van notas, skoon papier, skryfgoed vir elke deelnemer, die plak van groot velle papier teen een skoon muur, waarop deelnemers goed kan plak, asook rooi-, groen- en geel kolle vir elke deelnemer.

#### 4.4.3.4. Bepaling van soort notas wat mede-fasiliteerder moet genereer

Aangesien daar nie gebruik gemaak gaan word van ‘n bandopnemer tydens die fokusgroepe nie, is dit belangrik dat die notas wat afgeneem gaan word, volledig en bruikbaar moet wees.

Krueger (1998:76-78) is van mening dat die volgende punte in ag geneem behoort te word wanneer notas tydens ‘n fokusgroep afgeneem word:

- Streef vir helderheid en nie-strydigheid, aangesien dit essensieël is vir die identifisering van aanhalings, opsommende punte en observasies.

- Aangesien notas van fokusgroepe oor verskillende tipes inligting beskik, is dit belangrik dat die verskillende kategorieë van inligting maklik identifiseerbaar en georganiseerd moet wees. Die notas sal byvoorbeeld aanhalings, geparafraseerde aanhalings, opsommende punte of temas, sleutel-idees wat die studie affekteer, sowel as waarnemings van liggaamstaal en die gespreksklimaat, bevat.

- Skryf deelnemers se presiese woorde en goed verwoorde stellings neer wanneer dit belangrike opinies vir die doeleindes van die ondersoek bevat. Aangesien dit moeilik is om totale aanhalings neer te skryf, moet gepoog word om soveel as moontlik van kern-frases neer te skryf.

- Beklemtoon sleutelpunte en temas vir elke vraag wat gestel word. Aan die einde van die bespreking kan die mede-faiiliteerder hierdie temas met die deelnemers deel met die oog op bevestiging.

- Skryf opvolgvrae neer wat gevra kan word. Die mede-fasiliteerder kan dan die gesprek aan die einde van die fokusgroep opvolg met hierdie vrae.

- Skryf belangrike idees, vermoedens en gedagtes neer. Die mede-fasiliteerder kan ‘n nuwe konsep ontdek wat van hulp kan wees tydens die analise wat later geskied.

- Teken ander faktore wat die analise van hulp kan wees aan, soos passievolle opmerkings, liggaamstaal, of nie-verbale aktiwiteit.

- Die doel van die fokusgroep moet altyd in gedagte gehou word. Dit is maklik om af te dwaal van die fokus deur interessante, maar irrelevante onderwerpe. Die mede-fasiliteerder moet voortdurend dit wat gesê word vergelyk met die doel van die navorsing.

4.4.3.5. Die strukturering van die fokusgroep-proses

Die navorser het, in samewerking met die twee fasiliteerders, besluit om tydens vraag twee, asook vraag vyf tot agt, van die “participlan”-metode van fasilitering gebruik te maak. Hierdie is ‘n meer kreatiewe metode van fasilitering waar seker gemaak word dat al die deelnemers die geleentheid het om hul mening te lug en die metode help om sekere tendense wat by vrae mag voorkom, baie duidelik uit te wys.

Die metode verloop as volg (Marais: Business Presentation Group 1999): Die bepaalde vraag word aan die deelnemers gestel. Hulle word dan gevra om op papiertjies woorde of sinsnedes neer te skryf wat by hulle opkom wanneer

hulle die vraag hoor. Die woorde of sinsnedes moet uitdrukking gee aan hulle persoonlike menings rondom die vraag. Hulle word aangemoedig om soveel as wat hulle wil papiertjies te gebruik en dit dan op ‘n groot blaaibordvel teen die muur van die lokaal te gaan plak. Daar word genoeg tyd aan die deelnemers gegee totdat die fasiliteerder waarneem dat niemand meer enige nuwe idees op papiertjies byvoeg nie. Die deelnemers help dan die fasiliteerder om al die menings rondom die vraag in bepaalde kategorieë te rangskik. Onmiddelik kan die fasiliteerder, sowel as die deelnemers sien watter tendens in antwoorde en gedagtes voorkom.

Elke deelnemer kry met die aanvang van die vrae ook ‘n klomp rooi, groen en geel kolle. Nadat die response op die vraag in sekere kategorieë ingedeel is, kry elke deelnemer die geleentheid om een rooi kol, een groen kol en een geel kol by een van die kategorieë te gaan plak. Die deelnemer gebruik ‘n rooi kol om te stem vir die belangrikste respons na sy of haar mening, ‘n groen kol om te stem vir sy of haar mening van die tweede belangrikste respons en ‘n geel kol om te stem vir die derde belangrikste respons. Die voordeel van die gebruik van die kolle is dat die groep se menings rondom die belangrikste response en tendense baie duidelik uitgewys word sonder dat die fasiliteerder en mede-fasiliteerder op hul eie hoef te probeer om die vrae se resultate te ontleed. Die groep wys self die tendense en resultate uit deur hul stemme met die kolle ( Marais: Business Presentation Group 1999).

4.4.3.6. Analise van die fokusgroepresultate

Volgens Morgan (1998:12-13) neem die beplanning van die analise-fase die skopus en doel van die projek, asook die verslaggewing van die resultate, in berekening. Tydens die fokusgroepe kan ‘n groot hoeveelheid data geproduseer word, wat weer gesorteer, verstaan, geïnterpreteer en opgesom moet word. Die basiese take waarvolgens die navorser te werk sal gaan wanneer hy of sy, tesame met die mede-fasiliteerder, die resultate gaan analiseer en daarvan verslag gaan doen, sien as volg daar uit (Morgan 1998:12-13):

- *Beraam hoeveel tyd aan die analise gewy gaan word.* Daar is reeds in die beplanningsfase (4.4.1.) vasgestel dat veertien dae aan die analisering en gepaardgaande verslaggewing van die fokusgroepresultate gewy sal word.
- *Die notas, asook alle ander data wat die mede-fasiliteerder tydens die fokusgroepe sal afneem, sal georganiseer word.*
- *Die data sal bestudeer word om die kern-gevolgtrekkings te bepaal.*
- *Die produkte van die analise sal georganiseer word om ooreen te stem met die formaat van die finale verslag.*
- *Die finale verslag sal voorberei word.* Die navorser het tydens die aanvang van die empiriese navorsing reeds met beide gemeentes ooreengekom om aan die begin van die vierde kwartaal 'n skriftelike verslag aan die kerkraad te stuur en, indien die kerkraad dit sou verlang, ook mondelings die kerkraad sou kom toespreek aangaande die navorsingsbevindinge, sodat die kerkraad ook die geleentheid kan hê om vrae te vra aan die navorser.

Die analise strategie wat tydens hierdie ondersoek aangewend sal word, is die nota-gebasserde analise. Volgens Krueger (1998:46) steun hierdie benadering hoofsaaklik op die notas, terugvoer-sessies en opsommende kommentaar wat aan die einde van elke fokusgroep gelewer word. Die primêre dokumente wat vir analisering gebruik word, is die gedetaileerde notas.

Die data-analise sal gedoen word volgens Giorgi (1995:10-14) en De Vos (2002:343) se riglyne rakende analisering van notas. Volgens Giorgi word die notas as geheel deurgelees en daarna word dit 'n tweede keer deurgelees, terwyl eenhede vir analise identifiseer en onderstreep word. Hierdie eenhede is woorde of sinne wat gedagtes, persepsies en gevoelens aandui. Op hierdie wyse word deurlopende temas geïdentifiseer en aangetoon.

De Vos (2002:343) se riglyne stem ooreen met die van Giorgi. Hy stel voor dat die notas verskeie kere noukeurig nagegaan behoort te word ten einde 'n geheelbeeld te kry voordat die inligting in kleiner dele opgebreek word.

Gedurende die analiseringsproses sal die navorser bepaalde ooreenstemmende inligting oor elke vraag wat gestel is tydens die fokusgroeponderhoud saam groepeer. Tydens die verwerking van inligting sal daar van oop kodering gebruik gemaak word. Oop kodering verwys na die proses waar inligting afgebreek, ondersoek, vergelyk, gekonseptualiseer en gekatagoriseer word (De Vos 2002:345). Aangesien daar gebruik gemaak is van die "participlan"-metode van fasilitering, sal 'n groot deel van die analiseringsproses, volgens die navorser, al tydens die fokusgroep plaasvind.

Volgens Krueger (1998:46) moet die navorser omtrent agt tot twaalf ure skeduleer vir die anlisering van drie fokusgroepe, wat die voorbereiding van die eerste voorlopige verslag, insluit. Die navorser het bogenoemde in ag geneem met die beplanning van die tydskedule van die analise en verslaggewing.

### 4.4.4. Interpretering van die fokusgroepresultate

Die fokusgroepe, bestaande uit ouers, is gedurende die week voor die skoolvakansie in Junie 2005 gehou. Die fokusgroepe, bestaande uit Graad Elf's, is gedurende die eerste week na die Junie-vakansie van 2005 gehou.

Al die fokusgroepe het plaasgevind by Ned. Geref. Kerk George, asook by Ned. Geref. Kerk Blanco.

Die resultate van *die fokusgroepe wat met ouers gehou is*, sal eers bespreek word.

**Vraag 1: Stel jouself aan die groep voor, vertel hoeveel kinders jy het en vertel 'n storie van 'n keer toe julle lekker gelag het in julle familie.**

Hierdie vraag is gestel om die fokusgroepgesprek te open en ‘n gemaklike atmosfeer te skep (vergelyk Krueger 1998:21).
Die navorser het waargeneem dat die deelnemers met gemak hulself voorgestel het en die stories wat elkeen vertel het, het die groep lekker laat lag. Dit het onmiddelik ‘n gemaklike atmosfeer geskep.

**Vraag 2: Wat verstaan jy onder die woord, geloofsvorming?**

Hierdie vraag het die doel om die onderwerp in te lei.
” Dis om te groei in kennis, verstaan en begrip van God deur besig te wees met die Bybel, om God beter te leer ken en geloofswaarhede te bevestig.” “ Om te kan weet hoekom jy glo wat jy glo.” “ Kinders moet deelwees van die proses en dit moet uitloop op geloofsdade.” ” Dis ‘n begeleidings- en skolingsproses.” ” Die Heilige Gees speel ‘n belangrike rol in die proses.” “Dis om groei in mens se geloofsvolwassenheid te ondergaan.” “ Dis ‘n deurlopende proses van iets wat begin het, maar nog nie klaar is nie.” ”Blootstelling aan ‘n geloofsgemeenskap van vriende, familie, ouers en kerk, is nodig.” “ Dis die aanleer van geloofsgewoontes en die ontwikkeling van geloofsbeginsels.”

Uit die response is daar ‘n paar tendense wat uitgestaan het by altwee die groepe ouers: By albei het dit sterk uitgestaan dat dit ‘n proses is van groei wat deurlopend plaasvind en nie stop nie. Die een groep het meer klem geplaas op groei in die kennis en verstaan van God deur die Bybel en die werking van die Heilige Gees, terwyl die ander groep meer klem geplaas het op die rol van die familie en die geloofsgemeenskap in die geloofsgroei. Albei groepe het ook bevestig dat dit ‘n proses van groei is in geloofsgewoontes wat moet uitloop op geloofsdade. Die uitleef van wat geleer word, dit wil sê, ‘n lewe wat getuig van wat jy glo en bely, het ook uitgestaan.

**Vraag 3: Wie of wat het jou as kind gehelp in die vorming van jou geloof?**

Hierdie vraag dien as oorgang tussen die inleiding en die sleutelvrae wat volg. By albei die groepe was die response op hierdie vraag omtrent woordeliks dieselfde. By albei groepe was die belangrikste vier in volgorde van belangrikheid die volgende: ouers, grootouers, kampe, asook die Bybelonderrig in skole. Ander faktore wat ‘n rol gespeel het, was die tradisionele Sondagskool, [9]CSV (Christen-Studente-Vereniging) en kinderkrans. Die respons van ouers en grootouers het egter dadelik en baie duidelik by albei groepe met baie entoesiasme uitgekom.

Hier is weereens sprake van die sterk invloed van ouers, die familie en die breë geloofsfamilie deur byvoorbeeld die kampe, Sondagskool, CSV en kinderkrans.

**Vraag 4: Wie of wat help jou nou in die vorming van jou geloof?**

Hierdie vraag is gevra om uit te vind of die faktore van beïnvloeding in geloofsvorming, verander het vanaf die kinderjare na volwassenheid.

By albei groepe was hul nommer een respons hier ‘n selgroep, of Bybelstudiegroep. Die een groep het baie sterk gevoel dat hul ouers steeds ‘n belangrike rol in hul geloofsvorming speel, terwyl ‘n baie interessante feit by die ander groep uitgekom het, naamlik dat hulle kinders ‘n invloed het op hul geloofsvorming as ouer/s.

Nog mense of tendense wat by albei groepe ‘n rol speel in hul geloofsvorming is, hul huweliksmaat, getuienisse van ander, omstandighede en gebeure in hul lewens, vriende en mede-gelowiges. Dit was baie interessant en nogal ontstellend dat net een van die groepe sterk gevoel het oor die rol van die Bybel in hul geloofsvorming en dat nie een van die groepe enigsens iets genoem het oor hul eie stiltetyd nie.

---

[9] CSV het intussen verander na VCSV (Verenigde Christen-Studentevereniging, wat mense uit ander tale en kulture insluit.)

Dit blyk tog dat die rol van die geloofsfamilie hier ‘n baie sterk invloed het, veral binne die konteks van verhoudings in kleingroepe, soos selgroepe en Bybelstudiegroepe.

Wat verblydend is, is die een groep se ouers wat almal baie sterk gevoel het oor die rol wat hul kinders speel in hul geloofsvorming as ouers. Dit ondersteun die navorser se siening van kinders as vennote saam met Christus in die uitdra van die Evangelie, van kinders wat ook ‘n bydrae het om in volwassenes se lewens te lewer en nie net die objek van bediening hoef te wees, of kan wees nie.

**Vraag 5: As jy aan die verskillende bedienings in die gemeente dink, waar sal jy geloofsvorming inpas?**

Hierdie is die eerste van van drie sleutelvrae wat gevra is. Die doel van hierdie vraag was om uit te vind of ouers dink geloofsvorming slegs te make het met sekere van die gemeente-bedienings, soos die kategese en of hulle dink dat geloofsvorming veronderstel is om oral, binne en deur al die bedienings plaas te vind. Daar is duidelik verduidelik dat die vraag behels, waar hulle geloofsvorming sou inpas binne die gemeente-bediening en nie waar dit huidiglik in die praktyk van die gemeente inpas nie.

By albei groepe was die eerste twee keuses die eredienste en kleingroepe, byvoorbeeld selgroepe, Bybelstudiegroepe, asook die kinder- en tienergroepe. By albei groepe het uitreikaksies na mense in nood ook ‘n belangrike rol gespeel.

**Vraag 6: Wat is die rol van ouers in die geloofsvorming van hul kinders?**

Die volgende was, volgens die response in albei groepe, van die drie belangrikste rolle wat ouers speel in hul kind/ers se geloofsvorming: Gebed, die voorbeeld van hul lewe, deur betrokke te wees by hul kinders se

geloofsopvoeding by die kerk deur byvoorbeeld as volwasse begeleier op te tree, of te help met kampe, asook deur die saamdoen-aktiwiteite van die familie, byvoorbeeld saambid en saam Bybellees.

Albei het sterk gevoel daaroor dat ouers die sleutelrol moet speel en dat dit veral gaan oor die voorbeeld van ouers, meer as enige iets anders. Die voorafgaande antwoorde oor die belangrike rolspelers in hul geloofsvorming toe hulle nog kinders was, bevestig ook weereens die rol van die ouer.

**Vraag 7: Wat verwag jy van die kerk in terme van jou kind/ers se geloofsvorming?**

Die belangrikste respons wat by albei die groepe in reaksie op die vraag uitgekom het was die volgende; "Om ons kinders te laat welkom voel, te laat deel voel en te betrek, deur byvoorbeeld die eredienste."

Vir die een groep ouers was goeie Sondagskool-onderrig tweede op hul lysie, terwyl die ander groep se tweede keuse was dat die kerk beskikbaar moet wees vir die kinders, deur vir hulle om te gee en te praat op hulle vlak. Albei groepe ouers het die derde belangrikste verwagting beskou as, aktiwiteite, soos jeugbyeenkomste en kampe, wat deur die kerk aangebied moet word.

**Vraag 8: Wat verwag jy van die kerk in terme van die geloofsvorming van julle as familie?**

Die volgende response was die drie belangrikste van elke groep in reaksie op die bostaande vraag: vir die een groep was die persoonlike beskikbaarheid en begeleiding van die predikante, sowel as familiedienste en familiekampe, die drie belangrikste verwagtinge, terwyl die ander groep se eerste drie verwagtinge, die toeganklikheid van al die aktiwiteite en aksies van die gemeente vir die familie, die ondersteuning van die familie deur kursusse en ouerleiding, sowel as persoonlike ondersteuning en begeleiding. Persoonlike

ondersteuning en begeleiding is ‘n verwagting wat by albei groepe baie sterk genoem is.

**Vraag 9: Wanneer jy kyk na die inhoud van wat bespreek is, is dit, volgens jou, ‘n korrekte weergawe van die response wat deur die groep gegee is? Is daar nog enigiets wat jy wil byvoeg?**

Die doel van hierdie vraag was om seker te maak dat elkeen die geleentheid gehad het om sy of haar opinie oor elke vraag te gee. Elke vraag, tesame met die response, soos op die blaaibord aangeteken, is van voor af deurgegaan en deelnemers kon insette byvoeg, indien hulle sou wou. Die deelnemers het egter volstaan met hulle insette.

**Samevatting:** Die deelnemers is almal bedank vir hulle deelname en insette. Die navorser, wat as mede-fasiliteerder opgetree het, het ook onderneem om terugvoer aangaande die navorsingsresultate met beide die gemeentes te deel.

Vervolgens gaan die resultate van beide die ***fokusgroepe met die Graad Elf’s*** bespreek word.

**Vraag 1: Vertel ‘n storie van ‘n keer toe julle lekker gelag het in julle familie**

Hierdie vraag is weereens gevra om die fokusgroepgesprek te open en ‘n gemaklike atmosfeer te skep (vergelyk Krueger 1998:21).

Aanvanklik was die deelnemers huiwerig om so ‘n storie te vertel. Na die eerste persoon egter die ys gebreek het, het van die ander met groot gemak sulke stories vertel en kon ons saam lag daarvoor. Aangesien die Graad Elf’s van albei groepe reeds bekend was met mekaar en met die fasiliteerders, is

daar nie baie tyd aan hierdie deel verleen nie. Die fasiliteerder was egter tevrede dat die deelnemers op hul gemak gestel is.

**Vraag 2: Wat verstaan jy onder die begrip, geloofsvorming?**

Die woorde, "groei, metamorfose, ontwikkeling, opbou", asook "beweging", het by beide groepe sterk voorgekom. Albei groepe het ook gevoel dat dit 'n proses van groei is wat nooit ophou nie, dat mens nooit ophou leer nie en dat dit 'n lewenswyse is wat deur liefde gekenmerk word. Albei groepe het ook gemeld dat die kerk 'n rol speel, asook opoffering en tyd, deel vorm van die proses.

Die een groep het egter ook baie waarde geheg aan die rol wat die mede-gelowiges speel in die hele proses van "saam-groei." Hulle het dit ook as volg opgesom – om as unieke individue, maar ook as deel van 'n gemeente, met die Bybel as basis, saam te bly groei in ons verhouding met die Here.

**Vraag 3: Wie of wat het jou gehelp in die vorming van jou geloof toe jy nog in die laerskool was?**

Hierdie vraag, asook die volgende vraag, is gevra met die doel om uit te vind of die invloedsfeer in hul geloofsvorming verander het vanaf laerskool na hoërskool, of nie.

By beide groepe was ouers die nommer een faktor van beïnvloeding, terwyl die kerk, tweede op die lysie was. Wat opvallend was in die melding van die kerk, was dat hulle nie verwys het na spesifieke gebeure by die kerk nie, maar meer die lewe saam met die kerk – soos hulle saam met ouers daar was en deelgeneem het. Heelwat van hulle het ook melding gemaak van die Bybelstories wat hulle onthou – tydens Sondagskool, maar ook tydens eredienste. Heelwat van die Graad Elf's het ook verskillende familielede, soos pa, ma en suster, genoem in respons op die vraag. Die derde

belangrikste op hul lys was, kampe by die kerk, asook jeuggroepe, soos C-Kruis, wat by die kerk kom optree het.

Uit beide groepe se response staan die rol van die ouer/s, asook die rol wat die gemeente in kinders se geloofsvorming speel, uit.

**Vraag 4: Wat help jou op die oomblik in die vorming van jou geloof?**

Die volgende response was onder die drie belangrikste van beide groepe – ouers en vriende. By die een groep was ouers die heel belangrikste persone wat hulle nou nog help in hul geloofsvorming, terwyl ouers derde was op die ander groep se lysie. By die een groep was vriende heel bo, terwyl vriende tweede was op die ander groep se lys. By een van die groepe was, hul belewing van God deur die natuur tweede op hul lys en by die ander groep het gebed en hul lewe saam met God, die derde plek op hul lys ingeneem.

**Vraag 5: Waar pas geloofsvorming binne die bedienings van die gemeente in?**

Die doel van hierdie vraag was om uit te vind of die Graad Elf's geloofsvorming beperk tot sekere bedienings van die kerk, of dalk 'n breër perspektief het.

Dit was insiggewend dat die een groep se eerste keuse uit die verskillende response op hierdie vraag, "nêrens", was. Na gesprekke onderling het hulle tog besluit om geleenthede van "praise " en "worship", asook die gebruik van Nagmaal ervaar as geleenthede waar geloofsvorming plaasvind.

Die ander groep was wel positief dat daar by die tienergroepe van die kategese geloofsvorming plaasvind. Dit was hulle eerste keuse. Hul tweede en derde keuse vir response op hierdie vraag was, " by jouself", sowel as tydens eredienste waar oud en jonk saam is.

**Vraag 6: Wat dink jy is ouers se rol met betrekking tot hul kinders se geloofsvorming?**

By beide groepe het die volgende drie response uitgestaan: dat ouers die fondament van geloof moet lê wanneer kinders nog klein is en niks weet nie; dat ouers se lewe 'n voorbeeld van liefde, konsekwentheid, regverdigheid, eerlikheid en standvastigheid moet wees – dit wil sê, ouers moet 'n goeie rolmodel wees in die uitlewing van hulle geloof. Derdens, moet hulle daar wees vir ondersteuning op hul kinders se geloofspad.

**Vraag 7: Wat verwag jy van die kerk met betrekking tot jou eie geloofsvorming?**

Die een groep se eerste keuse in respons tot die bostaande vraag was, geduld. "Die kerk moet asseblief meer geduld hê met ons en ons ruimte gee en probeer verstaan in die lewensfase waarin ons is."

Die een groep se eerste keuse en die ander groep se tweede keuse van response was dat die kerk hulle taal moet praat, meer kontemporêr en gemaklik, asook in pas met die tyd, moet wees.

Albei groepe se derde keuse in respons was dat die kerk hulle moet ondersteun deur meer leiding te gee en in hul lewens betrokke te wees, maar ook tog hulle keuses moet respekteer. Sekere van die jongmense het hier bygevoeg dat die kerk dit ook moet verstaan wanneer hulle ander kerke gaan bywoon en wil eksperimenteer met ander style van aanbidding.

Een van die response wat by albei groepe voorgekom het, maar nie onder die eerste drie voorgekom het nie, was dat hulle 'n behoefte het dat die kerk positief sal wees oor hulle en meer in hulle sal belangstel.

Wat vir die navorser onderliggend aan die meeste van hierdie response lê, is adolessente se behoefte aan 'n veilige ruimte of gemeenskap waar hulle as belangrik beskou word, waar mense opreg belangstel in hulle, hulle leiding gee en die Evangelie met hulle deel in 'n "taal" wat hulle verstaan, maar hulle tog ook respekteer.

**Vraag 8: Wat verwag jy van die kerk met betrekking tot die geloofs-vorming van julle as familie?**

By hierdie vraag, was die enigste ooreenstemmende respons, dat daar meer belanggestel moet word in families wat deur krisisse gaan en hulle nie veroordeel of verwerp moet word nie.

Die een groep se response het almal gefokus rondom ondersteuning en belangstelling, asook om families te laat welkom voel in die kerk.

Die ander groep het nie veel verwagtinge van die kerk ten opsigte van hulle as familie se geloofsvorming nie. Hul enigste ander verwagtinge, behalwe ondersteuning, is aanneming en makliker en interessante preke.

**Vraag 9: Wanneer jy kyk na die inhoud van wat bespreek is, is dit, volgens jou, 'n korrekte weergawe van die response wat deur die groep gegee is? Is daar nog iets wat jy sou wou byvoeg?**

Die doel van die vraag was om seker te maak dat elkeen die geleentheid gehad het om sy of haar opinie te gee oor elke vraag. Elke vraag, tesame met die response, soos deur die mede-fasiliteerder op die blaaibord aangeteken, is van voor af deurgegaan en deelnemers kon insette byvoeg, indien hulle sou wou. Die deelnemers van beide groepe was egter tevrede met hul insette en het volstaan daarby.

**Samevatting:** Die mede-fasiliteerder het die deelnemers bedank vir hul deelname en insette en het ook onderneem om die navorsingsresultate met beide die gemeentes te deel.

## 4.5. Bespreking en interpretering van beide groepe se bevindinge met betrekking tot geloofsvorming:

**Vraag 2: Wat verstaan jy onder die begrip, geloofsvorming?**

Hier was groot ooreenstemming met die response wat deur die ouers, sowel as die Graad Elf's gegee is. Beide groepe het baie klem geplaas op die feit dat dit 'n proses van geloofsgroei is wat nooit ophou nie. Albei het verwys na die rol wat die kerk, mede-gelowiges en familie speel in die hele proses. Albei groepe het ook melding gemaak van die belangrikheid van die Bybel as basis tot geloofsgroei. Die een groep Graad Elf's het 'n goeie opsomming gegee van almal se response: "Geloofsvorming is om as unieke individue, maar ook as deel van 'n gemeente, met die Bybel as basis, saam te bly groei in ons verhouding met die Here." Dit was seker, binne hulle besonderse ontwikkelingsfase, volgens die navroser, dan ook glad nie vreemd dat die Graad Elf's 'n belangrike klem geplaas het op die feit dat elkeen ook groei as unieke individue, met ander woorde, die proses verloop uniek by elke persoon en nie oral dieselfde nie.

Hierdie response bevestig die wyse waarop Bijlsma (1962:7), sowel as Prins (1995:24), geloofsvorming definieer as 'n totale proses van geloofsgroei waardeur iemand God leer ken, liefhê en dien en dat dit 'n proses is wat lewenslank plaasvind. Hulle beklemtoon ook albei dat dit handel oor groei wat oorgaan in 'n lewenswyse.

Die response van die deelnemers bevestig ook navorsing wat deur Strommen en Hardel (2000:36-70) gedoen is oor die belangrikheid van die familie, asook die geloofsfamilie in die proses van geloofsvorming.

**Vraag 3: Wie of wat het jou as kind gehelp in die vorming van jou geloof ?**

Die twee vrae het hier bietjie van mekaar verskil. Die Graad Elf's se vraag is bietjie aangepas, aangesien hulle eintlik nog tot baie onlangs as kinders beskou is. Die vraag aan hulle het gelui: "Wie of wat het jou gehelp in die vorming van jou geloof toe jy nog op laerskool was ?" Die vraag aan die Graad Elf's was dus bietjie meer spesifiek en net beperk tot die laerskooljare, terwyl die vraag aan die ouers die hoërskooljare sou kon insluit.

Tog is hier weereens baie groot ooreenstemming in die response van die ouers en die Graad Elf's. By albei groepe was die rol wat ouers in hul geloofsvorming gespeel het, as die belangrikste genoem. By die ouers het die grootouers en die tradisionele Sondagskool, kinderkrans en CSV die tweede en derde belangrikste rol gespeel, terwyl die tweede en derde belangrikste rol by die Graad Elf's, die gemeentelewe – soos hulle saam met hulle ouers sekere goed bygewoon het en jeuggroepe, soos C-Kruis, wat by die kerk of skool kom optree het, was.

Uit beide groepe se response staan die rol wat die ouers, familie, asook die geloofsfamilie gespeel het in hul geloofsvorming weer uit. Wat ook interessant was by die Graad Elf's, is dat nie een van hulle na sekere aksies by die kerk wat gerig was op kinders, soos die kinderkrans, of Kerkjeugaksies, verwys het nie, maar wel verwys het na die gemeentelewe. Dit bevestig wat De Vries (2004:101-103) skryf in sy boek, "Family-Based Youth Ministry", dat hy gevind het, tot sy eie verbasing, dat die rol van ouers, sowel as die rol van die breë geloofsfamilie, ver uitstyg bo die rol wat enige jeugaksie by die kerk op kinders en adolessente se geloofsvorming het.

Dit is ook vir die navorser interessant dat, hoewel die samelewing tog ongelooflik baie verander het tussen die kinderjare van die ouers en die kinderjare van die Graad Elf's, die rolspelers in hul geloofsvorming baie diesefde gebly het. Die navorser het verwag dat ander faktore van beïnvloeding dalk meer by die Graad Elf's sou voorkom. Dit bevestig dan ook

weer die navorsing van Strommen en Hardel (2000:36-40) wat ouers as verreweg die belangrikste faktor van beïnvloeding in kinders se lewens uitgewys het.

**Vraag 3: Wie of wat help jou nou in die vorming van jou geloof?**

Hier was die eerste noemenswaardige verskil tussen die response van die ouers en die Graad Elf's. Die ouers het gevoel dat kleingroepe, soos Bybelstudie- en selgroepe, hulle op die oomblik die meeste help in hul geloofsvorming, terwyl die Graad Elf's hul ouers en hul vriende as die twee belangrikste rolspelers beskou het.

Dit blyk tog dat die rol van die geloofsfamilie hier 'n baie sterk invloed het, veral binne die konteks van verhoudings in kleingroepe, soos selgroepe en Bybelstudiegroepe.

Wat verblydend is, is die een groep se ouers wat almal baie sterk gevoel het oor die rol wat hul kinders speel in hul geloofsvorming as ouers. Dit ondersteun Nel (2001:10-13) se siening van kinders as vennote saam met Christus in die uitdra van die Evangelie, van kinders wat ook 'n bydrae het om in volwassenes se lewens te lewer en nie net die objek van bediening hoef te wees, of kan wees nie.

Dit was 'n verrassing om by die Graad Elf's te hoor dat ouer/s steeds so 'n belangrike rol in hul geloofsvorming speel – dit was interessant dat hulle omtrent almal gesê het – "ons ouers moet dit net nie weet nie," of "ons voel 'stupid' om dit vir hulle te sê." Dit is seker ook nie 'n heeltemal vreemde respons by adolessente nie – siende dat hulle in 'n fase van hulle lewe is waar hulle meer onafhanklik van hul ouers wil funksioneer.

Die rol wat vriende in hul lewe speel is ook nie heeltemal vreemd vir die fase van hulle lewe waarin hulle is nie. Dit kan deel wees van die ontwikkelingsfase waarin hulle is, maar dit kan ook wees dat hulle, as gevolg van ouers wat al langer ure werk en minder by die huis is, die meeste tyd in

die gesleskap van hul vriende is (De Vries 2004:47-58) Al die bogenoemde redes vorm, volgens die navorser, deel van die kommerwekkende, al hoe meer geïsoleerde lewe wat adolessente leef.

Wat nogal iets is om oor besorg te wees, is die feit dat net een Graad Elf leerder uit albei groepe die kerk as hulp genoem het in sy/haar geloofsvorming. Die een groep het as rede hiervoor aangevoer dat hulle leefwêreld groter geword het en dat die kerk nie meer so 'n sentrale rol speel soos toe hulle kinders was nie. Die response sluit aan by navorsing wat deur Search Institute gedoen is (Roehlkepartain 1993:27) wat bevestig dat daar 'n afname is in kerklike betrokkenheid, veral in terme van geloofsvorming, tussen Graad Tien tot Twaalf.

**Vraag 4: Waar, sou jy sê, pas geloofsvorming binne die bedienings van die gemeente in?**

Hier was weereens groot ooreenstemming tussen die response by altwee ouer-groepe, sowel as die een groep Graad Elf's. Hulle het aldrie kleingroepe, soos Bybelstudie-, sel- en tienergroepe, asook eredienste, genoem as plekke waar hulle voel geloofsvorming moet plaasvind. Die een Graad Elfgroep het onder hul eerste drie keuses ook , "by jouself", beskou as 'n belangrike plek waar geloofsvorming moet plaasvind, terwyl die ouers ook uitreik na mense in nood beskou het as 'n belangrike plek waar geloofsvorming moet plaasvind.

Die ander groep Graad Elf's het bly fokus op die realiteit, naamlik – vind daar wel iewers binne die gemeente se bedienings geloofsvorming plaas. Hulle groep het "nêrens" beskou as hul belangrikste respons, terwyl hulle tog wel op die ou end besluit het dat daar geloofsvorming tydens die lofprysing en aanbidding in die kerk plaasvind.

Wat uit die response van albei groepe duidelik blyk, is dat hulle geloofsvorming tog grootliks beperk tot die amptelike "leer-geleenthede" binne die kerk, byvoorbeeld, kleingroepe en die eredienste. Wat wel verblydend is, is dat die ouers tog gevoel het dat geloofsvorming ook plaasvind deur die uitreik na ander, deur, onder andere, diensgeleenthede en omgee-uitreikgroepe.

Indien geloofsvorming gesien word as iets wat die potensiaal het om plaas te vind tydens die totale gemeente-bedienings en gemeentelewe (vergelyk Strommen&Hardel 2000:104, Pazmiño 1994:40-41,www.generationsoffaith.org. 2005:3), is daar, volgens die navorser, rede om besorg te wees, wanneer hierdie twee groepe se response ernstig opgeneem word.

Van die redes wat Foster (1994:23-35) in sy boek Educating Congregations noem, hoekom geloofsvorming nie plaasvind soos dit moet binne gemeentes nie en (beklemtoning en byvoeging deur skrywer) *hoekom graad Elf's soos hierbo genoem, kan voel dat daar basies nêrens, of net binne sommige eredienste en tienergroepe in die gemeente, geloofsvorming plaasvind, is die volgende:* (a) met al die geïsoleerde bedienings binne die kerk (skrywer se byvoeging), is daar 'n verlies aan gesamentlike herinneringe binne die gemeentelewe. Sommige kinders en adolessente deel nie in die gemeentelewe waar ons geloof gevier word en waar die gemeente as geloofsfamilie saam deel in die stories en simbole van ons geloof, stories en feeste uit die Bybelse tye, maar ook in die lewe van die gemeente hier en nou, nie. Dis eers wanneer daar gemeenskaplike herinneringe, stories, simbole en feeste gedeel word, dat daar sprake kan wees van 'n geloofsgemeenskap waar geloofsvorming plaasvind; (b) dit wat oor die Bybel geleer word, in verskillende situasies, word nie relevant gemaak vir kinders en adolessente se alledaagse lewe nie; en (c) in die meeste kerke is daar geen strategie vir geloofsvorming nie en word dit, volgens die navorser, grootliks beperk tot die "kategese", wat maar net gerig is op kinders vanaf voorskool tot Graad Elf.

Indien kinders en adolessente nooit deel het aan die bou van gedeelde herinneringe rondom hul geloof en rondom verskillende bedienings binne die gemeente nie, kan dit ons dan verbaas dat hulle voel dat daar weinig geloofsvorming binne die kerk plaasvind?

**Vraag 5: Wat is die rol van ouers in die geloofsvorming van hul kinders?**

Een gemene respons wat by die ouer-groepe, sowel as by die Graad Elf's uitgekom het, was dat ouers se lewe vir hul kinders 'n voorbeeld moet wees.

Ouers het ook gebed en betrokkenheid by hul kinders se geloofsopvoeding by die kerk, byvoorbeeld deur hulp met kampe, of as volwasse begeleiers, beskou as 'n belangrike rol. Die Graad Elf's het weer gevoel dat die fondament wat ouers moet lê in hulle kinders se geloof, belangrik is en dat hulle veral staatmaak op hul ouers se ondersteuning op hulle geloofspad.

Dit is tog vir my verblydend dat die ouers in albei groepe baie sterk gevoel het oor hul rol as ouer in die begeleiding van hul kind/ers se geloofsvormingsproses en dat hulle besef dat die *voorbeeld* van hul eie lewe 'n belangrike rol speel in hul kinders se geloofsvorming. Dit kan wel wees dat hierdie die response is van regtig toegewyde ouers binne die twee gemeentes en nie 'n baie akkurate weerspieëling is van die gemiddelde ouer se reaksie nie.

Wat baie duidelik was, is dat ouers se voorbeeld deur hul lewe vir beide groepe Graad Elf's baie belangriker was as enige spesifieke iets wat ouers moes doen, soos Bybellees, huisgodsdiens, ensovoorts. Die gebruik van woorde soos ”liefde, konsekwentheid, standvastigheid, konstandheid en getrouheid” beklemtoon, volgens die navorser, iets van adolessente se behoefte aan iets wat vas en seker is midde in al die onsekerhede en veranderinge rondom hulle. Die kommentaar wat beide die groepe Graad Elf's gelewer het, is waardevolle kommentaar vir ouers wat dikwels nie besef dat die voorbeeld van hul lewe vir kinders en adolessente, maar veral vir

adolessente binne hulle ontwikkelingsfase, belangriker is as ‘n klomp goed wat die ouers moet doen om hul kinders se geloof te help vorm nie. Veral vir ouers wat toenemend al hoe besiger word, onder groter druk verkeer en voel dat hulle as ouers nie genoeg *doen* met betrekking to hul kinders se geloofsvorming nie, kan dit tot ‘n sekere mate ‘n verligting wees.

Frederick en Alta Marais (2002:91) skryf dat die Doopformulier eintlik reeds vir ons die antwoord gee oor wie die grootste en belangrikste rol in kinders se geloofvorming moet speel en dat ons nooit binne die kerk hierdie belangrike rol by hulle mag oorneem nie. Indien daar vroeër in die tesis reeds geskryf en bevestig is dat, volgens die woord van God, ouers primêr verantwoordelik is vir hul kind/ers se geloofsvorming, wat doen die kerk om hulle toe te rus en te ondersteun in hierdie taak?

**Vraag 6: Wat verwag jy van die kerk met betrekking tot jou kind/ers (of jou eie-indien dit Graad Elf’s was) se geloofsvorming?**

Hier het die twee vrae ietwat verskil van mekaar, aangesien die Graad Elf’s nog nie kinders het nie en dus eerder hier vertel het wat hulle verwag ten opsigte van hul eie geloofsvorming (hulle is tog hul ouer/s se kind/ers!).

Albei groepe het ondersteuning en beskikbaarheid van die kerk verwag. Vir ouers was dit belangrik dat die kerk hul kinders laat welkom voel en laat deel voel van die gemeente, asook dat daar goeie kategese moet wees. Navorsing wat deur Search Institute gedoen is oor effektiewe geloofsvorming (Strommen & Hardel 2000:113) bevestig dat, twee van die belangrikste eienskappe van die gemeentelewe wat bydrae tot geloofsvolwassenheid by adolessente, onder andere, ‘n ervaring van die gemeente as geloofsfamilie, sowel as formele Christelike onderrig is. Hulle derde belangrikste respons was dat hulle tog ook verwag dat die kerke kampe en jeugbyeenkomste vir die kinders sal hou. Die woorde, “laat welkom voel”, “laat deel voel”, “laat tuis voel”, “betrek” en ”beskikbaar wees,” wat telkens by albei die groepe genoem

is, sê definitief, volgens die navorser, iets van ouers se besef van die rol van die breë geloofsfamilie in kinders se lewe en dat ouers besef dat hulle kinders 'n behoefte het om te voel hulle "behoort" iewers. Dit was opvallend dat die klem by die ouers geval het op die "wees-funksie" van die kerk, meer as op die "doen-funksie" van die kerk – as 'n geloofsfamilie waar kinders en adolessente kan tuis, welkom en deel voel. Die aktiwiteite het eers daarna gevolg.

Die Graad Elf's het weer meer klem geplaas op die behoefte dat die kerk geduld met hulle moet hê en dat die kerk kontemporêr, gemaklik en in pas met die tyd moet wees en begrip moet toon wanneer hulle ander kerke wil gaan bywoon en wil eksperimenteer met ander aanbiddingstyle. De Vries (2004:142) skryf dat dit 'n normale deel van adolessente ontwikkeling is, om 'n paradoksale behoefte te hê aan kontinuïteit in hul lewe, sowel as 'n behoefte aan die wegbeweeg en vorming van hul eie geloof. Hy skryf verder dat die natuurlike behoefte aan "verwydering uit die wêreld van volwassenes" by adolessente 'n gesonde en nodige proses is. Wat nie gesond of normaal is nie, is die verwaarlosing van adolessente deur volwassenes. Ons moet nie die proses van identiteitsvorming gebruik as verskoning om ons verantwoordelikheid vir die voed en groei van die volgende generasie, te verwaarloos nie. Jongmense het volwassenes binne die geloofsfamilie nodig om te groei tot geestelike volwassenheid.

**Vraag 7: Wat verwag jy van die kerk met betrekking tot die geloofsvorming van julle as familie?**

Een ding wat by die response van die Graad Elf's, sowel as die ouers ooreenstem, is die behoefte aan ondersteuning vir families, veral dié in krisis, maar ook net belangstelling. Die behoefte kan nie geïgnoreer word nie. Dit blyk 'n universele behoefte te wees by ouers, sowel as adolessente. Dit kan in aansluiting wees met wat Nel (1998:42-47), sowel as De Vries (2004:35-58) skryf oor die toenemende druk waaronder vandag se families verkeer, asook

nuwe uitdagings en probleme binne families. Die behoefte aan persoonlike ondersteuning en begeleiding kan dus, as gevolg van hierdie faktore en toenemende druk, groter word.

Dit is ongelukkig so dat families, volgens die navorser, baie selde die kerk ervaar as ‘n ondersteunende en belangstellende geloofsfamilie wat daar is in tye van nood. Ook is daar nie altyd proaktiewe leiding en ondersteuning, asook begeleiding vir families ten opsigte van hul funksionering in hul alledaagse lewe nie.

### 4.6. Samevatting

Die grootste deel van die resultate van die empiriese navorsing was nie vir die navorser ‘n groot verrassing nie, maar wel ‘n bevestiging van navorsing wat deur Search Institute gedoen is en waarna heelwat in die tesis verwys is. Dit was egter ‘n wonderlike belewenis om te kon vasstel of daar ooreenkomste of verskille is in tendense wat oorsee waargeneem is met wat ons in George binne die Ned. Geref. Kerk beleef.

Die volgende tendens het, volgens die navorser, uitgestaan:

Sowel ouers as Graad Elf’s binne die twee gemeentes beskou geloofsvorming as ‘n lewenslange proses van geloofsgroei wat nooit ophou nie en wat moet gestalte kry in die alledaagse lewe. Dit is, volgens hulle, dus baie meer as net kategese. Daar kan dus nie gesê word dat geloofvorming gelyk aan kategese is nie. Dit ondersteun dan wat Bijlsma in die boek, Kleine Catechetiek (1962:11), jare gelede reeds geskryf het, naamlik dat dit handel oor ‘n proses om mense voor te berei om as gelowiges in die wêreld te gaan leef.

‘n Tweede tendens wat uitgestaan het, is die rol wat ouer/s, familie, asook die breë geloofsfamilie in mense se geloofsvorming speel. Dit het ook geblyk dat die rol van die geloofsfamilie in die vorm van kleingroepe ‘n al hoe belangriker rol in mense se lewens speel soos hulle ouer word en nie meer in hul

ouerhuise bly nie, maar hul eie families het. Dit was ook opvallend dat baie min enigsins verwys het na die rol wat enige kerklike jeugaksies in hul geloofsvorming gespeel het. Wat ook ‘n verblydende waarneming was, was ouers se gevoel dat hul kinders ‘n invloed het op hul geloofsvorming as ouers, dit wil sê, dat daar wel ouers is wat hul kinders sien as meer as net ‘n objek van bediening, maar as mense deur wie die Here hulle kan bedien.
Dit was ook opvallend dat die Graad Elf’s omtrent glad nie verwys het na die kerk, of enige bediening van die kerk, as ‘n huidiglike invloed in hul geloofsvorming nie.

Die ouers, sowel as die Graad Elf’s, het geloofsvorming meestal ingedeel onder die meer tradisionele “leer-geleenthede” wat binne gemeentes voorkom, byvoorbeeld die eredienste en kleingroepe, soos kategese of Bybelstudie- en selgroepe. Sommige ouers het wel gevoel dat geloofsvorming ook kan plaasvind wanneer uitgereik word na ander mense in nood. Dit het die navorser se vermoede bevestig, dat baie mense geloofsvorming beperk tot die meer amptelike leer-geleenhede en nie regtig besef dat elke bediening binne die gemeente die potensiaal het om by te dra tot mense se geloofsvorming. ‘n Ontstellende waarneming was die een Graad Elf groep se respons dat daar, volgens hulle, nêrens binne die gemeente geloofsvorming plaasvind nie.

Wat uitgestaan het in terme van ouers se rol in hul kinders se geloofsvorming, was die belangrikheid van ouers se voorbeeld en hul ondersteuning – baie meer as enigiets wat hulle moet doen.

Nog ‘n belangrike tendens wat voorgekom het, was die behoefte aan ondersteuning, beskikbaarheid en leiding wat verwag word van die kerk, ten opsigte van die geloofsvorming van kinders, maar ook ten opsigte van families. Dit wil tog voorkom of ouers en families ‘n ontsettende groot behoefte het aan ondersteuning en beskikbaarheid – dit was ‘n baie duidelike respons by die ouers, sowel as by die Graad Elf’s.

Om saam te vat, dit lyk tog dat die pad van geloofsvorming loop deur die ouers, deur die familie, met ‘n ondersteunende rol van die kerk se kant af. Die vraag van die navorser is dan: Indien dit die geval is, waar spandeer die kerk die meeste aandag? Help die kerk ouers en families om plekke te wees waar geloofsvorming kan plaasvind, of probeer die kerk steeds om maar die rol van die ouer en die familie oor te neem?

**Hoofstuk 5: Navorsingskonklusies en bevindinge**

## 5.1. Inleiding

Voordat die navorsingskonklusies en bevindinge bespreek word, gee die navorser net weer ‘n kort opsomming van die probleem rondom kategese en geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk, soos reeds in die eerste hoofstuk bespreek:

*Met die ontwikkeling van die destydse “sondagskool” en die daaropvolgende ontwikkeling van kategese as deel van die jeugbediening, het daar dus, na die navorser se opinie, die persepsie ontstaan dat geloofsvorming gelyk is aan kategese, dat dit slegs beperk is tot kinders en adolessente en dit wat binne die kategese plaasvind en dat die proses afgehandel is wanneer adolessente belydenis van geloof aflê. Daar het so ‘n kultuur ontstaan waar daar weinig sprake is van ‘n voortdurende proses van geloofsvorming, wat voortduur regdeur tot by volwassenes en bejaardes. Geloofsvorming word sodoende grootliks beperk tot ‘n bepaalde bediening binne die gemeente, naamlik, die kategese.*

Met die bostaande as agtergrond, tesame met die empiriese navorsingsbevindinge, asook die lireratuurstudie, het die navorser tot die volgende konklusies gekom:

### *5.1.1. Geloofsvorming is ‘n voortgaande proses.*

Volgens Prins (1995:24) is geloofsvorming die *totale proses* waardeur *iemand* (kinders, sowel as volwassenes en bejaardes – skrywer se eie beklemtoning) leer om God Drieënig te ken, lief te hê en te dien. Dit sluit alle persone, invloede en prosesse in wat bewustelik of onbewustelik daarby betrokke is en betrek word.

Schippers (in Viljoen 1994:438) som dit goed op met die volgende woorde:

”Maar in de catechese gaat het eigenlijk om leren, leren, leren, als christen een leerhouding aan te nemen waarin de verbondenheid aan Jezus Christus in een levenslang proces wordt verdiept.”

Dingemans (in Viljoen 1994:438) sluit hierby aan wanneer hy hierdie voortgesette toerusting van lidmate beskryf as “education permanente” – toerusting wat lewenslank voortduur.

Wanneer die plek van geloofsvorming binne die Ned. Geref. Kerk bespreek word, vind die navorser haar baie tuis by Prins (1995:73-75) se uitgangspunt dat kategese nooit bedoel was om ‘n geïsoleerde bediening te wees wat slegs vir kinders bedoel was nie, maar as deel van die totale bediening van geloofsvorming van die gemeente, wat kinders en volwassenes insluit.

Die response wat tydens die empiriese navorsing, van die ouers, sowel as die adolessente verkry is, bevestig die bostaande siening. Ook die ouers en adolessente het geloofsvorming gesien as ‘n lewenslange proses van groei in jou verhouding met die Here – om meer en meer verander te word na Sy beeld.

### *5.1.2. Die rol van gelowige ouers en familie in kinders se geloofsvorming.*

Marais (2002:91) skryf in die boek, Familie is ‘n Werkwoord, dat een van die paradigmaskuiwe wat gemeentes sal moet maak, die volgende is:

> *Familie as die primêre plek van geloofsvorming by kinders en jongmense* – Ons sal die bedienings moet inrig dat families nie net in naam deel uitmaak van die proses van geloofsgroei nie, maar totaal daarin oopgeneem raak. Kragtens die Doopbelofte wat ouers maak wanneer hul kinders gedoop word, kan die sentrale en primêre rol wat die familie moet inneem in kinders se geloofsvorming, nie van hulle af weggeneem word nie.

Die waarde en invloed van ouers wat 'n lewende verhouding met Jesus Christus het en dit elke dag waar leef, word bevestig deur navorsing wat deur Search Institute gedoen is. In die boek, Passing on Faith (Strommen&Hardel 2000:98), wat reeds in 'n vroeër hoofstuk bespreek is, word merkbare verskille uitgewys tussen geloofsbelewenisse en uitlewing van geloof by kinders wie se ouers hul geloof in die familie waargeleef het en kinders wie se ouers nie hul verhouding met Jesus elke dag waargeleef het nie.

Hierdie navorsing is bevestig deur navorsingsresultate wat by die fokusgroepe met ouers, sowel as Graad Elf's uitgekom het. Albei hierdie groepe het baie sterk gevoel oor die sentrale rol wat ouers in die geloofsvorming van hul kind/ers speel. Die Graad Elf's het selfs gevoel dat ouers steeds die primêre rol in hul geloofsvorming speel – hulle wou net nie hê hul ouers moes dit weet nie.

Wat die navorser egter rede gee tot kommer, is dat ouers nie werklik toegerus word om hul kinders te begelei in 'n proses van geloofsvorming nie. Al hoe meer kerke besef, soos reeds in vroeër hoofstukke vermeld, dat die verantwoordelikheid van kinders se geloofsvorming weer primêr moet skuif na die familie, maar die realiteit is, volgens die navorser, dat ouers nie meer toegerus is vir hierdie taak nie.

#### ***5.1.3. Die rol van die breë geloofsfamilie in kinders se geloofsvorming..***

Volgens Prins (1990:76) speel die gemeente as geloofsfamilie 'n al groter rol in die kind se lewe soos die kind groter word. Dit is

belangrik dat die kind sy/haar identiteit en rol vind as deel van die liggaam van Christus. Dit is binne die geloofsgemeenskap van die gesin en die gemeente waar ‘n groot deel van die kind se geloofsvorming plaasvind. Prins (1990:76) beskryf hierdie proses van ingroei in die lewenstyl en waardes van die gemeente, as sosialisering.

Die navorser stem saam met Prins (1990:78) dat hierdie breër konteks van die huisgesin en gemeente, waarbinne geloof “geleer” word, grootliks ontbreek in die meeste kinders se lewens.

Die navorser sluit aan by De Vries, met een van sy aanhalings: “ Every Christian teenager (or child) needs an extended family of Christian adults – adults who can be part of the “cloud of wittnesses” that cheers him or her on. And the church should be the primary vehicle through which teenagers (and children) are exposed to the adults who make up their extended family in Christ (de Vries 1994:79).”

Ongelukkig dink die navorser nie dat die potensiaal wat daar in die breë geloofsfamilie is, veral wat kinders se geloofsvorming betref, benut en uitgebou word nie. Geloofsvorming by kinders is meestal nog beperk tot dit wat in die kategese plaasvind en daar is min integrasie tussen dit wat by die kategese plaasvind en dit wat in die res van die gemeente-bediening en in die ouerhuise plaasvind.

Ouers het tydens die empiriese navorsing gevoel dat die breë geloofsfamilie hulle help in hul geloofsvorming, deur middel van verskillende kleingroepe.

#### *5.1.4. Die rol van kerklike kinder- en jeugaksies.*

De Vries (2004:22-23) skryf dat hy in al die jare van sy jeugbediening gevind het dat al die kinder- en jeugaksies by die kerk glad nie so ‘n groot invloed op adolessente se geloofsvorming gehad het, soos wat hulle gehoop het nie. Vir adolessente wat in families grootgeword het waar ouers Jesus Christus elke

dag waar geleef het, was die jeugaksies net iets aanvullend waarsonder hulle kon klaarkom. Vir adolessente wat nie in ouerhuise grootgeword het nie, was dit ‘n “geloofsfamilie” wat net ruimte vir hulle gehad het terwyl hulle nog op skool was. Na skool het hulle dikwels uit die kerk verdwyn, aangesien daar geen integrasie tussen die jeugaksie en gewone gemeentelewe was nie.

Die navorser stem saam met de Vries (2004:22-23) dat dit tog lyk of die uur-‘n-week jeugaksies van die meeste gemeentes nie daarin slaag om op die langtermyn adolessente te help om te groei tot volwasse gelowiges nie.

Tydens die empiriese navorsing het die navorser ook bevind dat veral die Graad Elf’s nie gevoel het dat die jeugaksies by die kerk so ‘n belangrike rol speel in hul geloofsvorming nie, maar baie sterker gevoel het oor die rol van die ouers en die lewe binne die breë geloofsfamilie.

### *5.1.5. Die rol van kleingroepe, byvoorbeeld selgroepe en Bybelstudiegroepe.*

Burger (1999:231) beskryf die rol wat koinonia, as een van die bedienings binne die gemeente speel, as volg:

Met koinonia word alle ondersteunende en gemeenskapskeppende aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer, waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende en helende krag van die Evangelie ervaar, bedoel. Dit handel hier oor mense wat in verhoudings met mekaar staan, vir mekaar omgee, verantwoordelikheid neem vir mekaar en so leer om lief te word vir mekaar soos wat Christus ons beveel.

Tydens die fokusgroepe met die ouers het die rol wat kleingroepe in hul geloofsvorming speel, baie sterk na vore gekom. Dit is binne die verhoudings in die kleingroepe waar hulle ervaar dat hulle as gelowiges saam kan groei en geloofsfamilie vir mekaar kan wees.

### *5.1.6. Kinders en adolessente as mede-bedienaars*

Wanneer daar na, veral die Nuwe Testamentiese geskrifte gekyk word, staan die radikaliteit van Jesus se uitsprake ten opsigte van kinders uit. Kinders word nie net as onderdaniges gesien nie, maar as mede-gelowiges saam met volwassenes. Kinders moet nie slegs gevorm word nie, maar moet ook as voorbeeld nagevolg word. Hulle word as mense gesien met 'n kapasiteit vir geestelike wysheid – hulle is verteenwoordigers van Christus. Jesus het nie net geleer hoe 'n wêreld meer kindervriendelik ingerig kan word nie; Hy het 'n sosiale konteks verkondig wat gedeeltelik deur en rondom kinders georganiseer word. Hy het nie die kinders uitgenooi om na Hom toe te kom, net sodat Hy hulle by die volwasse lewe kan inlyf nie, maar sodat hulle kan ontvang wat aan hulle behoort – die koninkryk van God (Bunge 2001:60).

Tweedens, blyk dit ook duidelik uit die Skrif dat kinders in die lering van Jesus 'n baie belangrike rol gespeel het – nie net as "minderwaardige, minderjarige" ontvangers van die Evangelie nie, maar ook as medewerkers in die uitdra van die Evangelie en as verteenwoordigers van Christus in hierdie wêreld.

In Artikel 50:2 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk, waar dit handel oor die Jeugbediening, word daar tog, volgens die navorser, 'n baie positiewe stelling gemaak, wanneer daar gesê word dat die bediening aan die jeug 'n integrale deel van die omvattende gemeentelike bediening is, asook dat hierdie bediening aan én deur die jeug geskied. Hierdie beginsel beklemtoon tog weer dat kinders en volwassenes gelyke vennote in die saak van God op aarde is. Hulle word nie eers later, (wanneer hulle belydenis van geloof afgelê het), vennote in God se saak nie. Hulle word nou reeds deur God, as deel van sy gemeente en deel van Sy plan, ingeskakel (Jeugbedieningshandleiding no.1 1989:7-8).

Die siening van kinders as volwaardige gelowiges en vennote in die uitdra van die Evangelie, is bevestig deur ouers, tydens die empiriese navorsing. Die ouers het tydens gesprekke in die fokusgroepe vertel dat hul kinders 'n rol speel in hul geloofsvorming as ouers en hulle daarmee help.

### *5.1.7. Ouers as die belangrikste rolspelers in adolessente se geloofsvorming.*

Verskeie skrywers bevestig die belangrike rol van ouers, sowel as die breë geloofsfamilie in die geloofsvorming van kinders en adolessente (Prins 1995:75-76;Roehlkepartain 1993:57-71&167-179 en Marais 2002:90-91).

Volgens de Vries (2004:62) het ‘n ondersoek wat deur USA Weekend onder 250 000 adolessente gedoen is, getoon dat 70% van die adolessente hul ouers steeds beskou as die mense wat die grootste invloed op hul lewens het. Volgens de Vries (2004:63) is ouers se impak op die geloofsvorming van hul kinders veral opmerklik. Navorsing het getoon dat ouers wat net met hul kinders by die huis oor hul geloof praat en saam met hul kinders betrokke raak by diensgeleenthede aan ander, hul kinders se kanse om hul geloof eendag as volwassenes uit te leef, kan verdubbel en soms vertrippel.

Die steeds belangrike rol wat ouers speel in die geloofsvorming van adolessente, is tydens die empiriese navorsing bevestig. Dit was opvallend en bemoedigend dat die Graad Elf’s gevoel het dat hul ouers steeds die belangrikste rol speel in hul geloofsvorming, al wou hulle nie hê dat hul ouers dit moet weet nie.

### **5.1.8. *Geloofsvorming beperk tot amptelike leergeleenthed.***

Harris (1989:41-43) stel ‘n komprehensiewe benadering tot geloofsvorming voor, wat gewortel is in die totale gemeentelewe. Sy skryf dat die kerk se bediening van geloofsvorming, so ver terug as Handelinge 2:42-47, bestaan het uit vyf vorme, naamlik didache, koinonia, kerugma, diakonia, asook leitourgia. Slegs wanneer geloofsvorming op al hierdie bedienings gerig is en deur elkeen van hulle plaasvind, kom die bediening van geloofsvorming tot sy reg.

Ook die “Generations of Faith”-benadering tot geloofsvorming (www.generationsoffaith.org 2005) beskou die kerk as ‘n leergemeenskap en vind geloofsvorming binne al die gemeente-bedienings plaas.

Die empiriese navorsing wat deur die navorser onderneem is, het egter uitgewys dat ouers, sowel as adolessente, steeds geloofsvorming meestal beperk tot die meer "tradisionele" leer-geleenthede binne die kerk, byvoorbeeld kategese, Bybelstudie- en selgroepe, asook die eredienste. Een van die ouergroepe het wel melding gemaak dat hulle ook glo geloofsvorming kan plaasvind wanneer gelowiges uitreik na mense in nood.

Die navorser glo dat die rede vir bogenoemde kan wees dat geloofsvorming binne die kerk nog grootliks beperk word tot sekere bedieninge en dat daar nog nie werklik binne die Ned. Geref. Kerk meer omvattend oor die bediening van geloofsvorming besin is nie.

### *5.1.9. Ouers se voorbeeld en uitleef van konsekwente Christelike waardes en geloof.*

Margaret Krych ( in Strommen & Hardel 2000:83) skryf die volgende in 'n tydskrif aan onderwysers, wat net so op ouers van toepassing is:
" [Fathers], faith is a whole person response. Children need to see your whole-person response to God's action in Christ; not only your words, but also your attitudes, your behavior, your participation in worship, your enthusiasm in witnessing. Children quickly sense when there is a depth of quiet faith and the serenity that comes from a life of prayer and meditation on the Scripture."

Die navorser wil saam met Krych stem dat die belangrikheid van 'n geloof wat uitgeleef word in die alledaagse lewe, baie belangrik is. Dit wil veral voorkom asof adolessente 'n groot behoefte het aan volwassenes wat met integriteit leef en vir hulle deur hulle lewe 'n voorbeeld stel van hoe 'n Christen moet leef. Dit was een van die belangrikste verwagtings wat die Graad Elf's van hul ouers gehad het ten opsigte van hul rol in hul kind/ers se geloofsvorming.

### *5.1.10. Die kerk as ruimte waarbinne adolessente welkom voel en aanvaar word.*

Navorsing wat deur Search Institute (Strommen & Hardel 2000:158-185) gedoen is, het agt faktore wat van gemeentes ‘n familie maak, uitgelig. Een daarvan is die volgende:

- *‘n Omgewing van omgee* – jongmense voel vinnig aan wat die atmosfeer in ‘n gemeente is. ‘n Atmosfeer van aanvaarding, warmte, samebinding en vryheid, trek hulle nader.

Ook tydens die empiriese navorsing het die Graad Elf’s, asook hul ouers, baie sterk gevoel oor hul behoefte dat die kerk vir adolessente ‘n plek moet wees waar hulle voel hulle is welkom, word aanvaar en word deelgemaak.

Tog wil die navorser aansluit by Mark de Vries (1994:22) wat sê dat adolessente meestal net deel voel van die jeugaksies en –groepe van die kerk, wat normaalweg heeltemal los van die res van die gemeente-bediening plaasvind. Min adolessente voel deel van die groter geloofsfamilie, aangesien hulle grootliks geïsoleerd van die groter gemeente bedien word. Wanneer hulle dus klaarmaak met die jeuggroep aan die einde van hul skoolloopbaan, voel hulle heel dikwels glad nie deel van die breër gemeente nie.

### ***5.1.11. Die behoefte aan ondersteuning, begeleiding en belangstelling van die kerk teenoor families.***

Verskeie skrywers beklemtoon die feit dat families vandag, as gevolg van verskeie faktore, byvoorbeeld ekonomiese druk, verskillende samestellings, ouers wat albei werk, onder toenemende druk verkeer en ‘n al groter behoefte het aan die kerk se ondersteuning, begeleiding en belangstelling (vergelyk Marais 2002:16, Olson & Leonard 1996:95 en de Vries 2004:193).

Tydens die empiriese navorsing wat deur die navorser gedoen is, was die bostaande een van die belangrikste verwagtings wat ouers, sowel as die Graad Elf’s, van die kerk gehad het ten opsigte van hul geloofsvorming as familie.

**5.1.12*. Die verskillende generasies binne die geloofsfamilie het mekaar nodig in hul proses van geloofsvorming.***

'n Nuwe benadering tot geloofsvorming wat ontwikkel is deur die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die Katolieke kerk in Amerika en Kanada, (www.generationsoffaith.org 2005) beklemtoon juis die idee van geloofsvorming wat 'n voortdurende proses is, mense van alle ouderdomme en generasies insluit en plaasvind binne al die bedienings van die gemeente. Die volgende twee punte vorm deel van die benadering wat hulle volg;

- Om die fokus te skuif weg van 'n "slegs kinders"-benadering deur die implementering van 'n proses van lewenslange geloofsvorming vir alle ouderdomme en generasies, insluitende en veral ook, volwassenes.

- Die verandering van die skeiding van verskillende ouderdomme van mekaar, deur die implementering van intergenerasionele geloofsvorming – om mense van verskillende generasies aan mekaar te verbind deur leerprogramme en gemeente-deelname.

Ook Chap Clark (1997:27-29), sowel as ander skrywers (vergelyk Marais 2002:88-95 en Strommen & Hardel 2000:158-185), beklemtoon die gedagte dat verskillende generasies mekaar nodig het en by mekaar kan leer in die hele proses van geloofsvorming.

Binne die Ned. Geref. Kerk is die verskillende generasies, volgens die navorser, vir so lank van mekaar geskei in die bediening binne die kerk, dat die geloofsvormingspotensiaal wat daar binne so 'n inter-generatiewe geloofsgemeenskap is, nog glad nie ontgin is nie.

## 5.2. Aanbevelings

Wanneer die navorser aanbevelings maak oor hoe geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief binne die Ned. Geref. Kerk daar mag uitsien, wil sy egter beklemtoon dat die verandering wat moet plaasvind, eerstens 'n paradigmaskuif in die totale benadering van geloofsvorming moet wees en nie die daarstelling van 'n klomp programme nie.

Dit handel oor 'n verandering in perspektief op gemeente-wees, naamlik, hier is ons geloofsfamilie.  Eers hierna kan die vraag gevra word:  Indien ons glo dat ons hier almal deel van die geloofsfamilie is, hoe kan ons geloofsvorming optimaal by gelowiges – oud en jonk – laat plaasvind?  Hoe kan ons die bedienings binne die gemeente so inrig dat daar 'n ruimte is vir geloofsvorming om plaas te vind?

Die navorser vind haar baie tuis by die "Generations of Faith"-benadering tot geloofsvorming (www.generationsoffaith.org 2005) waar wegbeweeg word van die skoolse beskouing tot geloofsvorming - waar grootliks gefokus word op tieners en adolessente– na 'n gemeenskaps- of "hele kerk"- benadering tot geloofsvorming, dit wil sê, *'n benadering waar elke bediening binne die gemeente se potensiaal ontgin word om geloof by mense te vorm.*

Die navorser wil weer belangrike klemverskuiwings van hierdie benadering onderstreep, aangesien hierdie verskuiwings, volgens die navorser, van fundementele belang vir die kerk is:

- Om die fokus te skuif weg van 'n "slegs kinders"-benadering deur die implementering van 'n proses van lewenslange geloofsvorming vir alle ouderdomme en generasies, insluitende en veral ook, volwassenes.

- Die verandering van "begin en ophou"-kategese deur die implementering van lewenslange en voortdurende geloofsvorming – leer vir 'n leeftyd deur deelname aan die aktiwiteite van die gemeentelewe.

- Die verandering van die skeiding van verskillende ouderdomme van mekaar, deur die implementering van intergenerasionele geloofsvorming –

om mense van verskillende generasies aan mekaar te verbind deur leerprogramme en gemeente-deelname.

- Verander die fokus op die “handboek as kurrikulum” deur die ontginning van die byeenkomste en aksies van die gemeentelewe as die kurrikulum vir alle generasies en ouderdomme – deur die “opvoedings”- en veranderingswaarde van die kerkjaar, feesvieringe rondom die sakramente, gemeenskaplike gebed, asook dade van geregtigheid en diens, te ontgin en kategese daar te stel wat almal voorberei om te leer deur deelname aan die byeenkomste van die gemeentelewe.

- Die verandering van die houding om ouers te blameer vir ons huidige situasie – met ander woorde, die familie se geloofslewe is die probleem – deur die geloofslewe van die familie, as integrale deel van die totale proses van geloofsvorming, by die huis te voed.

- Die verandering van kategese as afsonderlike program deur die implementering van ‘n meer omvattende, inklusiewe benadering wat al die bedienings van die gemeente insluit in die proses van geloofsvorming en kategese sien vanuit sy verbintenis met liturgie, sakramente, die kerjaar, geregtigheid en diens, sowel as gebed.

”Generations of Faith” is ‘n innoverende benadering tot geloofsvorming waar die gemeente ‘n leer-gemeenskap word deur die skep van lewenslange geloofsvormingsproses wat sentreer rondom die gemeentelewe, wat alle ouderdomme en generasies omarm en geloofsgroei by die huis ondersteun deur voorbereidingsprogramme van die gemeente en veral, deur deelname aan die gemeentelewe.

Soos reeds vroeër in die verhandeling beskryf, is hierdie benadering grootliks gerig op die gemeentelewe as primêre plek waar geloofsvorming plaasvind, met die ondersteuning, asook die bemagtiging en toerusting van die familie.

Die navorser is van mening dat hierdie benadering veral goed kan gestalte kry in gemeentes waar die realiteit spreek van ouers wat grootliks kerklik onbetrokke is, of oor die jare geleer het om op die kerk te steun vir die geloofsvorming van hul kinders.

Die navorser is egter ook van mening dat die kerk nie die voorreg van ouers, kragtens hul Doopbelofte, om hul kinders self te leer en te begelei in die Christelike lewe, kan oorneem nie. Volgens die Skrif kan en mag die primêre rol wat ouers het in hul kinders se geloofsvorming, nie van hulle af weggeneem word nie.

Die navorser beveel aan dat maniere gevind word om ouers meer en meer deel te maak en te betrek by die benadering wat hierbo beskryf is en ouers toe te rus om hul kinders te kan begelei in hul geloofsvorming. Vir te lank is ouers se rol ten opsigte van hul kinders se geloofsvorming grootliks deur die kerk oorgeneem. Dit is belangrik dat die kerk hierdie voorreg en verantwoordelikheid weer stadig begin teruggee aan die ouers. Ouers sal egter baie goed begelei, ondersteun en toegerus moet word in die proses.

### 5.3. Verdere studie

Die navorser is van mening dat belydenisaflegging, soos dit huidiglik binne die Ned. Geref. Kerk funksioneer, 'n groot struikelblok is vir die skuif na gemeentes wat geloofsvorming sien as 'n lewenslange proses waarvan alle generasies deel vorm. Belydenisaflegging, soos dit huidiglik plaasvind, omtrent aan die einde van adolessente se skoolloopbaan en vir alle praktiese doeleindes, die einde is van die kerk se amptelike betrokkenheid in die geloofsvorming van die adolessent, versterk die "skoolse" siening van geloofsvorming as 'n proses wat begin en eindig en grootliks net op kinders en adolessente gerig is.

Die navorser is van mening dat, indien daar binne die Ned. Geref. Kerk na 'n meer lewenslange en omvattende proses van geloofsvorming beweeg wil

word, daar weer totaal nuut oor die hele saak van belydenisaflegging besin moet word. Die hele saak kon egter nie binne die bestek van hierdie tesis aandag geniet nie.

## 5.4. Samevatting

Samevattend sal die navorser graag twee dinge wou sien: Dat ouers binne die kerk weer beskou word as die persone wat primêr die voorreg en verantwoordelikheid het om hul kinders te begelei in hul geloofsvorming, dat die kerk ouers sal begelei, ondersteun en toerus vir hierdie taak, maar nie die taak by ouers sal oorneem nie.

Tweedens, dat die gemeente, met al sy bedienings, ‘n leer-gemeenskap word deur die skep van ‘n lewenslange geloofsvormingsproses wat sentreer rondom die gemeentelewe, wat alle ouderdomme en generasies omarm en geloofsgroei by die huis ondersteun deur voorbereidingsprogramme van die gemeente en veral, deur deelname aan die gemeentelewe.

Binne so ‘n gemeente wat as geloofsfamilie funksioneer en waar al die gemeente-bedienings as leer- en groeigeleenthede gesien en ingerig word, kan geloof optimaal gevorm en oorgedra word van geslag tot geslag.

## Bronnelys


Abram. 1980. **Volwasseneducatie: Dilemma's en perspectiven.** Meppel: Boom.

**Agenda vir die Twaalfde sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2004.** 10-15 Oktober. Hartenbos.

Bijlsma, R. 1962. **Kleine Catechetiek.** Nijkerk.

Browning, D.S. 1991. **A Fundamental Practical Theology – Descriptive and strategic proposals.** Minneapolis: Fortress Press.

Bunge, M.J. 2001. **The Child in Christian Thought.** Grand Rapids: Eerdmans

Burger, C. 1999. **Gemeentes in die Kragveld van die Gees.** Stellenbosch: Buvton.

Clark, C. 1997. **The Youth Worker's Handbook to Family Ministry.** Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing house.

De Villiers, D.R. 1957. **Die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.**

De Vos, AS. 2002: **Research at grassroots: for the social science and human service.** Pretoria: Van Schaik.

De Vries, M. 1994. **Family Based Youth Ministry.** Illinois: Intervarsity Press.

Dingemans, G.D.J. 1991. **In de leerschool van het geloof: Mathetiek en Vakdidaktiek voor catechese en kekelijk vormingswerk.** Kampen: Kok

Dykstra, C. 1998. **Growing in the life of faith.** Louisville, Ky:John Knox Press.

Faith Incubators. 2005. **Generations in Faith together.** Van: www.faithink.com (28 Julie 2005).

Foster, C.R. 1994. **Educating Congregations.** Nashville: Abingdon Press.

Garland, D. 1995. Strengthening families and churches in turbulent times. **Journal of Family Ministry** 9(1): 5-21.

Generations of faith. 2005. **A New Approach to Faith Formation.** Van: www.generationsoffaith.org (28 Julie 2005).

Giorgi, A. 1995. **Qualitative psychology: A Practical guide to research methods.** London: Thousand Oaks, Califf: SAGE Publications.

Greef, M. 2002. **Information Collection: Interviewing, in Research at Grassroots for the social science and human service**

**professions.** Edited by AS de Vos, Pretoria: Van Schaik Publishers, 291-320, Second Edition.

**Handelinge van die Algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria.** 16 Oktober 1974.

***Handelinge van die Algemene sinode van die Nederduitse*** **Gereformeerde Kerk in Pretoria.** 14-25 Oktober 1986.

**Handelinge van die Algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria.** 11-17 Oktober 1998.

Hanekom, B. 2000. **Hoe leer ons kinders glo?** Wellington: Lux Verbi.BM.

Harris, M. 1989. **Fashion Me a People: curriculum in the Church** Louisville, Ky: John Knox Press.

Hart, C. 1998. **Doing a literature review. Releasing the Social Science Research Imagination.** London: SAGE Publications.

Hendriks, H.J. 2004. **Studying Congregations in Africa.** Wellington: Lux Verbi.BM.

Heyns, L.M. & Pieterse,H.J.C. 1990. **Eerste Treë in die Praktiese Teologie.** Pretoria: Gnosis.

**Jeugbedieningshandleiding vir die Ned. Geref. Kerk no.1: Uitgangspunte.** 1989. Bloemfontein: die NG Kerk Jeugboekhandel.

**Jeugbedieningshandleiding vir die Ned. Geref. Kerk no. 6: Onderrig.**
1990. Bloemfontein: die NG Kerk Jeugboekhandel.

Kerkorde 2002. Artikel 50: **Jeugbediening in Suid-Afrika**

Kleynhans, E.P.J. 1988. **Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962: 'n Kerkhistories Kerkregtelike studie.**

Krueger, R.A. 1998. (d) **Analyzing and Reporting Focus Group Results.** London: SAGE Publications.

Krueger, R.A. 1998. (b) **Developing Questions for Focus Groups.** London: SAGE Publications.

Krueger, R.A. 1998. (a) **Involving Community members in Focus Groups.** London: SAGE Publications.

Krueger, R.A. 1998. (c) **Moderating Focus Groups.** London: Sage Publications.

Louw, D.J. 1997. **Pastoraat as vertolking en ontmoeting.** Kaapstad: Lux Verbi.

Marais, F. 1999. Bussiness Presentation Group.

Marais, F & Marais, A. 2002. **Familie is 'n Werkwoord.** Wellington: Lux Verbi.BM.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. **Metodologie van die**

**Geesteswetenskappe.** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Morgan, D.L. 1997. **Focus Groups as Qualitative Research.** Thousand Oaks, Califf: SAGE Publications.

Morgan, D.L. 1998. **The Focus Group Handbook.** London:Sage Publications.

Morgan, D.L. 1998. **Planning Focus Groups.** London: Sage Publications.

Nel, M. Jeugbediening. 2001. **'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering.** Bloemfontein: Barnabas.

Olson, R.P. & Leonard, J.H. 1996. **A New day for Family Ministry.** The Alban Institute.

Pazmiňo, R.W. 1994 **Foundational Issues in Christian Education.** Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Pieterse, H.J C. 1993. **Praktiese Teologie as kommunikatiewe Handelingsteorie.** Pretoria: RGN-Uitgewers.

Prins, R. 1990. Geïsoleerde Kategese – die dilemma van die kategetiese onderrig. **NG Teologiese Tydskrif.** 31(1): 72-81.

Prins, R. 1995. Die vernuwing van die kategese in die NG Kerk: Die sprong van teorie na praktyk, **NG Teologiese tydskrif.** 36 (1): 24-35.

Richards, L.O. 1983. **A Theology of Children's Ministry.** Grand

Rapids: Zondervan.

Roehlkepartain, E.C. 1993. **The Teaching church.** Nashville. Abingdon
Press: Nashville.

Schippers, K.A. 1982. **Werkplaats catechese: doelbepaling en organisatie Jongerencatechese.** Kampen: Kok

Schweitzer, F. & Van der Ven, A. (eds.) 1999. **Practical Theology – International Perspectives.** Frankfurt and Main:Peter Lang.

Senter, M.H. (Ed) 2001. **Four views of Youth Ministry and the Church.**
Grand Rapids: Zondervan.

Simpson, N.W. 1999. **Traditioning and Reinterpretation: The quest**
**for a methodology for faith-formation.** Phd thesis. University of
Stellenbosch: Stellenbosch.

Strommen, M.P. & Hardel, R.A. 2000. **Passing on the Faith: A radical**
**New model for youth and family ministry.** Winona: Saint Mary's
Press.

Viljoen, D.J. 1994. **Die Dooplidmaatbediening van die Ned. Geref. Kerk 1962 tot 1990 met die toespitsing op die kategese en jeugaksies.** Phd Tesis. Universiteit van Pretoria: Pretoria.